

Werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik beïnvloed

A.H. Thiar
22670777

Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Educationis*
in Leerderondersteuning
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr. J.M. Janse van Rensburg
Hulp-studieleier: Prof. P. Du Toit

Mei 2016

Dit begin alles hier TM

VERKLARING / DECLARATION

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk vervat in hierdie verhandeling my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie voorheen, in geheel of gedeeltelik, aan enige universiteit ingedien het vir 'n graad nie. / *I, the undersigned, hereby declare that the work contained in this dissertation is my own original work and that I have not before, in whole or in part, submitted to any university for a degree.*



Handtekening / Signature

29-10-2015

Datum / Date

Kopiereg © 2016 Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Alle regte voorbehou

Copyright © 2016 North-West University (Potchefstroom Campus)

All rights reserved

VOORWOORD

- Aan my studieleier, dr. Ona Janse van Rensburg, vir al haar hulp, ondersteuning en raad tydens die navorsingsproses.
- Aan my kinders, Jaco, Chantelle en Esméri Thiant, wat nooit vertrou in hul ma verloor het nie.
- Die onderwysers en hoofde van skole waar die navorsing plaasgevind het, baie dankie vir julle samewerking. Sonder julle sou hierdie navorsing nie kon plaasvind nie.
- Baie dankie aan my familie en vriende wat my onderskraag het en my gedurig in hul gebede opgedra het.
- Spesiale dank aan my taalversorger vir die proeflees en taalversorging en my tegniese versorger vir die tegniese versorging van die verhandeling. Dit word opreg waardeur.
- Aan my Hemelse Vader, vir Sy nabyheid, krag en genade.

OPSOMMING

Onderwys in Suid-Afrika gaan deur 'n moeilike tyd met talle uitdagings. Sosiaal-ekonomiese ongelykhede, gebrekkige vaardighede en finansiële struikelblokke is enkele uitdagings wat daaglik deur onderwysers die hoof gebied moet word. Die huidige eise op die terrein van die onderwys in Suid-Afrika beïnvloed toenemend onderwysers se sosiaal-emosionele gesondheid.

Die basis van suksesvolle leer vind in die Grondslagfase plaas. Werkverwante faktore beïnvloed Grondslagfase onderwysers se sosiaal-emosionele welstand. Hierdie studie fokus op die invloed van werkverwante faktore op Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik en hoe dit dié onderwysers se sosiaal-emosionele welstand beïnvloed.

Die doelwitte van die studie was:

1. om die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik te ondersoek; en
2. om werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers beïnvloed, te bepaal.

Kwalitatiewe navorsing met 'n interpretivistiese paradigma is in hierdie fenomenologiese studie gebruik om die navorsingsdoelwitte te bereik. Die deelnemers verteenwoordig die diversiteit in Suid-Afrika: drie verskillende laerskole in die Modimolle-distrik het deelgeneem, naamlik 'n enkelmediumskool, 'n dubbelmediumskool en 'n multikulturele skool in 'n informele woongebied. Twaalf Grondslagfase onderwysers verteenwoordigend van graad R, 1, 2 en 3 en drie Grondslagfase departementshoofde het aan die empiriese data-insamelingsproses deelgeneem. Die deelnemers is in oorlegpleging met die onderskeie skoolhoofde genader om vrywillig deel te neem en het skriftelike toestemming gegee vir hul deelname aan hierdie navorsingstudie.

Die data is by die skole ingesamel deur middel van semi-gestruktureerde individuele onderhoude, oop-einde-vraelyste en observasie. Die transkripsies en ander data het die aard van die sosiaal-emosionele welstand van die onderwysers bepaal en 11 temas is geïdentifiseer wat aandui watter werkverwante faktore die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik beïnvloed.

Sleutelwoorde: welstand, sosiaal-emosionele welstand, werkverwante faktore, Grondslagfase onderwysers, Modimolle-distrik

ABSTRACT

Education in South Africa is going through a tough time with many challenges. Socio-economic inequity, lack of skills and financial obstacles are a few of the challenges that teachers have to resist on a daily basis. The current demands in the field of education in South Africa increasingly affect teachers' socio-emotional health.

The basis of successful learning takes place in the Foundation Phase. Job-related factors affect Foundation Phase teachers' socio-emotional wellbeing. This study focuses on the effect of job-related factors on Foundation Phase teachers in the Modimolle District and how these factors affect these teachers' socio-emotional wellbeing.

The aims of this study were:

1. to investigate the nature of the socio-emotional wellbeing of Foundation Phase teachers in the Modimolle District; and
2. to determine the effects of job-related factors on the socio-emotional wellbeing of Foundation Phase teachers.

Qualitative research with an interpretivist paradigm has been used in this phenomenological study to achieve the research objectives. The participants represent the diversity in South Africa: three diverse primary schools in the Modimolle District participated, namely a parallel-medium school, a dual-medium school and a multicultural school in an informal settlement. Twelve Foundation Phase teachers, representative of grade R, 1, 2 and 3, and three Foundation Phase heads of department participated in the empirical data collection process. Participants were approached, in consultation with various principals, to participate voluntarily and gave written consent to participate in this research study.

Data were collected at the schools by means of semi-structured individual interviews, open-ended questionnaires and observations. Transcriptions and other data determined the nature of the socio-emotional wellbeing of the teachers and 11 themes were identified that indicate what job-related factors affect the socio-emotional wellbeing of Foundation Phase teachers in the Modimolle District.

Keywords: wellbeing, socio-emotional wellbeing, (occupational) job-related factors, Foundation Phase teachers, Modimolle District

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING / DECLARATION.....	i
VOORWOORD	ii
OPSOMMING	iii
ABSTRACT.....	iv
LYS VAN TABELLE	x
LYS VAN FIGURE	xi
LYS VAN AFKORTINGS EN AKRONIEME.....	xii
HOOFSTUK 1.....	1
INLEIDENDE ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING	1
1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING.....	1
1.2 LITERATUUROORSIG	3
1.2.1 Welstand	3
1.2.2 Faktore wat sosiaal-emosionele welstand beïnvloed	3
1.2.3 Die onderwyser	4
1.2.3.1 <i>Grondslagfase onderwysers</i>	5
1.2.4 Teoretiese raamwerk.....	5
1.3 NAVORSINGSVRAE.....	7
1.4 NAVORSINGSDOELSTELLINGS	7
1.5 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE.....	7
1.5.1 Navorsingsontwerp en -paradigma.....	7
1.5.2 Navorsingsmetodologie.....	8
1.5.2.1 <i>Literatuurstudie</i>	8
1.5.2.2 <i>Deelnemers</i>	9
1.5.2.3 <i>Data-insameling</i>	9
1.5.2.4 <i>Data-analise</i>	9
1.5.2.5 <i>Vertrouenswaardigheid</i>	10
1.5.2.6 <i>Die rol van die navorser</i>	10
1.5.2.7 <i>Etiese aspekte van die studie</i>	10
1.6 BYDRAE VAN DIE NAVORSINGSTUDIE	11
1.7 HOOFSTUKINDELING	11
1.8 SAMEVATTING	12

HOOFSTUK 2.....	13
SOSIAAL-EMOSIONELE WELSTAND VAN DIE GRONDSLAGFASE ONDERWYSER.....	13
2.1 INLEIDING.....	13
2.2 DIE KONSEP VAN SOSIAAL-EMOSIONELE WELSTAND.....	13
2.2.1 Begripsverklaring: welstand.....	13
2.2.2 Fasette van welstand	13
2.2.2.1 Fisiese welstand.....	14
2.2.2.2 Verstandelike welstand	14
2.2.2.3 Emosionele welstand	14
2.2.2.4 Sosiale welstand	14
2.2.2.5 Geestelike/spirituele welstand	14
2.2.3 Die onderwysprofessie in Suid-Afrika en welstand	15
2.3 VERSKILLENDE TEORIEË OOR MENSLIKE GEDRAG	16
2.3.1 Gedragsgebaseerde teorie.....	16
2.3.2 Behoeftevervullingsteorie: Maslow	18
2.3.2.1 Maslow se vlakke van behoeftes.....	18
2.3.2.2 Die manifestasie van Maslow se teorie van die hiërargie van menslike behoeftes in die werksplek	19
2.3.3 Alderfer se teorie van bestaan-verband-groei (<i>existence, relatedness and growth: ERG-theory</i>).....	21
2.3.4 Herzberg se twee-faktor-teorie	23
2.3.4.1 Higiënefaktore	24
2.3.4.2 Motiverende faktore.....	24
2.4 DIE GRONDSLAGFASE ONDERWYSER	24
2.4.1 Drie kategorieë van onderwysers	25
2.4.2 Die uitnodigende skool en onderwyser	26
2.5 ONDERWYSOPLEIDING.....	27
2.5.1 Finland	28
2.5.2 Die Verenigde State van Amerika (VSA)	29
2.5.3 Suid-Afrika	30
2.5.3.1 Agtergrond van onderwys in Suid-Afrika.....	30
2.6 ROLLE VAN DIE GRONDSLAGFASE ONDERWYSER.....	30
2.6.1 Agtergrond	30
2.6.2 Beskrywing van die Grondslagfase onderwyser as professionele opvoeder.....	32
2.6.3 Huidige minimum vereistes vir onderwysersopleidingskwalifikasies (2011).....	33
2.6.3.1 Spesialisonderwyser in fase of vakgebied in praktyk.....	33
2.6.3.2 Onderrigbemiddelaar.....	34

2.6.3.3	<i>Leier, administrateur en bestuurder</i>	34
2.6.3.4	<i>Vertolker en ontwikkelaar van leerprogramme en leermateriaal</i>	34
2.6.3.5	<i>Vakkundige, navorser en volgehoue student</i>	34
2.6.3.6	<i>Assessor</i>	34
2.6.3.7	<i>Gemeenskap, burgerskap en beoefening van herderlike sorg</i>	35
2.6.4	Professionele etiese aspek in die Suid-Afrikaanse konteks	35
2.7	DIE WERKSOMGEWING VAN DIE ONDERWYSER.....	35
2.7.1	Bronfenbrenner se ekologiese ontwikkelingsteorie	36
2.7.2	Die skool	38
2.7.3	Die klaskamer	40
2.7.4	Die Grondslagfase onderwyser	40
2.7.4.1	<i>Fisiese eienskappe</i>	41
2.7.4.2	<i>Persoonlike en sosiale vaardighede</i>	41
2.7.4.3	<i>Professionele eienskappe</i>	42
2.8	OORSAKE VAN SOSIAAL-EMOSIONELE NIE-WELSTAND.....	42
2.9	WERKVERWANTE FAKTORE WAT DIE SOSIAAL-EMOSIONELE WELSTAND VAN GRONDSLAGFASE ONDERWYSERS BEÏNVLOED	43
2.9.1	Die Nasionale Kurrikulum.....	44
2.9.1.1	<i>Kurrikulum 2005 (K2005)</i>	44
2.9.1.2	<i>Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV)</i>	44
2.9.1.3	<i>Die Nasionale Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (NKAV)</i>	45
2.9.2	Implikasies van die kurrikulumveranderinge	45
2.9.3	Refleksie op die huidige Suid-Afrikaanse onderwysstelsel	46
2.10	SAMEVATTING	48
	HOOFSTUK 3.....	49
	EMPIRIESE ONDERSOEK.....	49
3.1	INLEIDING	49
3.2	NAVORSINGSPROBLEEM EN -MOTIVERING	49
3.3	DOEL VAN DIE NAVORSING	50
3.4	NAVORSINGSONTWERP	51
3.4.1	Die aard van kwantitatiewe navorsing	52
3.4.2	Die aard van kwalitatiewe navorsing	52
3.5	NAVORSINGSPARADIGMA	54
3.5.1	Kritiese benadering	55
3.5.2	Interpretivistiese benadering	55
3.6	NAVORSINGSMETODE	56

3.7	MODIMOLLE-DISTRIK	56
3.8	KWALITATIEWE DATA-INSAMELING.....	57
3.8.1	Kwalitatiewe data	57
3.8.2	Data-insamelingsprosedure.....	57
3.8.3	Data-analise	59
3.8.4	Betroubaarheid en geldigheid.....	59
3.9	ETIESE ASPEKTE	60
3.10	SAMEVATTING	61
HOOFSTUK 4.....		63
RESULTATE EN BEVINDINGE		63
4.1	INLEIDING	63
4.2	EMPIRIESE DATA	63
4.2.1	Kwalitatiewe data	63
4.2.1.1	<i>Doel van die oop-einde-vraelyste aan Grondslagfase onderwysers</i>	63
4.3	DATA-ANALISE: OOP-EINDE-VRAELYS-TE.....	64
4.3.1	Biografiese gegewens	64
4.3.2	Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA).....	66
4.3.3	Die waarde van JNA-uitslae	67
4.3.4	Huidige onderwysbedeling	67
4.3.5	Oorsaak van werkverwante spanning.....	67
4.3.6	Verbetering ten opsigte van werkverwante spanning.....	68
4.3.7	Werksbevrediging	69
4.3.8	Fisiese gesondheid en energievlakke.....	70
4.3.9	Eise van die huidige onderwysprofessie.....	70
4.3.10	Spanning by die skool	71
4.3.11	Beroepsverandering	71
4.3.12	Wysiging van die nasionale kurrikulum en assessering	72
4.3.13	Skole as veilige plekke	74
4.3.14	Prioriteitslys van werkverwante faktore wat sosiaal-emosionele welstand belemmer	75
4.3.15	Beroepsgeluk	76
4.4	DOEL VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE INDIVIDUELE ONDERHOUDE: DEPARTEMENTSHOOFDE.....	78
4.5	SAMEVATTING VAN BEVINDINGE UIT OOP-EINDE-VRAELYS-TE EN SEMI- GESTRUKTUREERDE INDIVIDUELE ONDERHOUDE.....	84
4.6	SAMEVATTING	86

HOOFSTUK 5.....	87
SAMEVATTING EN AANBEVELINGS	87
5.1 INLEIDING	87
5.2 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUKKE	87
5.3 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUUR	88
5.4 BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK.....	89
5.5 BEPERKINGE VAN HIERDIE STUDIE	90
5.6 GEVOLGTREKKINGS	90
5.6.1 Oop-einde-vraelyste aan Grondslagfase onderwysers	90
5.6.2 Semi-gestruktureerde individuele onderhoude met Grondslagfase departementshoofde	91
5.7 AANBEVELINGS	91
5.7.1 Aanbevelings aan ouers en onderwysers	91
5.7.2 Aanbevelings aan die onderwysdepartement	92
5.8 BYDRAE VAN DIE STUDIE	92
5.9 SLOTWOORD.....	93
BRONNELYS.....	94
BYLAAG A: ETIESE KLARING VAN DIE ETIEKKOMITEE.....	103
BYLAAG B: AANSOEK OM TOESTEMMING OM DIE NAVORSING UIT TE VOER	104
BYLAAG C: SEMI-GESTRUKTUREERDE INDIVIDUELE ONDERHOUDE.....	122
BYLAAG D: OOP-EINDE-VRAELYSSTE	133

LYS VAN TABELLE

Tabel 4-1: Uiteensetting van biografiese gegewens	65
Tabel 4-2: Refleksie oor verpligte assessering	66
Tabel 4-3: Respons op vraag oor JNA	67
Tabel 4-4: Ervaring van die huidige onderwysbedeling	67
Tabel 4-5: Oorsake van werkverwante spanning	68
Tabel 4-6: Verbetering ten opsigte van werkverwante spanning	68
Tabel 4-7: Werksbevreëdiging	69
Tabel 4-8: Fisiese gesondheid en energievlakke	70
Tabel 4-9: Eise van die huidige onderwysprofessie	70
Tabel 4-10: Spanning by skool	71
Tabel 4-11: Beroepsverandering	71
Tabel 4-12: Veilige werksplek	74
Tabel 4-13: Prioriteitslys van werkverwante faktore wat sosiaal-emosionele welstand belemmer .	75
Tabel 4-14: Beroepsgeluk	76

LYS VAN FIGURE

Figuur 1-1: Welstandswiel.....	4
Figuur 1-2: Maslow se hiërargie van menslike behoeftes (aangepas uit Donald <i>et al.</i> , 2006:103) ...	6
Figuur 2-1: 'n Skematiese voorstelling van Alderfer se teorie van bestaan-verband-groei (ERG-teorie) (aangepas uit Dehaloo, 2011:18).....	22
Figuur 2-2: 'n Skematiese voorstelling van Alderfer se teorie van bestaan-verband-groei (aangepas uit Arnolds & Boshoff, 2002:702)	23
Figuur 2-3: 'n Skematiese voorstelling van Bronfenbrenner se ekologiese ontwikkelingsteorie (aangepas uit www.vvc.edu/academic/child_development/droege/.../cd6lectmicro.html)	38
Figuur 3-1: 'n Metaforiese voorstelling van 'n navorsingsontwerp (aangepas uit Mouton, 2012:56)	51
Figuur 3-2: Raamwerk van navorsing: Die drie-wêrelde-model (aangepas uit Mouton 2012:139) .	54
Figuur 4-1: Temas soos verkry uit die data-analise (vraag 1).....	79
Figuur 4-2: Faktore wat werkverwante spanning by Grondslagfase onderwysers veroorsaak	84
Figuur 5-1: Werkverwante faktore wat negatief op die sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwysers inwerk	90

LYS VAN AFKORTINGS EN AKRONIEME

SAOU	Suid-Afrikaanse Onderwysersunie
IQMS	Geïntegreerde gehaltebestuurstelsel
Naptosa	Nasionale Professionele Onderwysers Organisasie van Suid-Afrika
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
HAT	Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
NWU	Noordwes-Universiteit
K2005	Kurrikulum 2005
HNKV	Die Hersiene Nasionale Kurrikulum Verklaring
NKAV	Die Nasionale Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring
ERG	Existence Relatedness Growth
DPOO	Deurlopende Professionele Onderwyser Ontwikkelingsprogram
SARO	Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders
UNICEF	Verenigde Nasies se Kinderfonds (United Nations Children's Fund)
WEF	Wêreld-Ekonomiese Forum
THOD	Transvaalse Hoër Onderwysdiploma
B.Ed.	Baccalaureus Educationis
LSOB	Leerders met spesiale onderwysbehoefte
LDO	Limpopo Departement van Onderwys

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Villalba (2006:31) beskryf welstand as 'n lewe van optimale gesondheid waarin die individu liggaam, verstand en gees integreer om voluit saam met mense in die gemeenskap te leef. *Lewenskwaliteit* is nie dieselfde konsep as *lewensstandaard* wat op inkomste gebaseer is nie (Anon, 2012). Aanduiders vir lewenskwaliteit behels werksversekering en fisiese gesondheid, maar die daarstelling van 'n gesonde werk- en leefomgewing; fisiese, psigiese en sosiale welstand; en sosiale en opvoedingsbetrokkenheid. Welstand is in essensie hoe individue hulle lewens fisies en emosioneel lei sowel as die faktore wat hul lewens positief en negatief beïnvloed.

Die welstand en veral die sosiaal-emosionele welstand van onderwysers in die Grondslagfase word aan verskillende en nadelige werkverwante eise blootgestel. Die kommerwekkende stand van die huidige sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers noodsaak dat alle moontlike oorsake van hierdie situasie ondersoek word, aangesien die welstand van onderwysers gehalte-onderwys beïnvloed (Phooko, 2008:59). Die aangeleentheid is dus in die belang van onderwys as geheel – veral vir leerders in Suid-Afrika. Molefe, Pansiri en Weeks (2012:15) maak die volgende stelling:

“To create a caring and compassionate nation, one of the 2016 vision pillars, it should be recognized that everyone is important. The emotional and psychological state of teachers should be tuned to where they can perform to the best of their capabilities.”

Die basis van suksesvolle leer word in die Grondslagfase gelê. Die huidige klaarblyklike teenstrydigheid en eise op die terrein van onderwys in Suid-Afrika het 'n toenemende nadelige uitwerking op die sosiaal-emosionele gesondheid van onderwysers in skole (Phooko, 2008:6). Rademeyer (2013a) berig oor hoe die rektor aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) tydens die opening van die 2013-akademiese jaar aangevoer het dat onderwys in Suid-Afrika deur 'n moeilike tyd met talle uitdagings gaan. Sosiaal-ekonomiese ongelykhede, gebrekkige vaardighede en finansiële struikelblokke is enkele uitdagings wat die hoof gebied moet word. 'n Voorbeeld hiervan is die verskil in salarisverhoging tussen onderwysers wat ook as sportafrigters optree ('n toename van 650% sedert 1985) en ander onderwysers ('n verhoging van 32%). Volgens Pepler (2012:3) is dit een van die werkverwante faktore wat op die sosiaal-emosionele welstand van onderwysers inwerk. Dissipline is ook oor die algemeen swak by Suid-Afrikaanse skole en is 'n verdere faktor wat tot onderwysers se hoë stresvlakke bydra.

Statistiek oor die prestasie van leerders in die Grondslagfase ondersteun die nood na gehalte-onderwys. Volgens Rademeyer (2013c) het die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) se ontleding van die uitslae van die jaarlikse nasionale assesserings (JNA) in 2012 die ernstige kommer uitgelik oor die kwaliteit in klaskamers in Suid-Afrika ten opsigte van onderwysers se vakkennis en die doeltreffendheid van onderrigmetodologieë. Nel (2015:7) verduidelik dat die Departement van Basiese Onderwys die JNA in 2011 van stapel gestuur het om leerders se vaardighede op hulle ouderdomspeil te kry. Nel (2015:7) beweer voorts dat die JNA problematies is vir skole, omdat dit skole in 'n slegte lig stel in plaas van om leer en onderrig te verbeter.

Dr. Mamphela Ramphela, stigter van *Citizen Movement*, het op die derde kongres van die onderwysvakbond, Naptosa, in Benoni gesê dat regeringsamptenare die krisis in die Suid-Afrikaanse onderwys van 'n afstand af departementeel probeer beheer sonder enige werklike kundigheid (Zwecker, 2012:2). Die jaarverslag oor die Departement van Basiese Onderwys se geïntegreerde gehaltebestuurstelsel (IQMS) toon hoe 39% van skole wat besoek is, IQMS-prosesse ignoreer (Rademeyer, 2012). Die departement het hierdie prosesse ingestel om departementele moderators se steun aan onderwysers te verhoog en die gehalte van leer en onderrig te verbeter.

In die onderwyspraktyk is daar talle faktore wat welstand negatief beïnvloed. Omstandighede soos swak dissipline; multikulturele klasse; tweede of derde taal-leerders; inklusiewe hantering van interne en eksterne leerleemtes; asook misdaad en geweld in skole, skep 'n negatiewe omgewing (Van Rhyen, 2006:19). Sedert die 1950's het onderwysers 'n 45 ure-werksweek vergeleke met ander professies se werksure. Vanweë gediversifiseerde take, het onderwysers nie spesifieke werksure nie en slegs enkeles het werklik 'n 5 dag-werksweek. Onderwys behels nie slegs onderrig nie, maar ook voorbereiding; korrigering van leerders se werk; die bywoning van vergaderings; en professionele onderhoude met kollegas en ouers (Wolfgang, 2009:489-490).

Die eise aan onderwysers, ook van owerheidsweë, raak toenemend meer. Die onvoldoende ondersteuning wat die onderwysdepartement en skole bied is 'n faktor wat verswarende eise aan die onderwysers stel. Oorvol klaskamers (d.w.s. die onderwyser-leerder-ratio) en swak tydsbestuur van akademiese verantwoordelikhede luidens beleidsvoorskrifte, veroorsaak angs en spanning by onderwysers. Die addisionele werkslading van buitemuurse aktiwiteite wat op onderwysers se skouers rus weens onvoldoende personeelvoorsiening, stel hoë fisiese en psigiese eise aan personeel (Meier & Marais, 2011:17).

Oormatige stres, onvergenoegdheid, 'n gevoel van moedeloosheid en 'n gebrek aan belangstelling in die werk word op 'n daaglikse basis in die praktyk waargeneem en in personeelkamers bespreek (Phooko, 2008:57). Hoofpyne, slaaploosheid, vergeetagtigheid, oormatige rook en drink, asook

hoë bloeddruk en depressie by Grondslagfase onderwysers is aan die orde van die dag, soos dit blyk uit 'n loodsondersoek met Grondslagfase onderwysers ter aanvang van die studie (Du Toit, 2006:83).

Cheminais (2009:16) noem die werknemer se persepsie van faktore wat voortspruit uit die skool se omstandighede *emosionele dissonansie*. Dit is 'n waarneembare emosionele gevoelstoestand wat die teenstrydigheid voorstel tussen die emosie wat die persoon voel en die emosie wat deur die organisasie vereis word (Cheminais, 2009:16). Die navorser beoog om die probleem van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers te ondersoek.

Daar word vervolgens voorlopig vanuit die literatuur na die sosiaal-emosionele welstand en enkele faktore wat die sosiaal emosionele welstand van die Grondslagfase onderwyser beïnvloed, gekyk.

1.2 LITERATUUROORSIG


1.2.1 Welstand

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (2006:1354) beskryf die fenomeen *welstand* as voorspoedige omstandighede of goeie gesondheid. Durandt (2001) beweer dat alle mense geluk, voorspoed en goeie gesondheid wil beleef. Die hedendaagse eise maak dié beleving van welstand moeiliker en kompleks. Negatiewe invloed op welstand manifesteer in simptome soos spanning, negatiewe houdings, depressie, aggressie en werkslading. Hierdie simptome beïnvloed die fisiese, emosionele, sosiale en spirituele welstand van die mens en in dié geval Grondslagfase onderwysers. Psigosomatiese simptome soos depressie, angs, hartsiektes, hoë bloeddruk, asma, asook laerug- en skouerpyne is aanduidings van omstandighede van nie-welstand (Phooko, 2008:59).

1.2.2 Faktore wat sosiaal-emosionele welstand beïnvloed

Welstand behels die fisiese, verstandelike, emosionele, sosiale en spirituele welstand van die mens. Optimale welstand word gesien by persone, in dié geval onderwysers, in die hoë kwaliteit van hulle persoonlike sowel as professionele lewe.

Die welstandswiel (figuur 1-1) illustreer enkele fasette wat 'n persoon se welstand bepaal, soos fisiese gesondheid, sosiale gesondheid, verstandelike gesondheid, emosionele gesondheid en geestelike gesondheid. In hoofstuk 2 word elke faset van die welstandswiel volledig bespreek.



Figuur 1-1: Welstandswiel

(<http://chrysalisgirlsandwoman.org/2012/12how-do-you-define-wellness/wellness:continuum/>)

1.2.3 Die onderwyser

Burger (2009) het bevind dat Suid-Afrikaanse onderwysers in die postapartheidsera toenemend gekonfronteer word met vereistes wat voortdurend verander. Die vereistes is kompleks en veelvoudig van aard in teenstelling met ontwikkelende lande. Sulke uitdagings veroorsaak dat Grondslagfase onderwysers aan buitengewone hoë stresvlakke blootgestel word.

Die onderwyser speel 'n belangrike rol in die opvoeding en sosiaal-emosionele welstand van leerders. Die onderwyser met 'n goed gebalanseerde sosiaal-emosionele welstandsvlak sal 'n

omgewing kan skep waarin die leerders effektief leer (Woolfolk, 2007:2). Ongekwalfiseerde of swak opgeleide onderwysers is nie bemagtig om gehalte-onderrig te waarborg nie.

1.2.3.1 Grondslagfase onderwysers

Die Grondslagfase onderwyser ondervind toenemende probleme met die postmodernistiese ouer-kind-verhouding, dissipline in skole, die eise van die kurrikulum en leerderafwesigheid tydens skoolure (Du Toit, 2006:101). Rademeyer (2013d) beskou onderwys as die samelewing se verantwoordelikheid en behoort onderwys die kernstrategie te wees om 'n nasie uit die moeras van onkunde, armoede, ongelykheid en werkloosheid te lig.

'n Positiewe beleving van die werksplek deur Grondslagfase onderwysers dra by tot leerders se skoolprestasie, sosialisering en ontwikkeling. Grondslagfase onderwysers se spanning en negatiewe ondervindings in hul professionele lewe wat nie effektief hanteer of verwerk word nie, kan in teenstelling 'n nadelige uitwerking op onderwysers en leerders hê (Phooko, 2008:3). Dit is om dié rede van belang om die stressors by Grondslagfase onderwysers te identifiseer.

Onderwysers se algehele gesondheid kan verbeter word deur hulle oor hul welstand in te lig; hulle te motiveer en vaardig te maak om leerdergedrag te verander; asook deur leerders se welstand en gesondheid te verhoog (Meier & Marais, 2011:73; Baranowski *et al.*, 1995:61).

1.2.4 Teoretiese raamwerk

Die **teoretiese raamwerk** van hierdie studie is op Maslow se teorie oor die hiërargie van menslike behoeftes gebaseer (Donald, Lazarus & Lolwana, 2006:103). "*Maslow argued that the primary source of motivation in human behavior is the fulfillment of needs*" (Donald *et al.*, 2006:103). Ander teorieë oor menslike gedrag word in § 2.3 beskryf.

Volgens Donald *et al.* (2006:103) is die skematiese voorstelling (figuur 1-2) van Maslow se hiërargie van menslike behoeftes 'n duidelike beeld van die interaksie tussen interne menslike behoeftes en eksterne faktore en op welke wyse dit die mens beïnvloed.



Figuur 1-2: Maslow se hiërargie van menslike behoeftes (aangepas uit Donald *et al.*, 2006:103)

Maslow se hiërargie bestaan uit vyf menslike behoeftes wat vervul moet word om optimale ontwikkeling tot gevolg te hê. Volgens Champoux (2006:151) is **fisiologiese behoeftes** die mees elementêre behoefte en die eerste behoefte wat vervul moet word. Hierdie behoeftes bepaal oorlewing en sluit behoeftes soos genoeg slaap in. Die tweede behoefte in hierdie hiërargie is **veiligheidsbehoefes**. Dit sluit behoeftes soos sekuriteit, stabiliteit, beskerming, orde en struktuur in. Die derde behoefte in Maslow se hiërargie is 'n persoon se behoefte aan **aanvaarding**: om te behoort en 'n behoefte aan liefde en versorging. Die vierde behoefte is die behoefte aan **selfagting**. Dit weerspieël die individu se behoefte aan positiewe selfevaluasie, aan erkenning en 'n sekere mate van status. Die laaste en hoogste behoefte op die hiërargie is **selfaktualisering**. Volgens Maslow (aangehaal deur Donald *et al.*, 2006:104) kan die individu slegs op die vlak van selfaktualisering begin funksioneer indien daar op 'n gereelde basis aan sy basiese behoeftes voldoen word. Selfaktualisering impliseer die begeerte om alles te wees waartoe 'n mens in staat is en om al jou vermoëns, potensiaal en talente ten volle te gebruik.

Die interpretasie van Maslow se teorie (aangehaal deur Donald *et al.*, 2006:121) wys hoe skole komplekse, menslike instansies is, bestaande uit elemente wat bepaalde karaktereienskappe tot gevolg het. Al die verskillende elemente moet goed funksioneer om 'n positiewe einddoel te bereik. Sou een van die elemente wanfunksioneer, sal die hele skoolorganisasie nadelig beïnvloed word. Maslow (aangehaal deur Donald *et al.*, 2006:103) beaam hierdie stelling met sy hiërargie waarin behoeftes só gerangskik is dat dit na 'n mens se hoogste vlak van ontwikkeling opbou, naamlik

selfaktualisering, wat op sy beurt ook die hoogste behoefte in die hiërargie is. Hoe laer die behoefte in die hiërargie, hoe dringender is dit. Die laer behoeftes moet eers bevredig word voordat die hoër behoeftes kan realiseer.

Die doel van hierdie navorsingstudie maak dit vir die navorser van belang om die onderskeie menslike behoeftes te onderskei en die vlak waarop Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik funksioneer, te bepaal.

Uit die inleiding, probleemstelling en voorlopige literatuurstudie kom 'n navorsingsprobleem en navorsingsvrae na vore. Leedy en Ormrod (2010:45) beklemtoon dat die vereiste van 'n navorsingsprobleem deur twee aspekte gekenmerk word, naamlik om 'n verskil te maak waar die probleem ondervind word en daarmee saam 'n denkwyse te bevorder om die probleem op te los (vgl. § 3.1 en 3.2 in Leedy & Ormrod, 2010:48-49). Hierdie studie is 'n kritiese ondersoek oor die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers deur middel van kwalitatiewe navorsing.

1.3 NAVORSINGSVRAE

Die volgende navorsingsvrae het na vore gekom:

- 1.3.1 Wat is die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik?
- 1.3.2 Watter werkverwante faktore gee aanleiding tot die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers?

1.4 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die doelstellings van hierdie studie is:

- 1.4.1 om die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers te ondersoek; en
- 1.4.2 om werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers beïnvloed, te bepaal.

1.5 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

1.5.1 Navorsingsontwerp en -paradigma

Die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers word deur middel van kwalitatiewe navorsing ondersoek met die doel om werkverwante faktore vanuit dié deelnemers se bepaalde perspektief te analiseer en te verstaan (Merriam, 2009:26). Soos Creswell (2009:4) verduidelik: *"...qualitative research is a means for exploring and understanding the meaning*

individuals or groups ascribe to a social or human problem.”

Die navorsingsontwerp is fenomenologies van aard. Volgens Creswell (2009:13) is dit noodsaaklik om van 'n fenomenologiese studie gebruik te maak om die essensie van individue in hulle persoonlike en werksomgewing te ondersoek. Hierdie studie fokus op welstand met die klem op die werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers beïnvloed. Deur gebruik te maak van die fenomenologiese metode, poog die navorser om tot die kern van sosiaal-emosionele welstand deur te dring en Grondslagfase onderwysers sal kan nadink oor werkverwante faktore wat hulle sosiaal-emosionele welstand beïnvloed (Merriam, 2009:24). Creswell (2009:13) stel dit só: *“Phenomenological research is a strategy of inquiry in which the researcher identifies the essence of human experiences about a phenomenon as described by participants.”*

Fenomenologie weerspieël mense se persoonlike belewenisse van hul leefwêreld. Nie net respondente se waarnemings oor jare nie word gebruik nie, maar ook hul oordele en aanbevelings (Wertz, 2005:170). Inligting, gedagtes en menings word as bewys van die ondersoek geïnterpreteer. Navorsing van dié aard moet deursigtig wees (Wertz, 2005:17) en De Vos *et al.* (2011:66) lê klem op deelnemers se vrywillige deelname. De Vos *et al.* (2011:66) beklemtoon ook die beskikbaarstelling van dokumentasie om deelnemers van die egtheid van die interpretasie van data te vergewis aangaande die belewenis van hul leefwêreld.

Volgens Mouton (2001:139) is Wêreld 3 die wêreld van wetenskapsleer en eenheidsveldteorie. Hierdie studie ondersoek die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik (Wêreld 1) vanuit 'n interpretivistiese paradigma (Wêreld 3). Inligting is uit die literatuur en kwalitatiewe data – soos semi-gestruktureerde onderhoude en oop-einde-vraelyste aan Grondslagfase onderwysers – verkry om die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers te ondersoek. Die navorser het beoog om vanuit die interpretivistiese paradigma (Wêreld 3) die huidige Wêreld 1-realiteit, naamlik die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers en werkverwante faktore wat dit beïnvloed, te ondersoek (vgl. § 3.5).

1.5.2 Navorsingsmetodologie

1.5.2.1 Literatuurstudie

Die volgende kernbegrippe is die basis van die navorsingstudie: fisiese, sosiale, emosionele, verstandelike en spirituele welstand van Grondslagfase onderwysers. Die navorser het elektroniese databasisse – soos *Sabinet Online*, *EBSCOhost*, *SA ePublications*, *Eric* en *Teacher Reference Center* (TRC) – gebruik om literatuur te bekom om sodoende ondersoek in te stel oor welstand, sosiaal-emosionele welstand, werkverwante faktore, Grondslagfase onderwysers, die

Modimolle-distrik, asook die ander voorgenoemde begrippe. Die soekenjins sluit Google, Google Scholar en AlltheWeb in.

1.5.2.2 Deelnemers

Die navorser fokus op die Modimolle-distrik wat uit 25 laerskole bestaan. Weens taal- en kulturele diversiteit, is die empiriese ondersoek by drie verskillende laerskole (d.w.s. 'n enkelmediumskool, 'n dubbelmediumskool en 'n multikulturele skool in 'n informele woongebied) in die Modimolle-omgewing geloods. Die eerste taal van die leerders in die multikulturele skool is 'n Afrikataal, maar die leerders word in Engels onderrig (§ 3.8.2).

Die deelnemers is in oorlegpleging met die onderskeie skoolhoofde genader om vrywillig aan die navorsing deel te neem. Een gekwalifiseerde Grondslagfase onderwyser uit graad R, 1, 2 en 3 en een gekwalifiseerde Grondslagfase departementshoof is as deelnemers by elk van die voorgenoemde skole genader om vrywillig deel te neem. 'n Totaal van twaalf Grondslagfase onderwysers en drie Grondslagfase departementshoofde is vir die data-insameling in hierdie studie gebruik.

1.5.2.3 Data-insameling

Die data is ingesamel deur middel van semi-gestruktureerde fokusgroeponderhoude; oop-einde-vraelyste; observasie van klasse en onderwysers; en individuele onderhoude met Grondslagfase departementshoofde.

Voldoende rekordering van bewyse is vir navorsingsdoeleindes gehou, maar ook vir verdere navorsing met betrekking tot die navorsingsprobleem. Die ingesamelde data is te alle tye klinies hanteer en aan die deelnemers beskikbaar gestel. Dié metode word deur Leedy en Ormrod (2010:141) beklemtoon om te verhoed dat persoonlike ondervinding die data subjektief beïnvloed. Die navorser het die Grondslagfase onderwysers deurgaans op hul gemak laat voel sodat hulle met vrymoedigheid die faktore wat hul welstand beïnvloed, kon weergee. Die praatwerk is tydens die onderhoude hoofsaaklik aan die onderskeie deelnemers oorgelaat en die navorser het geluister, waargeneem en notas gemaak. Toestemming is vooraf van deelnemers verkry dat opnames van die individuele onderhoude gemaak mag word.

1.5.2.4 Data-analise

Die doel van data-analise is om algemene temas vanuit die oogpunt van die verskillende deelnemers (aangaande hul sosiaal-emosionele welstand) te identifiseer (Mouton 2001:142). Dit is 'n proses waar die rou data en inligting verminder word deur middel van die sifting van betekenisvolle data. Die inligting wat wel vir die navorsingstudie van nut is, word dan behou. Dit behels voorts ook die daarstelling van 'n raamwerk met die doel om die bevindinge bekend te

maak.

Die volgende stappe van Leedy en Ormrod (2010:142) het as riglyne gedien om die data so effektief moontlik te analiseer:

- Identifiseer standpunte wat verband hou met die navorsingsvraag. Relevante standpunte word van irrelevante standpunte geskei en in hanteerbare eenhede onderverdeel;
- Verdeel standpunte in betekenisvolle eenhede (betreffende die onderhawige fenomeen);
- Onderzoek uiteenlopende perspektiewe en wees sensitief vir die uiteenlopende bewings van die fenomeen; en
- Na vele oorwegings van die data-analise, formuleer 'n saamgestelde uitgangspunt.

1.5.2.5 Vertrouenswaardigheid

Respek en 'n goeie vertrouensverhouding is belangrik in kwalitatiewe navorsing. Deelnemers is verseker dat hulle na die afloop van die studie hulle kan vergewis met die juistheid en korrektheid van die studie. Wedersydse vertroue tussen die navorser en deelnemers behoort die basis vir aanvaarding, deelname, beloftes en verwagtings wat voortspruit uit die bepaalde navorsing, te vorm (De Vos *et al.*, 2011:113). 'n Wedersydse vertrouensverhouding tussen die navorser en deelnemers is noodsaaklik, veral waar multikulturele aangeleenthede deel uitmaak van die navorsingstudie. Respek moet teenoor die onderskeie werkgemeenskappe betoon word om optimale samewerking tydens data-insameling te verseker (De Vos *et al.*, 2011:124).

1.5.2.6 Die rol van die navorser

De Vos *et al.* (2011:66) beweer dat goeie kommunikasievermoë, veldnotas, empatie en luistervaardighede vereistes vir 'n navorser in kwalitatiewe navorsing is. Neutraliteit is belangrik sodat geen partydigheid enige invloed op die navorsing kan hê nie (De Vos *et al.*, 2011:66). Pogings moet aangewend word om vooroordeel by die stel van vrae, hantering van data en die verslagskrywing te verhoed. Die verhandeling erken bronne wat gebruik is en geen plagiaat is doelbewus gepleeg nie. Objektiviteit, deursigtigheid en korrekte bevindinge word duidelik in die finale verslag weergegee.

1.5.2.7 Etiese aspekte van die studie

Voor die aanvang van die studie, is etiese klaring deur middel van 'n goedgekeurde aansoek en etieknommer van die Noordwes-Universiteit (NWU) verkry. Die volgende etieknommer is aan hierdie studie toegeken: NWU-00112-15-S2 (Bylaag A).

Die deelnemers is verseker dat hulle te alle tye tydens die navorsingstudie sal veilig wees. Hulle is deurgaans ten volle ingelig oor wat van hulle verwag word, verseker van hulle reg op privaatheid en dat hulle te alle tye eerlik en regverdig behandel sou word.

Die volgende etiese riglyne word vir die doel van die navorsingstudie in ag geneem en nagevolg: in hierdie navorsingstudie is toestemming verkry van Limpopo Departement van Onderwys (LDO), die distrikskantoor, die distriksbeampte (spesifiek vir Grondslagfase-aangeleentheid), onderskeie skoolhoofde, asook die Grondslagfase onderwysers en departementshoofde wat by die navorsingstudie betrokke was.

1.6 BYDRAE VAN DIE NAVORSINGSTUDIE

Die navorsingsondersoek na die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers kan bydra tot die bevordering van sosiaal-emosionele welstand in sy geheel. Gesonde sosiaal-emosionele welstand bevorder die persoonlike en professionele ontwikkeling van Grondslagfase onderwysers tot 'n persoonlike aanvaarbare vlak. Grondslagfase onderwysers se lewenskwaliteit sal deur die uitreik na ander op persoonlike vlak verryk word en verdere studie sal hulle op professionele vlak bemagtig om aan die eise van die dag te voldoen. Hierdie navorsingstudie kan Grondslagfase onderwysers daarin ondersteun om die sogenaamde uitnodigende onderwysers ("*inviting teachers*") van skole in Suid-Afrika te word (§ 2.4). Die navorsingstudie is ook ten voordele van deelnemers omdat hulle kennis rakende sosiaal-emosionele welstand uitgebrei word.

1.7 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering en probleemstelling

Hoofstuk 1 dien as oriëntering vir die studie. Kernkonsepte word bespreek en die voorlopige literatuurstudie lei tot 'n navorsingsvraag wat die navorsingsdoel van die studie word, naamlik: Wat is die stand van die sosiaal-emosionele lewe van Grondslagfase onderwysers en watter werkverwante faktore beïnvloed die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers?

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig: Sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers

In hoofstuk 2 word krities na die fenomeen *welstand* en meer spesifiek die *sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwysers* gekyk. Die literatuur word ondersoek vir teorieë oor motivering, menslike gedrag en Grondslagfase onderwysers se sosiaal-emosionele welstand, werksomgewing, asook potensiële stressors.

Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp

Hoofstuk 3 bevat inligting rakende die navorsingsontwerp van hierdie studie. Hierdie hoofstuk bespreek die konseptuele raamwerk, die navorser se data-insamelingsmetodes, asook die wyse waarop die data ontleed is. Die hoofstuk bespreek voorts ook etiese riglyne en aspekte rakende die betroubaarheid van hierdie studie.

Hoofstuk 4: Resultate

Temas en subtemas wat die navorser tydens die ontleding van semi-gestruktureerde onderhoude geïdentifiseer het, word in hoofstuk 4 uiteengesit en bespreek. Dié hoofstuk word ook gebruik om bestaande literatuur met die bevindinge van die studie te integreer.

Hoofstuk 5: Opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings

Hoofstuk 5 is 'n samevatting van die bevindinge van die studie. Gevolgtrekkings word rakende die bevindinge van die studie gemaak en die navorser maak aanbevelings vir die praktyk, opleiding en verdere navorsing. Ten slotte stel die navorser die samevatting van hierdie studie deur middel van 'n konseptuele raamwerk voor.

1.8 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk voorsien die agtergrond tot die navorsingsprobleme wat ontstaan het, naamlik:

- Wat is die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik?
- Watter werkverwante faktore gee aanleiding tot die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers?

Die literatuurstudie toon reeds dat Grondslagfase onderwysers verswarende omstandighede in die werksplek ervaar wat negatiewe gevolge vir hulle sosiaal-emosionele welstand inhou. Maslow se teorie oor die hiërargie van menslike behoeftes is diagrammaties voorgestel en die navorser kyk na aanleiding daarvan vanuit 'n interpretivistiese paradigma na die navorsingsvrae. Kwalitatiewe metodes is gebruik om die empiriese ondersoek uit te voer om sodoende die navorsingsvrae en navorsingsdoelstellings te beantwoord.

Hoofstuk 2 bespreek vervolgens onderwys op nasionale en internasionale vlak.

HOOFSTUK 2

SOSIAAL-EMOSIONELE WELSTAND VAN DIE GRONDSLAGFASE ONDERWYSER

2.1 INLEIDING

Hoofstuk 1 het verwys na die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers vanuit 'n voorlopige literatuuroorsig. Hierdie hoofstuk bespreek sosiaal-emosionele welstand verder en ondersoek ook teorieë oor menslike gedrag, die huidige onderwysbestel, die werksomgewing van Grondslagfase onderwysers en die leeromgewing, asook werkverwante faktore wat 'n invloed op die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers het.

Die ondersoekmetode is gerig op kritiese interpretivistiese literatuurnavorsing om inligting oor die onderwerp te verkry. 'n Duidelike agtergrond van die fenomeen van ondersoek, wat uit primêre en sekondêre literatuurbronne verkry is, word op die onderwyssituasie in Suid-Afrika toegepas. Die navorser tree sodoende interpretivisties op ten opsigte van die literatuur.

2.2 DIE KONSEP VAN SOSIAAL-EMOSIONELE WELSTAND

2.2.1 Begripsverklaring: welstand

Welstand behels die fisiese, verstandelike, emosionele, sosiale en spirituele welsyn van die mens. Die HAT (2006:1386) omskryf *welstand* as voorspoedige omstandighede en 'n toestand van voorspoed. Die mens streef daarna om gelukkig en voorspoedig te wees en 'n goeie gesondheid te handhaaf (Durandt, 2001). Aelterman *et al.* (2007) definieer *welstand* as 'n sigbare positiewe, emosionele ingesteldheid wat uit gesonde balans tussen spesifieke omgewingsfaktore en menslike behoeftes voortspruit. Dié definisie van Aelterman *et al.* (2007) verwys na die identifisering van faktore wat welstand by die mens kan bevorder. Skole behoort aangemoedig te word om sekere strategieë vir die bevordering van welstand van onderwysers aan te wend deur middel van die identifisering van faktore wat positief bydra tot die welstand van onderwysers.

2.2.2 Fasette van welstand

Hierdie studie fokus op die onderskeie fasette van die welstandswiel (sien figuur 1-1 in hoofstuk 1) wat die welstand van Grondslagfase onderwysers bevorder:

2.2.2.1 Fisiese welstand

Volgens Phooko (2008:96) verwys fisiese welstand na die konvensionele aspekte van 'n gesonde lewenstyl. Die liggaam behoort sterk, fiks en welgevoed gehou te word om in staat te wees om siektes te weerstaan. Die daaglikse verpligtinge van Grondslagfase onderwysers laat min tyd oor om na persoonlike welstand om te sien. Dit is noodsaaklik dat onderwysers verantwoordelikheid vir gereelde fisiese oefening aanvaar, sodat die liggaam die regte chemiese balans kan opbou (Phooko, 2008:96).

2.2.2.2 Verstandelike welstand

Wanneer 'n mens dit regkry om op die positiewe in omstandighede te fokus, skemer daar optimisme en entoesiasme vir die lewe in 'n persoon se kommunikasie en omgang met andere deur (Van Deventer, 2015).

2.2.2.3 Emosionele welstand

Dehaloo (2011:86) het bevind dat lewensvreugde 'n algemene aanduiding is van 'n individu se emosionele welstand. Daar is 'n duidelike verband tussen werkstevredenheid en lewensvreugde. Werkstevredenheid is 'n belangrike komponent van lewensvreugde (Dehaloo, 2011:86).

2.2.2.4 Sosiale welstand

Toland en Carrigan (2011:100) beweer dat gesonde skoolomgewings emosionele welstand by onderwysers versterk wat goeie verhoudings, duidelike grense en verwagtinge teweegbring.

Volgens Whitehead (2001:6) word sosiale welstand in skole gekweek waar individue geleer word om by verandering aan te pas namate omstandighede verander. Daarom behoort skole as professionele organisasies sosiale aangeleenthede aan te pak (soos die hantering van angs en spanning) om uitbranding te voorkom.

2.2.2.5 Geestelike/spirituele welstand

Kontemporêre navorsing dokumenteer die waarheid dat die mens 'n geïntegreerde geheel is soos in die Bybel beskryf (Anon, 2012). Wat dikwels in die fisiese, verstandelike en geestelike dele van 'n persoon verdeel word, is verbind en onlosmaaklik. Wat die verstand beïnvloed, beïnvloed die liggaam. Die mens se geestelike toestand het 'n direkte invloed op sy/haar liggaamlike toestand en andersom. Die Skepper wil hê dat mens "gesond" moet wees. Die Woord van God kan dien as bron van gesondheid en die ewige lewe. Aangesien fisiese en verstandelike gesondheid sowel as geestelike/spirituele welstand hand aan hand gaan, maak Paulus die volgende oproep in 1 Korintiërs 10:31 (Bybel, 1998): "Of julle dan eet of drink of enige iets doen, doen alles tot verheerliking van God."

Volgens die Christen geloof is die mens geskape met 'n bepaalde doel. In Genesis 1:27 (Bybel, 1998) staan: "... God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep". God het die mens geskape en vir hom 'n maat (die vrou) met 'n bepaalde doel gegee. God seën die mens in Genesis 1:28 (Bybel, 1998) en gee aan die mens opdrag om vrugbaar te wees, te vermeerder en om die aarde te bewoon en te bewerk.

Genesis 3:23 (Bybel, 1998) vertel dat "... die Here God het die mense weggestuur uit die tuin van Eden sodat hulle die aarde moet gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is". Uit hierdie kultuuroopdrag het sosiale kodes deur jare heen ontwikkel en het grense deur sosiale praktyke met verloop van tyd verskuif. Die sosiale omstandighede waarin die mens sy dagtaak moet volvoer is van wesenlike belang. Sosiale aksie en reaksie vorm deel van menswees.

2.2.3 Die onderwysprofessie in Suid-Afrika en welstand

Die Suid-Afrikaanse skoolgemeenskap is uiteenlopend op vele vlakke, maar ook ten opsigte van sosio-ekonomiese status.

Openbare skole word volgens Grant (2013), die Wes-Kaapse minister van onderwys, in kwintiele gegradeer wat volgens vyf sosiaal-ekonomiese groepe ingedeel is en finansiële hulpbronne word volgens kwintielindeling aan skole beskikbaar gestel. Skoolfonds word dan ook in ooreenstemming met kwintielgradering gehêf. Kwintiel 1-skole word as die armste skole beskou en kwintiel 5-skole as goeie skole. Leerders aan kwintiel 1-, 2- en 3-skole betaal geen skoolfonds nie. Om te kompenseer vir die verlies aan skoolfonds wat die leerders nie kan betaal nie, voorsien die nasionale onderwysdepartement aan kwintiel 1-, 2- en 3-skole 'n hoër bedrag as aan kwintiel 4- en 5-skole wat addisionele skoolfonds hef. Skole wat as kwintiel 4- en 5-skole gegradeer word, hef hul eie skoolfonds. Die sosiaal-maatskaplike probleme in kwintiel 1- en 2-skole is veel meer as in kwintiel 3- en 4-skole (Janse van Rensburg, 2015).

In Suid-Afrikaanse skole is eise hoog en dit beïnvloed die welstand van onderwysers. Onderwys word geïdentifiseer as een van dié beroepe wat bydra tot werkverwante stres en spanning by individue. Een van die faktore is die aantal ure wat bestee word aan werkverwante aktiwiteite. Volgens Conradie (2009) is regstellende aksie in die werksplek vir miljoene Suid-Afrikaners 'n bron van hoop, maar is ook vir 'n minderheidsgroep van Suid-Afrikaners 'n bron van kommer omdat dit tot werkloosheid lei.

Faktore soos swak dissipline; multikulturele klasse; nie-huistaalleerders; inklusiewe hantering van interne en eksterne leerleemtes; misdaad en geweld, skep 'n negatiewe werksomgewing in skole. Die individu en die omgewing vorm 'n eenheid waar 'n spanningsveld kan ontstaan (Du Toit,

2006:42). Negatiewe omgewingsfaktore het 'n uitwerking op individuele fisiese en psigologiese funksionering.

Durandt (2001) beweer dat angs en spanning 'n fisiologiese en psigologiese uitwerking op die welstand van die mens het, wat spanning, negatiewe houdings, depressie en aggressie vanweë werkslading tot gevolg kan hê. Dit is sulke emosionele uitputting wat Burke en Greenglass (2007) as die voorloper vir die sogenaamde uitbrandsindroom bestempel en welstand negatief beïnvloed. Al die voorgenoemde simptome benadeel die mens (in dié geval Grondslagfase onderwysers) se fisiese, emosionele, sosiale en geestelike/spirituele welstand. Vazi (2013) beklemtoon ook hoe die psigologiese welstand van onderwysers deur werkverwante stres en spanning belemmer word. Navorsing bevind dat swak psigologiese welstand aanleiding gee tot swak denkwyses en swak besluitneming. Dit is ook sigbaar in psigosomatiese simptome soos depressie, angs, hartsiektes, hoë bloeddruk, asma, asook laerug- en skouerpyne.

2.3 VERSKILLENDE TEORIEË OOR MENSLIKE GEDRAG

Die literatuur bevat verskeie teorieë oor die optrede van mense en menslike gedrag (Whitaker, 2009:4). Hierdie teorieë verduidelik waarom sekere gebeure 'n invloed op die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers het. Hierdie studie bespreek gedragsgebaseerde teorie, Maslow se behoeftevervullingsteorie, Alderfer se teorie van bestaan-verband-groei en Herzberg se twee-faktor-teorie. Bronfenbrenner se teorie word as 'n verwysingsraamwerk gebruik vir die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk wat oor skoolstelsels handel.

2.3.1 Gedragsgebaseerde teorie

Die eerste verwysing na die term *gedragsverandering* kom voor in Edward Thorndike se 1911-artikel "Voorlopige Wette" van aangeleerde gedrag (Anon, 2012). Die eksperimentele tradisie van kliniese sielkunde het dit gebruik om na psigoterapeutiese tegnieke, wat afgelei word van die empiriese navorsing, te verwys (Anon, 2012).

Volgens McLeod (2013) was gedragsgebaseerde teorie die primêre paradigma in sielkunde in die jare 1920 tot 1950. Gedragsgebaseerde teorie is op grond van onderliggende aannames ten opsigte van metodologie en gedragsanalise gebaseer met die teoretiese doelwit van voorspelling en kontrole. Gedragsgebaseerde teorie plaas die klem op die belangrikheid van die omgewing en die invloed wat dit op mens en diere het. Voorstanders van die gedragsgebaseerde teorie aanvaar dat die individu geen eie wil het nie, maar deur eksterne faktore beïnvloed word.

Woolfolk (2007:374) meld dat gedragsgebaseerde teorie uit die aansporing en beloning van sekere gedrag bestaan, waarby aansporing- en beloningsstelsels aangebied word om sekere gedrag te vestig. 'n Aantreklike voorwerp of geleentheid word aangebied in reaksie op spesifieke gedrag wat

dit óf aanmoedig óf ontmoedig. *Ekstrinsieke motivering* is konstante aanmoediging en beloning sodat spesifieke gedrag gevestig word en lei daartoe dat optrede 'n gewoonte word (Woolfolk, 2007:374). Die rede vir die individu se optrede kan binne of buite die individu geleë wees. Motivering vir optrede behels volgens Woolfolk (2007:372) selfgerigtheid (intrinsiek) wat deur bepaalde faktore van buite (ekstrinsiek) bepaal word.

Volgens Mathe, Pavia en O'Keefe (2012:23) is motiveringstipes intrinsiek en ekstrinsiek in die werksplek teenwoordig. 'n Individu is intrinsiek gemotiveer deur belangstelling in die taak en/of terselfdertyd ekstrinsiek gemotiveer deurdat die taak teen 'n spertyd voltooi moet word. Intrinsieke en ekstrinsieke motivering word deur die rede vir die individu se optrede bepaal. Mathe *et al.* (2012:2) bevind dat motivering die innerlike krag is wat individue beheer en hulle doelgerigte gedrag in stand hou. Kombinasies van beide intrinsieke en ekstrinsieke motiveringspraktyke het 'n positiewe effek op werksverrigting (Mathe *et al.*, 2012:25).

Intrinsieke motivering bring mee dat individue aktiwiteite verrig omdat die aktiwiteit hulle interesseer, met ander woorde 'n spontane belangstelling in die aktiwiteite en soos Woolfolk (2007:373) aandui, word intrinsieke motivering deur die interne persoonlike behoeftes, belangstellings en nuuskierigheid van die individu geïnspireer. Intrinsieke motivering spruit uit 'n natuurlike neiging om uitdagings te stel en die hoof te bied. Individue se persoonlike belangstellings word nagevolg en vaardighede word ontwikkel en uitgeoefen.

Volgens Mathe *et al.* (2012:9) is daar by ekstrinsieke motivering 'n afstand tussen die beoefening van die aktiwiteit en die gevolge van aktiwiteitsbeoefening. Die individu is dus nie primêr geïnteresseer in die aktiwiteit self nie, maar wat daaruit verkry word. Volgens gedragsgebaseerde teorieë dra ekstrinsieke motivering by tot die vestiging van gedrag. Die persoon assosieer positiewe beloning met die gedrag en volgens Woolfolk (2007:374) toon studies dat herhaalde beloning optrede 'n gewoonte maak. Positiewe bekragtigingsteorie, as 'n gedragsgebaseerde teorie, is op die beginsel van die wet van gevolge gebaseer. Steyn en Van Niekerk (2008:144) verduidelik dat die bekragtigingsteorie voorhou dat eksterne faktore, soos beloning en straf, 'n persoon se toekomstige prestasie bepaal.

Positief gemotiveerde Grondslagfase onderwysers bevorder die effektiwiteit van enige skool. Die grondslagfase is die ruggraat van 'n skool en hoe sterker die onderbou van leervaardighede in die grondslagfase, hoe stewiger figureer die akademiese piramide in hoër grade. Steyn en Van Niekerk (2008:135) redeneer dat alle onderwysbestuurders op negatiewe gedrag van Grondslagfase onderwysers ingestel moet wees, aangesien dit 'n vroeë aanduiding is van die gebrek aan sosiaal-emosionele welstand by onderwysers. Die komplekse vereistes en verskillende uitdagings wat deur Grondslagfase onderwysers in die postapartheidsera ondervind word, stel

hulle aan buitengewone stresvlakke bloot (Burger, 2009).

2.3.2 Behoeftevervullingsteorie: Maslow

Abraham Harold Maslow is op 1 April 1908 in Brooklyn, New York, gebore (2015) en was die oudste van sewe kinders. Hy was 'n Amerikaanse sielkundige wat bekendheid verwerf het met sy teorie oor die hiërargie van menslike behoeftes (Donald *et al.*, 2006:103) wat hy vanaf 1943 begin ontwikkel het (Mathe *et al.*, 2012:8). 'n *Behoeft*e word gedefinieer as 'n tekort aan iets wat noodsaaklik of gewens is. Die behoefte skep 'n interne stimulus of motief vir aksie wat gerig is op die bevrediging van die behoefte (Donald *et al.*, 2006:121). Champoux (2006:151) beskryf soortgelyke behoeftes as 'n interne stimulus of motief vir aksie wat gerig is op die bevrediging van 'n behoefte of 'n tekort aan iets wat benodig word of as noodsaaklik beskou word. Maslow is op 8 Junie 1970 oorlede.



Abraham Harold Maslow (Wikipedia, 2015a)

2.3.2.1 Maslow se vlakke van behoeftes

Maslow se teorie van die hiërargie van menslike behoeftes onderskei tussen vyf verskillende behoeftes rakende laervlak- tot hoërvlak-behoeftes (Donald *et al.*, 2006:103). Volgens dié teorie moet die primêre behoeftes soos honger en dors eers bevredig word voordat daar aan die hoërvlak-behoeftes aandag gegee word. Behoeftes skep 'n interne stimulus of motief vir aksie wat gerig is op die bevrediging daarvan. Alledaagse behoeftes soos liefde, honger, skilling, veiligheid, sekuriteit, asemhaling en vriendskap word as primêre behoeftes beskou (Mathe *et al.*, 2012:8) wat noodsaaklik is vir fisiese oorlewing of welstand (Jancova, 2009:10). Hoërorde-behoeftes is daarteenoor abstrakte begeertes vir persoonlike groei, byvoorbeeld selfaktualisering (Champoux, 2006:153).

Met Maslow se teorie van hiërargiese behoeftebevrediging in gedagte, is die mens se eerste motivering die bevrediging van primêre behoeftes (Jancova, 2009:9) wat die behoefte aan voedsel en sekuriteit insluit. Die mens streef egter ook na die bevrediging van meer abstrakte hoërvlak-behoeftes soos selfverwesening en vervuldheid (Woolfolk, 2007:375). Menslike behoeftes is die dryfveer agter gedrag en dit dien as stimuli om gedrag te rig. Volgens Whitaker *et al.* (2009:4) verander die mens se gedrag namate die behoeftes verander. Afgesien van aanleg en

belangstelling, is menslike behoefte die rede waarom sommige mense verskillende doelwitte nastreef. Soos Champoux (2006:153) aandui, is menslike behoeftes 'n noodsaaklikheid en gewigdraende faktor wat menslike gedrag bepaal en beïnvloed. Mense gaan oor tot aksie omdat hulle die behoefte aan iets wat ontbreek ondervind en wanneer daardie behoefte dan bevredig is, skuif die mens na die volgende vlak van behoeftes. Behoeftevlakke beweeg dus van die mees primêre tot die mees abstrakte vlak (Champoux, 2006:154).

2.3.2.2 Die manifestasie van Maslow se teorie van die hiërargie van menslike behoeftes in die werksplek

Die manifestasie in die werksplek (skool) is soos volg:

Grondslagfase onderwysers is gewoonlik passievol ten opsigte van onderrig en leer. Sou hierdie passie verdwyn, kan die antwoord in Maslow se teorie gesoek word.

- **Fisiologiese behoeftes**

Volgens Phooko (2008:78) is dit moeilik om 'n huishouding aan die gang te hou met slegs 'n onderwyssalaris – wat aanleiding gee tot die morele verval van onderwysers. Soos Steyn en Van Niekerk (2008:137) aandui, is die onderwysdepartement vir die betaling van salarisse aan Grondslagfase onderwysers verantwoordelik, waarin hoofde van skole 'n dinamiese rol speel om te verseker dat onderwysers hulle salarisse ontvang en spesiale reëlings getref word indien 'n vertraging met die uitbetaling sou opduik. Onderwysers kan nie in hul eie en gesinsverpligtinge ten opsigte van kos, water en behuising voorsien sonder voldoende besoldiging nie (§ 1.2.3).

Sodra die behoefte op vlak 1 vervul is, tree die volgende vlak se behoeftes outomaties in werking. Dit verteenwoordig behoeftebevrediging op 'n hoër vlak, naamlik veiligheidsbehoeftes. Die onderwysberoep moet onderwysers sekuriteit gee sodat hulle die sekerheid het dat hul oorlewing en voortbestaan nie bedreig word nie (Steyn & Van Niekerk, 2008:135). Veiligheid- en sekuriteitsbehoeftes sluit fisiese en ekonomiese veiligheid, asook werksekuriteit in. Jancova (2009:9) beweer dat individue juis die onderwysomgewing betree omdat onderwys as 'n stabiele beroep beskou word. Volgens Prozesky (2005:53) versterk die gevoel van sekuriteit, stabiliteit, beskerming, orde en struktuur die gevoel van veiligheid. Die formulering van verskillende beleidsdokumente – soos skoolbeleid, sportbeleid, MIV/VIGS-beleid, dissiplinebeleid, fasebeleid en assesseringsbeleid – kan tot Grondslagfase onderwysers se psigiese veiligheid en gemoedsrus bydra. Duidelike riglyne met betrekking tot skooltye, verlofbepalings, onderwyserafwesighede en kommunikasiekanale sal Grondslagfase onderwysers oor 'n nuwe skoolomgewing inlig wat 'n gevoel van veiligheid en stabiliteit laat ontstaan. Veilige werksomgewings, waar Grondslagfase onderwysers vry van intimidasie deur ouers en leerdergeweld is, is nóg 'n veiligheid- en sekuriteitsbehoefte waaraan voldoen behoort te word (Steyn & Van Niekerk, 2008:137).

- **Sosiale behoeftes**

Aanvaarding en sosiale behoeftes verwys na die behoefte om aan 'n groep te behoort en om met 'n suksesvolle span te identifiseer. Steyn en Van Niekerk (2008:137) beveel aan dat onderwysers op komitees dien – soos die sportkomitee of kultuurkomitee van die skool – sodat die sosiale behoefte bevredig kan word. Gereelde terugvoer van die onderskeie komitees is noodsaaklik om die onderwyser se behoefte aan “behoort” te bevestig. Die groeiende ledetal van vakbonde is 'n bewys van die sosiale behoefte van onderwysers – nie net vir bemagtiging nie, maar ook hul behoefte aan “behoort”. Van Rhyn (2006:19) beweer dat 'n individu wat nie deel van 'n groep is nie, meer geneig is om 'n swak selfbeeld te hê, relatief lae dryfkrag ervaar, minder kreatief is en aan sosiale onttrekking lei.

- **Selfagting**

Eiewaardebehoefte verwys na die innerlike drang om waardevol en gerespekteer te voel. Phooko (2008:57) verduidelik dat onderwysers se onvermoë tot effektiewe onderrig tot skuldgevoelens lei, wat uiteindelik op 'n lae eiewaarde uitloop. Onderwysers word ontmoedig indien daar nie aan hulle eiewaardebehoefte voldoen word nie. Die voldoening aan hierdie behoeftes gee selfvertroue (Steyn & Van Niekerk, 2008:136) en mense wat 'n verskil in ander mense se lewens bring, se selfvertroue en menswaardigheid verbeter. Erkenning van 'n onderwyser se harde werk dra by tot 'n gevoel van eiewaarde (Jancova, 2009:10), aangesien behoeftes deur toekennings en erkenning bevredig word. Die aanmoediging van personeel en erkenning van personeelprestasie kan dus nooit as lukraak beskou word nie (Steyn & Van Niekerk, 2008:137).

- **Selfaktualiseringsbehoefte**

Selfaktualiseringsbehoefte verwys na die vervulling en die ontwikkeling van 'n persoon se eie potensiaal (Steyn & Van Niekerk, 2008:136). Hierdie behoefte behels aspekte soos kreatiwiteit, verbeterde kwalifikasies en die aanpak van uitdagende projekte. Dit is een van die moeilikste behoeftes om in die werksplek aan te pak. Hoofde van skole speel 'n belangrike rol in aanmoediging tot kwalifikasieverbetering deur personeel deel van besluitneming te maak en 'n werkroteringsstelsel te bewerkstellig om verveling te voorkom (Steyn & Van Niekerk, 2008:137). De Villiers (2009:25) beveel ook streshanteringsprogramme aan, sodat die individu sy/haar volle potensiaal tydens personeelontwikkeling kan bereik.

Die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks gaan onder veranderende sosio-ekonomiese en ander uitdagings gebuk. Die eerste vlak behoeftes behels faktore wat noodsaaklik is vir oorlewing (bv. water, kos en slaap). Al hierdie behoeftes kan in die werksomgewing bevredig word, sou die skool oor 'n genoegsame aantal klaskamers beskik wat goed geventileer is; daar nie te veel leerders per klas is nie; salarisse elke maand ontvang word; en 'n gebruikersvriendelike werksomgewing

bestaan. Die skoolbestuur kan 'n veilige werksomgewing daarstel waar positiewe interpersoonlike verhoudings aangemoedig word, wat sodoende Grondslagfase onderwysers die geleentheid bied om hoërde-behoeftes soos persoonlike groei, vordering en selfvervulling te bereik.


2.3.3 Alderfer se teorie van bestaan-verband-groei (*existence, relatedness and growth: ERG-theory*)

Clayten Alderfer is in September 1940 in Sellersville, Pennsylvania, gebore. Hy is 'n Amerikaanse sielkundige bekend daarvoor dat hy Maslow se hiërargie van menslike behoeftes hersien het. Alderfer het tot 1992 as navorser, lektor en programdirekteur gepraktiseer. Hy was verbonde aan die Universiteit van Cornwel, Yale en Rutgers. Ter aanbreek van die nuwe millennium, het Alderfer sy eie konsultasiemaatskappy begin (Van Vliet, 2014).

Volgens Jancova (2009:11) het Alderfer gepoog om Maslow se teorie van die hiërargie van menslike behoeftes aan te vul. Champoux (2006:155) beskryf Alderfer se bestaan-verband-groei-teorie (*existence, relatedness and growth of ERG-theory*) as die uitbreiding van Maslow se teorie van die hiërargie van menslike behoeftes. Sekere aspekte van Alderfer se teorie kom met dié van Maslow ooreen en is insiggewend in terme van die effek wat sekere primêre behoeftes op die menslike gedrag het (Dehaloo, 2011:18). Alderfer het ter uitbreiding van Maslow se teorie die konsep frustrasie-regressie-hipotese ontwikkel waar hy aanvoer dat as hoëvlak-behoeftes nie vervul word nie, sal die individu outomaties na die laer vlak van behoeftes terugkeer. Drie basiese menslike behoeftes word in Alderfer se teorie beklemtoon, naamlik: bestaan, verband en groei (Caulton, 2012:3). Volgens Alderfer se ERG-teorie realiseer verskillende behoeftes gelyktydig en volg dit nie altyd 'n hiërargiese volgorde nie (Mathe et al., 2012:9). Die bestaansbehoefte behels die mens se fisiese en materiële behoeftes, terwyl verbandsbehoeftes affektiewe behoeftes, soos liefde en sosiale verhoudings, omvat. Groeibeheftes hou verband met die ontwikkeling van 'n persoon se selfwaarde en selfaktualisering (Caulton, 2012:5).



Alderfer (Wikipedia, 2015b)



Figuur 2-1: 'n Skematiese voorstelling van Alderfer se teorie van bestaan-verband-groeï (ERG-teorie) (aangepas uit Dehaloo, 2011:18)

Woolfolk (2007:82) beklemtoon die feit dat die belangrikste taak van die onderwyser onderrig en leer is. Die gemotiveerde onderwyser het drie uitstaande eienskappe, naamlik dat hy/sy oor positiewe interpersoonlike verhoudings beskik; hy/sy handhaaf goeie dissipline; en is goeie motiveerders. Erkenning vir die bogenoemde vind in die werksplek plaas wanneer daar voortdurend op 'n gepaste, tydige en spesifieke wyse terugvoer oor personeelprestasies gegee word (Jancova, 2009:10).

Die toepassing van Alderfer se teorie in die werksplek, met die skool as werkskonteks in hierdie studie, opper die volgende:

Bestaansbehoefte impliseer fisiese, fisiologiese en veiligheidsbehoefte. Die skool, as werkskonteks, voldoen aan die bestaansbehoefte deur die waarborg van 'n veilige plek en die betaling van kompeterende salarisse (Caulton, 2012:5).

Verbandsbehoefte behels die behoefte van die mens aan sosiale verhoudings en om liefde te ervaar en te gee, met ander woorde 'n omgeegevoel. Deur deel te wees van die personeel en onderskeie komitees – soos die verversingskomitee en intervensiekomitee by skole – kan 'n “behoort-aan-gevoel” skep word wat personeellede bymekaarbring. Die wel en wee van die personeel word as 'n prioriteit beleef wanneer personeel mekaar beter leer ken. Onderlinge respek vir mekaar en 'n sensitiewe, positiewe ingesteldheid teenoor mekaar en omstandighede is van kardinale belang. Die vervulling van hierdie behoefte dra by tot sosiaal-emosionele welstand (Caulton, 2012:6).

Groeibehoeftes impliseer die intrinsieke behoefte aan persoonlike ontwikkeling, kennisuitbreiding en verryking van die mens. Onderwysers moet die geleentheid gebied word vir persoonlike en professionele groei deur die bywoning van werksinkels, kursusse, seminare en konferensies. Verdere studie bied uitstekende geleentheid tot selfverryking (Woolfolk, 2007:373).



Figuur 2-2: 'n Skematiese voorstelling van Alderfer se teorie van bestaan-verband-groei (aangepas uit Arnolds & Boshoff, 2002:702)

Volgens Champoux (2006:155) beskik alle mense oor die behoeftes wat in die skematiese voorstelling (figuur 2-2) uitgebeeld word, alhoewel nie almal noodwendig in dieselfde veelvuldigheid nie. Die ERG-teorie het 'n beduidende invloed op menslike gedrag en toon ooreenkomste met Maslow se teorie.

2.3.4 Herzberg se twee-faktor-teorie

Frederick Irving Herzberg is in April 1923 in Lynn, Massachusetts, gebore en in Januarie 2000 oorlede. Herzberg was 'n Amerikaanse sielkundige met groot invloed in besigheidsbestuur. Hy was verbonde aan die Universiteit van Pittsburgh (Kumar, 2013).

Herzberg het die twee-faktor-teorie in reaksie op Maslow se hiërargie van menslike behoeftes ontwikkel. Hierdie teorie is gebaseer op 'n studie van 200 deelnemers uit die ingenieurswese- en rekenmeesterprofessie. Herzberg se twee-faktor-teorie kan as 'n werksbevredigingsteorie beskou word. Jancova (2009:11) verklaar dat deelnemers in onderhoude gevra is om tye van tevredenheid en ontevredenheid in die werksplek aan te dui. Herzberg het in hierdie navorsingstudie twee faktore geïdentifiseer wat direk met werkstevredenheid verband hou, naamlik higiënebehoefte en motiverende behoeftes. Gevoelens van tevredenheid met hulle werk was gewoonlik weens faktore wat direk met die werk verband hou, terwyl gevoelens van ontevredenheid die gevolg was van omstandighede in die werksomgewing en nie die werk self nie (Kakkos & Trivellas, 2011:409). Hierdie twee werksfaktore van Herzberg het, volgens Steyn en Van Niekerk (2008:138), 'n uitwerking op mens se werksingesteldheid. Die twee-faktor-teorie bepaal dat daar sekere faktore in die werksplek is wat tot werksbevrediging lei, terwyl ander faktore tot ontevredenheid aanleiding gee. Die twee stellingwerksfaktore wat Herzberg onderskei (Mathe *et al.*, 2012:19) word vervolgens bespreek.

2.3.4.1 Higiëne faktore

Indien daar nie aan higiënebehoefte voldoen word nie, veroorsaak dit ontevredenheid en ongemotiveerdheid. Higiëne faktore verwys na eksterne of omgewingsfaktore by die werk, soos salarisse, sekuriteit, interpersoonlike verhoudings en die fisiese werksomgewing (Jancova, 2009:11). Dit word ook onderhoudsfaktore genoem en sluit toesighouding, status, beleid en administrasie in. Mens streef daarna dat higiënebehoefte vervul word, omdat hulle ongelukkig is daarsonder. Wanneer daar eers aan die behoeftes voldoen is, lei dit verder tot motiverende faktore.

2.3.4.2 Motiverende faktore

Motiverende faktore is die tweede stel faktore van belang by behoeftebevrediging (Kakkos & Trivellas, 2011:411) en hou verband met die werk. Dit verwys na intrinsieke faktore van die werk, soos verantwoordelike; geleentheid vir kreatiwiteit en oorspronklikheid; onafhanklikheid; uitdagings; en betekenisvolheid van take en belangstellings (Jancova, 2009:11). Individue sal gemotiveer word as daar aan intrinsieke behoeftes aandag geskenk word. Herzberg se teorie beklemtoon die waarde van intrinsieke faktore vir motivering.

Du Toit (2006:93) verduidelik dat individue (Grondslagfase onderwysers), in die lig van onderskeie behoefte- en ontwikkelingsteorieë, verskillend op die uitdagings van die onderwysstelsel in Suid-Afrika reageer. Elke individu beleef verandering en spanning op 'n unieke wyse vanweë genetiese faktore en omgewingsinvloede gedurende die ontwikkeling van kind tot volwassene (Woolfolk, 2007:11).

Sistemiese teorieë (soos Herzberg se twee-faktor-teorie) word in verskeie beroepsvelde, soos die ekonomiese, mediese, psigologiese en onderriggedrewe beroepe, geïmplementeer. Dit is dus toepaslik dat navorsing op die ontwikkeling van al die onderskeie faktore fokus, naamlik die personeel, kurrikulum, leerders en administratiewe verpligtinge (Donald *et al.*, 2006:37).

2.4 DIE GRONDSLAGFASE ONDERWYSER

Die aard van die onderwyser/Grondslagfase onderwyser word vervolgens beskryf.

Die literatuur bestempel "*inviting teachers*" as die ideale onderwyser en daarom word daar in dié studie na *uitnodigende onderwysers* verwys. Uitnodigende Grondslagfase onderwysers tree as onderwysleiers na vore (Robinson, 2011:65). Volgens Steyn (2005:260) is die filosofie van uitnodigende onderrig en leer die daarstelling van aktiwiteite om 'n skoolklimaat te verander. Hierdie verandering bring die bevordering van 'n uitnodigende skoolklimaat mee wat as't ware Grondslagfase onderwysers en leerders uitnoui om deel van uitnodigende onderrig en leer te wil

wees, wat bydra tot die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers en leerders.

'n Gesonde skoolklimaat bevorder die bewerkstelling van 'n uitnodigende skool waar individue hulle volle potensiaal besef en ontwikkel (Steyn, 2005:258). Belangrike vrae wat in dié verband gevra word, is: Watter soort onderwyser benodig Suid-Afrika? Watter faktore beïnvloed die effektiewe implementering van 'n uitnodigende skoolklimaat sodat skole funksioneel kan wees? Om hierdie vrae behoorlik te ondersoek, moet die verskillende kategorieë onderwysers in die formele onderwyssektor eers ondersoek word.

2.4.1 Drie kategorieë van onderwysers

Whitaker *et al.* (2009:16) verwys na drie kategorieë onderwysers in skole:

- uitnodigende onderwysers;
- tradisioneel hardwerkende onderwysers; en
- die laaste groep is die gemiddelde onderwysers.

Uitnodigende onderwysers is moeilik om te vervang. Hierdie groep onderwysers verteenwoordig 3 tot 10% van die onderwysers by 'n skool. Hulle beskik oor 'n innerlike selfgedreweheid en motivering en verwag erkenning vir hul insette. Hulle word gewoonlik as gerespekteerde kollegas in die onderwysberoep beskou en is moeilik manipuleerbaar (Whitaker *et al.*, 2009:16).

Die volgende kategorie onderwysers is die tradisioneel hardwerkende, stabiele onderwysers. Hulle word as die hartklop van die skool beskou en bestaan uit 80 tot 90% van die personeel by 'n skool. Dié onderwysers is maklik vervangbaar (Whitaker *et al.*, 2009:17).

Die derde groep is die gemiddelde onderwysers wat deur die bestuur van die skool onmiddellik, indien moontlik, met meer effektiewe onderwysers vervang sou wou word (Whitaker *et al.*, 2009:17).

Goeie onderrig en leer beteken nie bloot dat die ingesteldheid van gemiddelde onderwysers sal verander nie. Volgens Whitaker, in Whitaker en Lumpa (2009:13), moet daar op die effektiewe onderwysers in terme van verandering gefokus word. Die gemiddelde onderwysers moet die geleentheid kry om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel. Whitaker *et al.* (2009:13) beweer dat onderwysers wat hulle volle potensiaal besef en ontgin, 'n direkte invloed op die onderwys het.

2.4.2 Die uitnodigende skool en onderwyser

Uitnodigende onderwysers met dinamiese eienskappe se werk- en leefwyse is van só 'n aard dat hulle op 'n verbale en nieverbale wyse positiewe boodskappe oordra (Robinson, 2011:65). Die optrede van die uitnodigende onderwyser beïnvloed individue se gedrag en denkwyse, wat 'n veranderende klas- en skoolklimaat bevorder.

Steyn (2005:260) verduidelik dat uitnodigende onderwysers deur waardegedrewe eienskappe gekenmerk word, naamlik optimisme, vertroue, respek en doelgerigtheid. Hierdie onderskeie kenmerke verwoord die ingesteldheid van sulke onderwysers en word vervolgens kortliks bespreek.

- **Respek:** Die uitnodigende onderwyser het respek vir hom/haarself, kollegas, ouers en leerders. Hierdie wedersydse respek bevorder betrokkenheid en medeverantwoordelikheid vir uitnodigende onderrig en leer by die skool (Steyn, 2005:261).
- **Vertroue:** Die uitnodigende onderwyser boesem wedersydse vertroue by kollegas, ouers en leerders in. Onderrig word deur koöperatiewe leer en deelnemende aktiwiteite gekenmerk, waar die leerproses en resultate van ewe veel waarde is (Steyn, 2005:262).
- **Optimisme:** Die uitnodigende onderwyser is optimisties oor sy/haar dagtaak en die toekoms. Hy/sy besef sy/haar volle potensiaal en ontgin alle moontlikhede (Steyn, 2005:262), wat kollegas, ouers en leerders beïnvloed.
- **Doelgerigtheid:** Uitnodigende onderwysers word aan hul doelgerigte siening en optrede by die skool en in die samelewing gekenmerk. Skole met uitnodigende onderwysers beskik oor onderwysers wat meewerk tot die skool, beleid en prosesse se verandering na 'n uitnodigende skoolklimaat en -model (Steyn, 2005:262).

Robinson (2011:65) beweer dat die optrede en denkwyse van die uitnodigende onderwyser duidelik in sy persoonlike en professionele lewe sigbaar is. Hulle tree uitnodigend op teenoor buitestaanders in hul persoonlike en professionele lewe.

Steyn (2005:263) identifiseer vier faktore teenwoordig in 'n uitnodigende model, naamlik:

- **Mense:** Die onderwysers, leerders, ouers, administratiewe personeel, faktotum en werkers van die skool. Leerdergeoriënteerde skole is duidelik sigbaar deur die optrede van die mense wat verbonde is aan die skool. Vriendelikheid en bedagsaamheid teenoor leerders en volwassenes is merkbaar.
- **Fasiliteite:** Die skoolgebou, klaskamers, personeelkamer, speelgrond en skoolterrein. 'n Netjiese, goed versorgde skoolgebou en terrein getuig nie alleenlik van estetiese waardes

en norme nie, maar van higiëne en dissipline.

- **Beleid:** 'n Uitnodigende skool beskik oor skoolreëls, gedragkode, regulasies en prosedures wat in spesifieke situasies gevolg word. Die implementering van beleidsdokumente bevestig die regulering en funksionering van die skool as organisasie.
- **Program:** Die kurrikulum en die effektiewe wyse waarop dié kurrikulum in die skool en klaskamer bestuur word, is van belang. Die beheerliggaam en ouerkomitees maak deel uit van die daaglikse beplanning en bestuur van die skool.

Volgens Whitaker *et al.* (2009:105) is *werkstevredenheid* 'n veranderlike wat voortdurend deur situasies en faktore, eie aan die werksplek en individuele disposisionele eienskappe, beïnvloed word. Algemene gedrag, werksbywoning en beroepsverandering is 'n inherente uitvloeisel van werkstevredenheid. Werkstevredenheid het 'n positiewe komponent wat by positiewe organisasie-oriëntasie sigbaar is, maar ook 'n negatiewe komponent wat met werkafwesigheid korreleer. Die individu se direkte emosionele reaksie op die werklike uitkomst in sy daaglikse werksomgewing korreleer met werkstevredenheid. Hierdie werkservaring lei tot 'n positiewe of negatiewe emosionele toestand. Werkstevredenheid korreleer direk met die individu se werksomgewing en behoeftes. Woolfolk (2007:162) beweer dat daar in 'n werksomgewing 'n bepaalde ingesteldheid heers. Hierdie ingesteldheid is 'n positiewe of negatiewe gevoel wat werkstevredenheid of werksonsekerheid laat ontstaan wat korreleer met die individu se behoeftes/verwagtinge en die verwagte uitkomst wat ervaar word.

Werksonsekerheid is 'n gevoel van isolasie in die werksomgewing met nadelige gevolge vir die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers. Werksonsekerheid het 'n impak op die sosiaal-emosionele welstand van werknemers, soos Bothma (2005) aandui. Vroeë aftrede, inkorting van personeel, werkloosheid en herhaalde eise op beter dienslewering is enkele resultate van amalgamasie en afskaffing of vermindering van onderwysposte by skole. Werksonsekerheid belemmer die psigologiese welstand van Grondslagfase onderwysers, wat lei tot wantroue, swak verbintenis tot hul beroep en 'n algehele gevoel van ontevredenheid wat 'n negatiewe uitwerking op Grondslagfase onderwysers se gedrag het.

2.5 ONDERWYSOPLEIDING

De Witt (2009:212) beskou Grondslagfase onderwys as een van die uitdagendste beroepe. Die onderrig en leer van Grondslagfase leerders sluit nie net kennisuitbreiding in nie, maar die oordrag van waardes en norme vir die sosiale en emosionele ontwikkeling van die leerder. Die onderwysbestel van 'n land het dus 'n beduidende rol te vervul in verskeie ontwikkelingsfasette van die leerder. Dit impliseer dat onderwysopleiding aan sekere vereistes moet voldoen sodat 'n onderwyser bevoeg sal wees om aan die praktykeise te voldoen. Finland en Amerika se

onderwysopleiding en -stelsels word vervolgens oorsigtelik bespreek.

2.5.1 Finland

Die onderwysprofessie is 'n gerespekteerde beroep in Finland. Reikai *et al.* (2008) verduidelik dat alle onderwysers in Finland meestersgrade moet hê om in skole te kan onderrig. Selfs dagsorgpersoneel moet oor 'n Baccalaureus-graad beskik voordat hulle na leerders mag omsien. Die onderrig van leerders met spesiale behoeftes verlang 'n meestersgraad met 'n spesialiseringsofvak om aan die spesiale onderrigbehoefte van dié leerders te kan voldoen.

Die Finse onderwysstelsel steun sterk op die volgende kernbeginsels (Reikai *et al.*, 2008):

- Voldoende hulpbronne vir diegene wat dit die meeste nodig het;
- Hoëvlakstandaarde vir spesiale onderwysbehoefte;
- Gekwalifiseerde onderwysers wat bevoeg en bereid is om vir 'n diverse groep leerders skool te hou;
- 'n Gesonde balans tussen sentralisering (*top-down*-benadering) en desentralisering (*bottom-up*-benadering).

Heikkinen (2010) beweer dat transformasie in Finland se onderwysstelsel reeds 40 jaar gelede ontstaan het. Hierdie transformasie het direk tot die ekonomiese herstel van die land bygedra. Finland het in 2006 die eerste plek uit 57 lande in die sosiale wetenskappe behaal en in 2009 was Finland tweede in sosiale wetenskappe, derde in leesvaardighede en sesde in wiskundeprestasie onder 'n halfmiljoen leerders wêreldwyd. Volgens Herbert en Karlsen (2010:12) is daar 'n toenemende bewustheid oor die verskeidenheid kultuurgroepe ten opsigte van taal, geloof, geslag, ouderdom, asook ontwikkelde en onontwikkelde bevolkingsgroepe in Finland. Die onderwysers word aangemoedig om elke jaar aan indiensopleidingsessies deel te neem wat deur verskeie opleidingsinstansies aangebied word. Befondsing word deur die staat vir die opleidingsinstansies beskikbaar gestel sodat die implementering van die kurrikulum en beleidsdokumente na behore kan plaasvind. Multikulturele onderrig word as 'n interkulturele uitdaging gesien. Dié uitdaging word die hoof gebied deur op gelyke deelname en gelyke geleentede vir alle leerders te fokus.

Herbert en Karlsen (2010:13) voer aan dat die onderwyser die bemiddelaar is vir alle menseverhoudings tussen die leerders, ouers, kollegas en alle belanghebbendes van die plaaslike gemeenskap. Finland se onderwysstelsel gebruik kuns en kultuur as 'n kruiskurrikulêre instrument, sodat die verskillende kultuurgroepe meer van mekaar leer. Dit word moontlik gemaak deur liedere, gedigte, verhale en visuele kunste om nasiebou te bevorder en kennis op internasionale vlak uit te bou. Daar is selde meer as 20 leerders per klas. Voorskoolse onderrig en onderrig van graad 1 tot 12 is gratis (Anon, 2012).

2.5.2 Die Verenigde State van Amerika (VSA)

Volgens Smith (2012) word spesialisonderwysers in die VSA met 'n internasionaal erkende Baccalaureus-graad opgelei om onderwysers en leerders vir lewenslange leer voor te berei. Sedert die middel tagtigerjare, het die VSA 'n nasionale kurrikulum gebaseer op uitkomsgebaseerde onderrig, geïmplementeer. Die verandering aan die nasionale kurrikulum in die VSA is die gevolg van faktore ten opsigte van werkverwante eise wat aan onderwys en opleiding gestel word. Hume (2013) verduidelik dat elke staat in die VSA oor sy eie onderrigstelsel met vasgestelde riglyne beskik. Jacobs (2008:21) het bevind dat die VSA 'n sterk en omvattende beleid handhaaf om gelyke onderwysgeleenthede aan almal te voorsien. Inklusiewe onderwys word as norm aanvaar en integrasie en gelykheid word as maatstaf gebruik.

Openbare skole ontvang befondsing van die staat, maar ook van die provinsiale owerhede. Jacobs (2005:21) beweer dat die VSA reeds vir dekades sukses met jong leerders se ontwikkeling behaal deur hulp ten opsigte van intervensie en betrokkenheid in die vroeë kinderjare te verskaf. *Head Start* se opvoedkundige programme vir leerders bedien meer as 900 000 kinders en hul gesinne uit laer inkomstegroepe in die VSA. Die *Head Start*-program is in 1965 begin en was aanvanklik op die onderrig van kinders tussen 3- en 5-jarige ouderdom gerig. Die program het op voorbereiding vir skool- en leergereedheid gefokus. Families met babas, peuters en kleuters word tans bedien, aangesien die program van geboorte tot 5 jaar aangebied word. Jacobs (2008:22) het voorts bevind dat navorsing deur Colombia Universiteit, in samewerking met die *Early Head Start Research Consortium*, toon dat jong kinders wat aan die program blootgestel is se leergereedheidsvlakke teen skooltoetrede op standaard was. Geen soortgelyke gratis hulpstelsels vir jong leerders se skoolprogramme is in Suid-Afrika beskikbaar nie. Ouers ontvang slegs 'n welsynstoelaag van die staat vir voedsel en klere. Leerders ontvang gratis onderrig in die VSA van graad 1 tot 12 en skole word deur die plaaslike distrikte bestuur. Die algemene beleidsdokumente vir skole word deur die beheerliggaam saamgestel en daar word toegesien dat dit ingevolge die departementele voorskrifte uitgevoer word.

'n Tweektalige program word in die klasse aangebied waar daar twee onderwysers voltyds in die klas teenwoordig is. Die een onderwyser onderrig in Sjinees (Mandaryns), terwyl die ander onderwyser die aanbieding in Engels onderrig. Onderrig en leer word betekenisvol in klein groepies aangebied. Volgens Smith (2012) is gelukkige leerders suksesvolle leerders. Assessering behels formatiewe en summatiewe assessering. Elke leerder word in Mandaryns, Wiskunde en Engels geassesseer.

2.5.3 Suid-Afrika

2.5.3.1 Agtergrond van onderwys in Suid-Afrika

Phooko (2008:2) beskou die uitdagings van die onderwysgemeenskap in Suid-Afrika as uniek. Suid-Afrika het vanaf 1994 radikale wetgewende verandering in die onderwys ondergaan, soos in die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 vervat (Departement van Onderwys, 2001:1). Agtien verskillende onderwysdepartemente is onder een ministerie gevoeg sodat eenvormigheid verkry kon word. Hierdie verandering is ten opsigte van die kurrikulum, kwalifikasiestrukture, ondersteuningsdienste en onderwysersopleiding teweeggebring.

Die opleiding van onderwysers behoort, volgens Woolfolk (2007:7), teoretiese kennis te bevat sowel as ondersoekend en rigtinggewend van aard te wees. Onderwysersopleiding moet die voornemende onderwysers bemagtig sodat 'n verskeidenheid van onderrigstrategieë gebruik, ontdek en ontwikkel word.

Cross en Hong (2012:959) beweer dat kennis van en empatie vir individuele en sosiale aspekte nodig is sodat insig en begrip vir die wêreld van die onderwyser getoon kan word. Die onderwyser wat daaglikse uitdagings van die skoolomgewing die hoof bied, gefokus en optimisties is, bevorder kwaliteit-onderrig en -leer. Radikale wetgewende verandering in die onderwys vereis die ontdekking van nuwe onderrigstrategieë deur middel van basiese navorsing sodat veranderende uitdagings die hoof gebied kan word (Woolfolk, 2007:7). Hierdie unieke uitdaging wat Grondslagfase onderwysers van die 21ste eeu ervaar, vereis die vermoë om innoverend te dink, te beplan en met nuwe rigtinggewende oplossings vorendag kom.

Soos dit blyk uit die SAOU se Nuusbrief 4 (2014) het die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO) die besonderhede van die Deurlopende Professionele Onderwyser Ontwikkelingsprogram (DPOO) amptelik bekendgestel. Die DPOO het ten doel dat huidige onderwysers verantwoordelikheid vir hul eie voortgesette professionele ontwikkeling moet aanvaar. Die uiteindelijke langtermyn doel met die DPOO is die verbetering van klaskamerpraktyke en leeruitkomst. Die leemtes wat in skole ervaar word, word deur die DPOO geïdentifiseer en as professionele ontwikkelingsbehoefte aangepak.

2.6 ROLLE VAN DIE GRONDSLAGFASE ONDERWYSER

2.6.1 Agtergrond

Die *Norms and Standards* (SA, 2000) was die nuwe amptelike nasionale dokumente met riglyne oor onderwysersopleiding in Suid-Afrika. Sedert 2000 word die opleiding van onderwysers in Suid-Afrika volgens dié norme en standaarde vanuit 'n nuwe perspektief beskou (SA, 2000:1). Die beleid

vereis dat die opleiding van onderwysers aan sewe geïntegreerde rolle in die praktyk gekenmerk word en hierdie rolle word as die hoeksteen van die nuwe beleid beskou (SA, 2000:1). Die beleid het die bemagtiging van toekomstige onderwysers tydens onderwysopleiding ten doel gehad om op 'n geïntegreerde wyse die sewe rolle in praktyk toe te pas. Hierdie dokumente is in 2011 deur die *Minimum Requirements for Teacher Education Qualifications* (Nzimande, 2011:3) vervang en word volledig in § 2.6.3 bespreek.

In die literatuur word die rolle van onderwysers vanuit verskillende invalshoeke beskryf. Die Grondslagfase onderwyser vervul 'n verskeidenheid rolle, met spesifieke invloed op leerders van graad R tot 3. Verskillende outeurs se sienings oor die rolle van Grondslagfase onderwysers word vervolgens beskryf.

Volgens Ebrahim, Verbeek en Mashiya (2011) word 'n spesialisonderwyser gekenmerk aan die vaardighede wat 'n positiewe verandering in die onderwysstelsel meebring. Volgens Ebrahim *et al.* (2011) is daar drie rolle waarvolgens Grondslagfase onderwysers hulself kan onderskei. Grondslagfase onderwysers het die keuse om bloot net kennis aan leerders oor te dra; kennis uit te brei of aan te pas; of 'n bydrae tot kennisuitbreiding van leerders te lewer deur die kurrikulum te skep en te ontwikkel.

Elke rol, soos in Ebrahim *et al.* (2011) vervat, word vervolgens uiteengesit. Die onderwyser wat bloot net kennis oordra:

- implementeer die kurrikulum soos voorgeskryf;
- neem die rol van kennisverskaffer aan; en
- volg die kurrikulum slaafs na.

Ebrahim *et al.* (2011) bestempel die kreatiwiteit en passie van die onderwyser wat bloot net kennis oordra, as minimaal. Dié onderwysers se potensiaal om lesplanne te ontwerp word beperk omdat hulle voorgeskrewe lesplanne gebruik wat deur ander individue ontwerp is (Kavanoz, 2006).

Die onderwyser as leerinhoudaanpasser/-uitbreider:

- neem 'n meer verantwoordelike en passievolle rol aan;
- raak meer kennisgedrewe en pas die kennis toe (kennisuitbreiding) (Gambrell *et al.*, 2007);
- pas metakognisie toe in terme van hoe en wanneer leerinhoudaanpassing en -uitbreiding in onderrig en leer plaasvind (Lin *et al.*, 2005); en
- wysig lesplanne om by die onderrigbehoefte en -konteks van die leerders aan te pas.

Die onderwyser wat leerinhoud aanpas om by die behoeftes van die leerders te pas, tree proaktief op (Ebrahim *et al.*, 2011). Die onderwyser as skepper/ontwikkelaar van die kurrikulum:

- tree innoverend en kreatief op;
- waag om buite die veilige grense van die kurrikulum te beweeg;
- tree professioneel en met selfvertroue, pedagogies outonoom op;
- werk met kollegas om 'n standaard daar te stel; en
- kan kanse waag en eksperimenteer met leerinhoude (inklusiewe onderrig).

Inklusiewe onderrig is 'n spesialisgebied en verg insig en verdere onderwyskwalifikasies. Verskeie inklusiewe onderrigstrategieë wat alle leerders in die klas insluit, word van die Grondslagfase onderwyser verwag. Klaskamer- en kurrikulumbestuur verg nog meer kundigheid en toegewydheid van Grondslagfase onderwysers om inklusief te kan onderrig (Ebrahim *et al.*, 2011).

Soos Darwin *et al.* (2005:7) uitwys, is die hoofrol van die Grondslagfase onderwyser die beplanning van kwaliteit-onderrig en -leer op só 'n wyse dat dit onderrig en leer versterk. Dit behels die deeglike beplanning van aktiwiteite met bepaalde doelwitte, sodat elke leerder in die klas by die leerervaring baat. Die veiligheid van die leerders moet deurgaans 'n prioriteit wees. 'n Basiese stel dissiplinêre reëls word reeds in die Grondslagfase by leerders gevestig. Emosionele ondersteuning en individuele aandag moet op 'n daaglikse basis aan elke leerder gegee word (Darwin *et al.*, 2005:8).

Woolfolk (2007:7) beskou die belangrikste rol van 'n Grondslagfase onderwyser om 'n spesialis-ondertwyser te wees vir die opvoeding van leerders in graad R tot 3. Dié stelling kan getoets word deur na individue se eie ondervinding met betrekking tot hul Grondslagfase onderwys te verneem (Woolfolk, 2007:3). Grondslagfase onderwysers as navorsers lewer 'n bydrae tot kennisuitbreiding, insameling van inligting, dataverwerking en die analise van inligting wat effektiewe assessering bevorder (Woolfolk, 2007:13).

2.6.2 Beskrywing van die Grondslagfase onderwyser as professionele opvoeder

De Witt (2009:212) verwys na die Grondslagfase onderwyser as 'n professionele opvoeder. Dié benaming impliseer dat die Grondslagfase onderwyser daagliks verskillende rolle vertolk. Besluitneming, die daarstelling van doelwitte en die skep van 'n gunstige leerklimaat is enkele verantwoordelikhede wat die Grondslagfase onderwyser op 'n daaglikse basis moet hanteer.

Volgens De Witt (2009:213) is die belangrikste rolle van die Grondslagfase onderwyser om:

- 'n deskundige op sy/haar vakgebied (Grondslagfase-kurrikulum) te wees;

- leerders aan te moedig om te wil leer;
- die klaskamer effektief te bestuur;
- verantwoordelikheid vir die veiligheid van die leerders te neem;
- leerders se emosionele probleme te hanteer en as berader vir ouers en leerders op te tree;
- verantwoordelikheid as rolmodel in sy/haar professionele en persoonlike lewe te neem;
- toe te sien dat alle administrasie op datum is en om professionele opleidingsessies en vergaderings by te woon;
- departementele beleid (kurrikulum) te beplan, bestuur en uit te voer;
- betrokke te wees by buitemuurse aktiwiteite op sport- en kulturele vlak;
- leiding tydens ouerleidingsessies te neem en ouers met raad en bystand te bedien om leerders se vordering te verseker;
- as leier op professionele gebied en in die gemeenskap op te tree;
- verantwoordelik op te tree en in die breë publiek gerespekteer te word;
- met ouers te kommunikeer en as bemiddelaar, indien nodig, tussen ouer en leerder op te tree;
- persoonlike en professionele groei tussen kollegas te bevorder;
- aktief aan besluitneming, beplanning en uitvoering van pligte by die skool deel te neem; en
- insiklik vir verandering en byvoeging van pligte te wees.

2.6.3 Huidige minimum vereistes vir onderwysersopleidingskwalifikasies (2011)

Die huidige minimum vereiste vir onderwysersopleiding volg op die *South African Norms and Standards* (SA, 2000). Daar is sewe bedingings of kollektiewe rolle wat op 'n dag-vir-dag basis geïntegreerd in praktyk aangebied behoort te word (Nzimande, 2011:52). Daar word nie vereis dat al sewe rolle gelyktydig geïntegreer word nie, maar slegs soos nodig in die onderskeie vakgebiede en volgens prioriteit in die skool. Hierdie rolle geld vir alle fases van onderwysersopleiding. Die sewe rolle word vervolgens kortliks bespreek.

2.6.3.1 Spesialisonderwyser in fase of vakgebied in praktyk

'n Spesialisonderwyser sal deur middel van kwaliteit leiding, omvattende kennis, vaardighede, waardes, onderrigmetodes, doelwitte en prosedures vir 'n spesifieke fase toon. Hierdie vaardighede sal in praktyk goeie resultate tot gevolg hê. Opleiding sal onderwysers bemagtig om 'n verskeidenheid onderrigstrategieë in onderrig en leer te gebruik (Nzimande, 2011:54).

2.6.3.2 Onderrigbemiddelaar

Die onderwyser sal as onderrigbemiddelaar tussen die onderrig- en leergebeure en die leerder optree en moet alle soorte leerders insluit, veral ook leerders met spesiale onderwysbehoefte. Vakinhoud en kennisuitbreiding moet binne die Suid-Afrikaanse konteks wees (Nzimande, 2011:54).

2.6.3.3 Leier, administrateur en bestuurder

Die onderwyser as leier en administrateur sal as medebesluitnemer, klaskamerbestuurder en uitvoerder van administratiewe aangeleenthede in belang van die skool optree. Alle besluitneming sal op 'n demokratiese wyse, ter ondersteuning van personeel en leerders, geskied sodat omstandighede en behoeftes in belang van die personeel en leerders sal wees (Nzimande, 2011:54).

2.6.3.4 Vertolker en ontwikkelaar van leerprogramme en leermateriaal

Die onderwyser sal optree as vertolker en ontwikkelaar in terme van alle leerprogramme en leermateriaal by die skool. Die minimum vereistes in die onderskeie vakke of fases en vakinhoud moet by die ontwikkeling van leermateriaal in gedagte gehou word. Die nodige hulpbronne en frekwensie van werk moet goed bedink en beplan word, sodat alle leerders volgens hul eie vermoë en teen hul eie spoed van ontwikkeling daarby baat vind (Nzimande, 2011:54).

2.6.3.5 Vakkundige, navorser en volgehoue student

Die onderwyser sal hom/haarself in hierdie rol tot 'n volgehoue student, navorser en vakkundige rakende persoonlike, professionele en akademiese ontwikkeling in sy/haar vakgebied/fase verbind. Persoonlike en professionele ontwikkeling moet in belang van onderrig en leer in die vakgebied reflekteer (Nzimande, 2011:54).

2.6.3.6 Assessor

Die onderwyser as assessor sal verantwoordelikheid vir die beoordeling van onderrig en leer as 'n geïntegreerde proses neem. Die onderwyser moet 'n duidelike begrip hê oor onderrigdoelwitte, 'n verskeidenheid onderrigmetodes en -tegnieke, die doel van assessering en die terugvoering aan ouers en leerders. Die Departement van Basiese Onderwys definieer assessering as die proses om kennis oor die leerder in te samel, te analiseer en te interpreteer, sodat onderwysers, ouers, leerders en ander rolspelers ingeligte besluite oor die vordering van die leerder kan neem (South African Department of Basic Education, 2011b). Formele (formatiewe) en informele (summatiewe) assessering moet in ooreenstemming met die leerder se vlak van ontwikkeling en vereistes van die vak/fase beplan, geassesseer en opgeteken word. Assessering moet te eniger tyd aan leerders en ouers beskikbaar gestel kan word. Verslagdoening aan leerders en ouers word een keer per kwartaal deur middel van 'n rapport aan leerders en ouers gegee. Resultate van die assessering

moet deur die onderwyser geïnterpreteer word en in die leerprogramme ingevoeg word vir verdere onderrig en leer (soos nodig) (Nzimande, 2011:55).

2.6.3.7 Gemeenskap, burgerskap en beoefening van herderlike sorg

Die onderwyser moet die toonbeeld wees van eties korrekte gedrag, respek hê en betoon aan mense en 'n verantwoordelike leefwyse in die gemeenskap aanmoedig. Die onderwyser moet as rolmodel van demokratiese waardesisteme in skole en die gemeenskap optree. Hy/sy moet die gemeenskap bemagtig deur middel van ondersteuning aan kollegas, leerders, ouers en die breë gemeenskap. Die beoefening van herderlike sorg manifesteer in die onderwyser se optrede deur 'n platform te skep en gemeenskaplike kwessies aan te pak in die vorm van ondersteuningsnetwerke vir onder meer dwelm- en drankmisbruik, tienerswangerskap en MIV/VIGS (Nzimande, 2011:55).

2.6.4 Professionele etiese aspek in die Suid-Afrikaanse konteks

Die woord *etiek* verwys na die etiese optrede van die onderwyser wat moreel verantwoordbaar is. In die Suid-Afrikaanse konteks moet alle praktiserende onderwysers by die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwysers (SARO) geregistreer wees. Die etiese kode verseker professionele onderrig en leer.

SARO ondersteun die volgende sterk morele waardes en norme:

- Opvoedingsgerig in terme van die onderrig van leerders;
- Deursigtigheid en openheid;
- Kwaliteit-onderrig; en
- Professionalisme (Department of Higher Education and Training, 2011:49).

Die werksomgewing van die onderwyser word vervolgens bespreek.

2.7 DIE WERKSOMGEWING

Die onderwys bied 'n unieke werksomgewing waar 'n verskeidenheid van faktore 'n direkte invloed op die Grondslagfase onderwyser se werkstevredenheid en sosiaal-emosionele welstand uitoefen. Howard (2012:35) beveel aan dat onderwysers by skole 'n daaglikse voorspelbare roetine handhaaf sodat daar nie 'n gevoel van onsekerheid en verwardheid by onderwysers en leerders ontstaan nie. Ondanks die daaglikse administratiewe las, is daar uiteenlopende rolspelers en omstandighede wat die Grondslagfase onderwyser se daaglikse roetine beïnvloed. Die algemeenste rolspelers is die onderwysdepartement, die hoof van die skool, die kurrikulum, buitemuurse aktiwiteite sowel as postmodernistiese ouers en leerders.

Howard (2012:61) beweer dat verskeie faktore 'n uitwerking op werksbevreëdiging het, onder meer Herzberg se twee-faktor-teorie (1968), asook Maslow se teorie van menslike behoeftes (1984). Werksbevreëdiging word aan behoeftes van individue, waardes, verwagtings en doelwitte gekoppel. Omgewingsfaktore en die onderwyser se psigologiese ingesteldheid het 'n direkte invloed op werksbevreëdiging.

2.7.1 Bronfenbrenner se ekologiese ontwikkelingsteorie

Bronfenbrenner se teorie werp lig op die invloed wat die leerder, skool, omgewing en land op die onderwyser se werksomgewing het en die interaksies wat plaasvind (§ 2.3). Bronfenbrenner se ekologiese ontwikkelingsteorie word vervolgens bespreek.

Urie Bronfenbrenner is in April 1917 in Rusland gebore en in September 2005 oorlede. Hy het as Amerikaanse ontwikkelingsielkundige bekendheid vir sy ekologiese ontwikkelingsteorie verwerf. Sy navorsingsbydrae het 'n verandering in die ontwikkelingsielkunde meegebring deur die fokus op kinderontwikkeling in omgewing- en sosiale invloede te plaas (Anon, 2012).

Bronfenbrenner verduidelik hoe kinderontwikkeling beïnvloed word deur verskeie omgewing- en menslike invloede, byvoorbeeld die faktore wat die temperament van die kind tot volwassenheid beïnvloed. Individue ontwikkel binne 'n ontwikkelingsraamwerk wat direk deur sy/haar onmiddellike omgewing geraak word. Woolfolk (2007:73) beweer dat Bronfenbrenner se ekologiese teorie op die interafhanklikheid van verhoudings tussen die individu en verskillende sisteme gebaseer is, wat 'n direkte invloed op die ontwikkeling van die individu het. Hierdie aspekte sluit intrinsieke (faktore van binne) en ekstrinsieke (faktore van buite) in (Donald *et al.*, 2006). Volgens Bronfenbrenner en Morris (2009:795) bestaan hierdie sisteme uit die proses, persoon, konteks en tydsraamwerk. Geen mens ontwikkel in isolasie nie. Hierdie ontwikkelingsraamwerke bestaan uit 'n mikrosisteem binne 'n mesosisteem wat gesamentlik deur 'n ekosisteem omvou word (Bronfenbrenner & Morris, 2009:818). Die ekosisteem se invloed op die ontwikkeling van die individu is indirek (nie direk nie) en behels alle sosiale vraagstukke, asook die individu se werksomstandighede (Donald *et al.*, 2006:42). Vanuit Bronfenbrenner se perspektief is dit duidelik dat die mikrosisteem die individu se familie, vriende, skoolomgewing en aktiwiteite insluit. Die mesosisteem binne die mikrosisteem omvat alle interaksie tussen die elemente van die mikrosisteem (Bronfenbrenner & Morris, 2009:819). Woolfolk (2007:73) beweer dat die mikro- en mesosisteem gesamentlik deur die ekosisteem omvou word, waar elke sisteem afsonderlik en as geheel deel van die makrosisteem vorm waarbinne die "Ek" ontwikkel. Die "Ek" (individu) is verteenwoordigend van die omgewing, aangesien omgewingsfaktore die individu beïnvloed (Geldenhuys & Wevers, 2013:4). Faktore vanuit die omgewing sluit die individu se werksomgewing, waardes, norme en standaarde van die samelewing in (Woolfolk, 2007:74).




Bronfenbrenner (Wikipedia, 2015c)

In die mikrosisteem ontwikkel die individu se interpersoonlike verhoudings en aktiwiteite. Die interpersoonlike verhoudings word aan die wederkerige wisselwerking tussen individue gekenmerk (Woolfolk, 2007:73). Die interaksie tussen die onderskeie sisteme het 'n beduidende uitwerking op die sosiaal-emosionele welstand van die individu.

Volgens Cross en Hong (2012:958) word emosionele welstand hoofsaaklik deur 'n individu se identiteit, oortuigings en doelwitte bepaal. Interne psigologiese veranderinge word deur eksterne faktore vanuit die omgewing veroorsaak en het 'n positiewe of negatiewe impak op emosionele ervarings.

Die volgende skematiese voorstelling van Bronfenbrenner se ekologiese ontwikkelingsteorie illustreer die verskillende faktore wat die individu se ontwikkeling beïnvloed.



Figuur 2-3: 'n Skematiese voorstelling van Bronfenbrenner se ekologiese ontwikkelingsteorie (aangepas uit www.vvc.edu/academic/child_development/droege/.../cd6lectmicro.html)

Bronfenbrenner se ontwikkelingsteorie fokus op ontwikkeling en is dus 'n waardevolle perspektief om in gedagte te hou wanneer individue se optredes, reaksies, interpersoonlike verhoudings, waardes en norme in oënskou geneem word (Donald *et al.*, 2006:37). Elke individu ontwikkel in 'n spesifieke omgewing tot 'n unieke mens.

Hierna word die skool, klaskamer en die Grondslagfase onderwyser bespreek.

2.7.2 Die skool

Verskeie bibliografieë is beskikbaar oor die opvoedkundige doelwit van skole waarin verskeie perspektiewe baie duidelik uiteengesit word. Daar is sosiologiese, psigologiese en fisiologiese perspektiewe met verskillende en uiteenlopende argumente en menings oor die doelwit van skole. Davidoff en Lazarus (2009:7) verduidelik dat al die verskillende argumente een gemeenskaplike doel het, naamlik dat skole die bemagtigingsliggaam moet wees wat die individue voorberei om

aan die eise van die lewe te voldoen en tot 'n gebalanseerde kwaliteit lewe by te dra.

Skole, waar opvoeding en onderrig plaasvind, is in 'n sleutelposisie om sosiaal-emosionele vaardighede te bevorder en die onderwyser is sentraal tot hierdie komplekse gebeure waarbinne 'n veilige leeromgewing met 'n positiewe klimaat geskep word. 'n Veilige leeromgewing bevorder positiewe ontwikkeling en vorming van die leerder se selfvertroue en selfbeeld. Die totstandkoming van sekere waardes en norme korreleer, volgens Davidoff en Lazarus (2009:8), met onderwysers se gedrag in die skoolomgewing teenoor kollegas, leerders en ander rolspelers, sodat leerders uiteindelik 'n positiewe persepsie van die wêreld om hulle ontwikkel. Om in die beste belang van die leerder op te tree, is om 'n vennootskap met die gemeenskap te sluit (Marx *et al.*, 1998:68). Met die implementering van kwaliteit-onderrig en -leer, het die Verenigde Nasies se Kinderfonds (oftewel *United Nations Children's Fund*) (UNICEF, 2009) die konsep van 'n *kindvriendelike skool* daargestel. 'n Kindvriendelike skool word aan die vennootskap tussen die onderwyser en die ouergemeenskap gekenmerk wat gesamentlik die leerders se behoeftes aanpak. Die gemeenskaplike doelwitte van 'n kindvriendelike skool is dat die skool kind-gesentreerd is; 'n demokratiese benadering in belang van die kind volg; inklusief is; en elke kind volgens sy eie vermoë en tempo kan ontwikkel. Die persoonlike lewe van die Grondslagfase onderwyser dien vir leerder en ouer as 'n verlengstuk na die lewe buite die gekoesterde skoolomgewing.

Alle skoolstelsels wêreldwyd, maar ook in Suid-Afrika, bestaan uit openbare en privaatskole. Privaatskole word as onafhanklike skole beskou wat by die onderwysdepartement geregistreer is en ook die voorgeskrewe kurrikulum volg. Luidens die verslag van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge het ouers begin om vertroue in openbare skole te verloor (Bruwer, 2011). Privaatskoolinskrywings het vanaf 2000 tot 2011 met 87% gestyg, terwyl dié van openbare skole oor dieselfde tydperk met 13% gedaal het en die aantal privaatskole het van 971 tot 1486 vermeerder (Bruwer, 2011). Curro Privaatskole, Meridian College, Woodhill College, Southdowns College, Leeuwenhof Akademie en Midstream College is van die bekende privaatskole in Suid-Afrika.

Die Skolewet (Departement van Onderwys, 1997:5) bepaal dat alle leerders op basiese onderrig geregtig is. Daarvolgens moet die staat toesien dat 'n voldoende hoeveelheid goed toegeruste skole, asook besoldigde en goed opgeleide onderwysers in die klaskamers beskikbaar gestel word. 'n Verdere verantwoordelikheid van die staat is die verskaffing van voldoende hulpbronne om waardegedrewe onderrig in skole te verseker.

Davidoff en Lazarus (2009:3) beklemtoon dat die uitdaging in Suid-Afrikaanse skole die erkenning en respek vir die regte van die individu is. Só 'n skoolgemeenskap skep en bevorder 'n gevoel van samehorigheid in plaas van verdeeldheid en mederolspelers word bemaagtig om op 'n volhoubare

wyse waardevolle insette vir die ontwikkeling en voortbestaan van die skoolgemeenskap te lewer (Dehaloo, 2011:11). Die hoofrede daarvoor is die skool se direkte verband met die implementering van opvoedkundige (onderwys) beleid. Indien daar nie aan die beleidsvereistes voldoen word nie, moet die beleid heroorweeg en herbesin word sodat dit in die behoeftes van onderwysers en leerders voorsien. In teenstelling met die verlede, behoort onderwysers 'n integrale deel van beleidmaking te vorm. Dit is duidelik dat onderwysers 'n invloedryke belang in beleidmaking op verskillende vlakke van beleidsformulering het (Davidoff & Lazarus, 2009:5).

2.7.3 Die klaskamer

Kwaliteit-onderrig in klaskamers verseker kwaliteit-onderrig en -leer in Suid-Afrikaanse skole. Klaskamers weerspieël die kultuur en identiteit van elke skool. Soos Meier en Marais (2011:111) opmerk, vorm die klaskamerklimaat die belewing van die Grondslagfase leerder, wat 'n direkte impak het op sy/haar motivering en bereidwilligheid om onderrig te word en aan die onderriggebeure in die klaskamer deel te neem. Dit is belangrik dat elke klaskamer 'n uitnodigende appèl tot elke Grondslagfase leerder rig om deel van uitdagende, relevante en sinvolle leergebeure te word (Davidoff & Lazarus, 2009:6).

Die uitleg en beplanning van die klaskamer is van kardinale belang. Davidoff en Lazarus (2009:6) verduidelik dat die fisiese leeromgewing, soos klasgrootte, die voorkoms van die klas, prente teen die mure, hulpbronne, klaskamermeublement en die algemene stand en versorging van die klaskamer, bepaal hoe positief die Grondslagfase leerder se ingesteldheid teenoor onderrig en leer sal wees. Die sosiale komponent van interaksie tussen leerders met die onderwyser en medeleerders dra tot die belangrike belewing van die klaskamergebeure by. Die kritiese element van klaskamerervaring is die onderrig- en leersituasie, naamlik die leerinhoud en hoe dit oorgedra word. Die onderrig- en leersituasie moet 'n uitnodigende boodskap aan die Grondslagfase leerder stuur sodat die leerder aangemoedig word om aktief aan die leergebeure deel te neem. Al die voorgenoemde fasette maak die klaskamer die kern van die skool, waardeur 'n verbinding vanuit die klaskamer in die skool na die wêreld buite plaasvind.

2.7.4 Die Grondslagfase onderwyser

Onderwysers is deel van 'n professionele beroep en moet soos dokters, prokureurs en ingenieurs by 'n professionele raad geregistreer word. In Suid-Afrika word die professionele status van onderwysers deur SARO geregleer. Volgens Meier en Marais (2011:53) is SARO daartoe verbind om hoë etiese standaarde daar te stel om sodoende die opvoedkundige professie te reguleer. Die werksomgewing van die Grondslagfase onderwyser is 'n komplekse en gespesialiseerde terrein. Daar word van die onderwyser verwag om 'n hoë vlak van waardes en norme te handhaaf, aangesien die Grondslagfase 'n verlenging van die huis is (De Witt, 2009:42).

Die Grondslagfase onderwyser is in die skool primêr die opvoeder vandat sy/hy met graduering die amptelike mandaat ontvang om Grondslagfase leerders te onderrig. De Witt (2009:212) verwys na die Grondslagfase onderwyser as 'n professionele opvoeder. Die onderwyser verbind hom/haarself daartoe om die leerder te begelei om vir die toekoms bemagtig te word. Die onderwyser stel hom/haarself ten doel om die volle potensiaal van die leerder raak te sien en te ontgin, asook bystand tot selfaktualisering en volwassenheid te verleen. Rolle van die Grondslagfase onderwyser is die neem van ingeligte besluite, die daarstelling van doelwitte en die bied van geleenthede aan leerders sodat doelwitte bereik word. Die Grondslagfase onderwyser lewer 'n bydraende aandeel as sleutelrolspeler in die skool. Volgens Woolfolk (2007:3) is die Grondslagfase onderwyser se primêre verantwoordelikheid die ontginning van die Grondslagfase leerder se kognitiewe potensiaal, maar die sosiale, emosionele, fisiese en psigiese potensiaal van die leerder kan nie agterweë gelaat word nie. Volgens De Witt (2009:213) moet 'n bekwame Grondslagfase onderwyser sekere persoonlike aanpassings maak om die taak van onderwys in die Grondslagfase doeltreffend en sinvol uit te voer. Die volgende aanpassings is nodig sodat die taak van die Grondslagfase onderwyser effektief kan verloop.

2.7.4.1 Fisiese eienskappe

Dit is belangrik vir die Grondslagfase onderwyser om gesond en energiek te wees. Fisiese gesondheid verseker voldoende energie en krag om aan die nodige eise van die Grondslagfase-klaskamer te voldoen wat fisiese uithouvermoë van die Grondslagfase onderwyser vereis. Hierdie daaglikse eise verg 'n hoë vlak van energie wat as entoesiasme manifesteer, byvoorbeeld lewendige gespreksvoering; wakker en meelewende ooguitdrukking; sowel as ekspressiewe liggaamstaal en -bewegings (Whitaker *et al.*, 2009:35). Die uiterlike beeld van die Grondslagfase onderwyser in terme van voorkoms, kleredrag en gedrag weerspieël die onderwyser se inherente aard. Die Grondslagfase onderwyser moet self goed opgevoed wees en van goeie smaak getuig (Woolfolk, 2007:15).

2.7.4.2 Persoonlike en sosiale vaardighede

'n Bekwame Grondslagfase onderwyser het 'n liefdevolle, akkommoderende en entoesiastiese persoonlikheid wat 'n vriendelike en gelukkige beeld uitstraal. 'n Goeie sin vir humor is belangrik. Hy/sy moet lief wees vir kinders, hulle optrede verstaan en hulle met respek en deernis hanteer. 'n Sin van regverdigheid is baie belangrik vir positiewe besluitneming. 'n Grondslagfase onderwyser moet altyd met selfvertroue optree, geduld en takt hê sodat sosiale en emosionele aangeleenthede aangepak word. Ferm en verantwoordelike, maar demokratiese optrede word altyd van hom/haar verwag sodat daar op hom/haar gereken kan word (De Witt, 2009:213).

Emosionele intelligensie by Grondslagfase onderwysers is 'n noodsaaklikheid om daaglikse klaskamerspanning wat by onderwysers en leerders ontstaan, die hoof te bied (Powell & Kusuma-

Powell, 2010:16). Grondslagfase onderwysers met die nodige emosionele intelligensie is in staat om fisiese en psigiese gebruikersvriendelike klaskamers te skep.

2.7.4.3 Professionele eienskappe

Die suksesvolle Grondslagfase onderwyser is 'n goed opgeleide onderwyser met deurdagte kennis van die verwagtinge waaraan hy/sy moet voldoen. Hy/sy is altyd in beheer en voorbereid. Effektiewe stemgebruik is krities vir die onderrig van Grondslagfase leerders en goeie taalgebruik is onontbeerlik, gegewe Grondslagfase leerders se ontvanklikheid en afhanklikheid van taalverwerwing (De Witt, 2011:214).

Volgens Donald *et al.* (2009:151) het die Grondslagfase onderwyser in Suid-Afrika 'n multidimensionele rol wat met 'n wye verskeidenheid van vaardighede vertolk moet word. Die Grondslagfase onderwyser moet as opvoeder optree; leerprogramme ontwikkel; 'n spesialis, leier en bestuurder op die relevante vakgebied wees; asook 'n ondersteuningsmeganisme en navorser met die oog op lewenslange leer wees. Die sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwyser moet kerngesond wees om alle uitdagings te kan aanpak.

2.8 OORSAKE VAN SOSIAAL-EMOSIONELE NIE-WELSTAND

Stres is deesdae 'n algemene verskynsel in 'n onsekere, gejaagde en kompeterende wêreld wat deel van alle beroepe uitmaak (De Witt, 2011:157). Die faktore of stimulus wat stres veroorsaak word *stressors* genoem en is fisiologies of psigologies van aard. Die faktore of stimulus wat 'n stressor vir een persoon is, is nie noodwendig 'n stressor vir 'n ander persoon nie. Volgens Steyn en Van Niekerk (2008:183) veroorsaak sekere faktore of stimulus spanning by 'n persoon wanneer die gestelde eise buitensporige gevolge op die fisiologiese of psigologiese respons het.

Spanning manifesteer in verskillende vorme, soos De Witt (2009:158) noem. Stres is eerstens die gevolg van 'n toename in eksterne druk op die individu of 'n stressor wat ongemak veroorsaak. Tweedens, gedwonge gebeure wat verandering en aanpassings verg, veroorsaak spanning. Derdens kan enige emosioneel-onstabiele toestand of emosionele ongemak stres tot gevolg hê en laastens kan enige vorm van fisiese verandering tot 'n stresvolle situasie bydra.

Spanning en stres ontstaan sodat die interaktiewe sistemiese benadering van die gevolge van stres in die individu beklemtoon word waar die fisiologiese, psigologiese en sosiale sisteme interaktief teenoor mekaar staan. De Witt (2009:158) verduidelik dat 'n sekere mate van stressors negatief sowel as positief van aard is.

Stressors is die gevolg van eksterne faktore soos werkslading, huislike omstandighede of die verlies van 'n geliefde. Net so word stres deur interne psigososiale faktore soos verhoudings,

verlies aan lewensvreugde en negatiewe gedagtes veroorsaak. 'n Beduidende getal skoolhoofde en onderwysers word met uitbrandsindroom gediagnoseer (Meier & Marais, 2011:16). Uitbrandsindroom ontstaan weens konstante psigiese en emosionele spanning. Toenemende komplekse verantwoordelikheid dra by tot omstandighede wat 'n negatiewe invloed op onderwysers se sosiaal-emosionele welstand het. Skoolbestuurders moet let op die vroeë simptome van uitbranding by personeel.

Die volgende faktore veroorsaak ang en spanning by Grondslagfase onderwysers (Meier & Marais, 2011:17):

- swak ondersteuning van onderwysdepartement, skool en gesin;
- swak werksomstandighede/hulpbronne;
- oorvol klaskamers as gevolg van onderwyser-leerder-ratio;
- swak tidsverdeling van akademiese verantwoordelikhede ooreenkomstig beleidsvoorskrifte;
- oormatige administratiewe pligte;
- ontoereikende salarispakkette;
- daaglikse onderbrekings in die klasrooster; en
- oormatige buitemuurse lading vanweë personeelvoorsiening.

Verdere faktore verantwoordelik vir spanning en stres, is swak dissipline in skole; die verval van waardesisteme; gebrek aan emosionele ondersteuning; swak promosiedoeleindes; verlies aan werksekuriteit; gebrek aan werksvreugde; beperkte hulpbronne; postmodernistiese ouers; en multikulturele klasse. Die bogenoemde faktore maak deel uit van die daaglikse skoolgebeure waaraan Grondslagfase onderwysers uitgelewer is. Volgens Steyn en Van Niekerk (2008:183) is stres 'n fisiese of psigologiese reaksie na aanleiding van gebeure wat spesifieke fisiese of psigologiese aanpassings verg bo en behalwe 'n persoon se alledaagse normale funksionering. Stres by die individu word gedefinieer as 'n persoon se aanpasbare reaksie op buitensporige fisiologiese en psigologiese eise wat deur sekere faktore of stimuli veroorsaak word (Steyn & Van Niekerk, 2008:182).

2.9 WERKVERWANTE FAKTORE WAT DIE SOSIAAL-EMOSIONELE WELSTAND VAN GRONDSLAGFASE ONDERWYSERS BEÏNVLOED

Grondslagfase onderwysers in Suid-Afrika verkeer toenemend onder geweldige druk as gevolg van verskeie rolspelers soos die onderwysdepartement, die skoolhoof, ouers en leerders. Die onderwysdepartement en skoolhoofde verwag dat Grondslagfase onderwysers voortdurend by

nuwe leerplanne en veranderinge aanpas wat somtyds deur die teenstrydigheid tussen nasionale en provinsiale beleid bemoeilik word. Sedert 1994 is die nasionale kurrikulum vier maal gewysig. Hierdie verandering in kurrikulum veroorsaak onsekerheid by onderwysers en laat hulle in die duister. Na die April 1994-verkiesing het die onderwysdepartement stappe geneem om die nalatenskap van apartheid te verminder en dit te vervang met 'n sisteem wat die welstand en respek van alle Suid-Afrikaners in ag neem (Departement van Onderwys, 2001:1).

2.9.1 Die Nasionale Kurrikulum

2.9.1.1 Kurrikulum 2005 (K2005)

Kurrikulum 2005 (K2005) is voorgestel om die onderwysbenadering na 'n uitkomsgebaseerde stelsel te verander (Departement van Onderwys, 2001:9). Die stelsel is in 1998 in graad 1 en in 1999 in graad 2 ingefaseer. Dit was gou duidelik dat daar tekortkominge in die stelsel bestaan en dat Grondslagfase onderwysers dit verskillend toepas, onder meer as gevolg van verskille tussen nasionale en provinsiale beleid, asook die onbevoegdheid van provinsiale onderwysamptenare om opleiding wat suksesvolle implementering tot gevolg het, aan te bied. Die insig nodig om die kurrikulum toe te pas was buite baie departementele amptenare en Grondslagfase onderwysers se ervaringsveld en min Grondslagfase onderwysers het oor die kennis beskik om die nuwe uitkomsgerigte kurrikulum te implementeer.

Waar skole die leerdergerigtheid van die kurrikulum aanvaar het, het hulle dit deur middel van groepwerk geïmplementeer wat as 'n vereiste beskou is en die fokus op die uitkomst het op dié wyse verlore geraak (Departement van Onderwys, 2001:26). Die integrasie van leerareas was ook 'n probleem. Sommige Grondslagfase onderwysers het deurlopende assessering geïnterpreteer as aanhoudende toetse, wat tot 'n opeenhoping van merkwark en verslagdoening gelei het. Opleiding en opvolgondersteuning was min en burokratiese op die onderskeie departementele dokumente gerig. Grondslagfase onderwysers se ervaring en insette is nie in ag geneem nie (Departement van Onderwys 2001:26). As gevolg van die struikelblokke wat met K2005 na vore gekom het, is die kurrikulum hersien.

2.9.1.2 Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV)

Die Hersiene Nasionale Kurrikulum Verklaring (HNKV) is vanaf 2002 ingefaseer (Departement van Onderwys, 2003:10) en Grondslagfase onderwysers moes weer aanpas. Die HNKV het 'n groot aantal K2005-spesifieke uitkomst in elke leerarea in 'n kleiner aantal leeruitkomst saam gegroep. Assesseringstandaarde is ontwerp sodat duideliker besonderhede verskaf word rakende die konsepte, vaardighede, kennis en persoonlike eienskappe wat Grondslagfase leerders moet verkry. In 2010 is die HNKV weer deur middel van die grondslae-vir-leerprogram aangepas. Dit is nie as 'n nuwe kurrikulum beskou nie, maar as wysigings. Die voorskrifte van die HNKV het

die minimum vereistes bepaal wat leerders aan die einde van die jaar moes bereik en is vanaf Januarie 2010 ingefaseer. Grondslagfase onderwysers moes oor leerders se assessering verslag doen, maar formele leerderportefeuljes is as minder belangrik beskou en die inhoud van leerareas is beter omskryf (Department of Education, 2009:2). Grondslagfase onderwysers se beplanning en assessering moes dienooreenkomstig aangepas word.

2.9.1.3 Die Nasionale Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (NKAV)

Die kurrikulum het in 2012 verander en die nasionale kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (NKAV) is in graad R tot 3 geïmplementeer (Department of Education, 2011:3). Die uitleg en die struktuur van die NKAV is 'n generiese beleid en nie 'n nuwe kurrikulum nie, waar die minimum voorgeskrewe leerinhoud per kwartaal verdeel is. Die absolute minimum vereistes per graad word in die vorm van 'n faseoorsig met betrekking tot inhoud, metodologie, assessering en hulpbronne voorsien. Die kurrikuluminhoud word deur die onderwysdepartement per graad voorgeskryf. Die leerinhoud van taal (huistaal en eerste addisionele taal), Wiskunde en Lewensvaardighede vir die Grondslagfase word deur die Departement van Onderwys in die vorm van fase- en graadoorsigte aan skole verskaf. Die vak *Lewensvaardighede* behels aanvangskennis, kreatiewe kunste, liggaamsopvoeding en sosiale en emosionele gesondheid. Die onderwysdepartement verskaf die werkboeke aan skole. Die vereistes vir formele en informele assessering is duidelik in die graadoorsig uiteengesit en ingesluit wat in aantal van die HNKV verskil. Rekordering geskied volgens die 7-vlak skaal (Department of Education, 2011:3).

2.9.2 Implikasies van die kurrikulumveranderinge

Donald *et al.* (2006:17) beweer dat hierdie kurrikulumtransformasieproses heelwat veranderinge teweeggebring het en het aanpassings by Grondslagfase onderwysers geverg. Grondslagfase onderwysers moes beleidsdokumente implementeer omdat dit voorskriftelik was, maar die uitvoering van die beleidsdokumente was vaag en is voortdurend deur die onderwysministerie verander. Opleiding in provinsies is slegs aan die departementshoofde gegee en opleiers was soms totaal onbevoeg.

Dit spreek vanself dat al hierdie ingrypende kurrikulumverwante veranderinge binne die Suid-Afrikaanse stelsel 'n beduidende invloed op die sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwysers sou hê. Die kurrikulum realiseer uiteindelik in die interaksie tussen onderwyser en leerder. Die vermoë om die kurrikulum te implementeer hou verband met die menswees van beide die onderwyser en leerder. Hierdie studie ondersoek onder meer hoe angst, spanning en 'n gevoel van onsekerheid in die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers manifesteer.

Hedendaagse onderwys bied groter uitdagings aan Grondslagfase onderwysers as in die verlede.

Dissipline, oorvol klasse, werkslading, baie administratiewe werk, min hulpbronne sowel as uitdagende ouers en leerders is kommerwekkend. Binne die konteks van die Suid-Afrikaanse skoolomgewing en ooreenkomstig met Champoux (2006:141) se bevindinge, sal Grondslagfase onderwysers wat hul werksomgewing as onregverdig ervaar, sommige van die reaksies toon wat tydens informele gesprekke met kollegas tydens data-insameling waargeneem is. Hierdie reaksies sal volledig in hoofstuk 5 bespreek word.

2.9.3 Refleksie op die huidige Suid-Afrikaanse onderwysstelsel

Die ontoereikendheid van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel het volgens Rademeyer (2013g) ook in 'n kunsuitstalling neerslag gevind. Hierdie kunsuitstalling, genaamd *Basick*, sinspeel op die onvermoë van die Departement van Basiese Onderwys om gehalte-onderrig te verseker. Die aansporing van die kunsuitstalling is die beklemtoning van sosiaal-emosionele kwessies in die land om debat te stimuleer. Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel het tydens die onlangse beoordeling deur die Wêreld-Ekonomiese Forum (WEF) die 133ste plek op 'n lys van 142 lande behaal. Die kunsuitstalling vestig die aandag op die gebrekkige aflewering van handboeke, onvoldoende handboeke vir die kurrikulum wat wemel van feit- en taalfoute, ongekwalifiseerde onderwysers en die min tyd wat werklik aan onderrig in die klaskamer bestee word. Nel (2014:8) berig dat net 34% van die groep wat in 2002 graad 1 betree het, in 2013 gematrikuleer het. Daarbenewens het die helfte van die leerders wat veronderstel was om in 2013 te matrikuleer, ná graad 10 uit die skoolstelsel verdwyn. Hierdie leerders het onder dié getel wat met die “verbeterde” kurrikulum onderrig is (§ 2.9.2).

Rademeyer (2013b) spreek haar kommer uit oor die toenemende leerderafwesigheid by skole. Sowat 7% van die leerders was in 2011 landswyd by skole afwesig, waarvan ongeveer 57% een dag afwesig was, 24% twee dae en 9% vyf dae. Die hoofredes vir leerderafwesigheid is siekte (38%), slegte weer (20%) en 9% het onderwys as “sinloos en oninteressant” bestempel.

Ondanks leerderafwesighede, moet die Grondslagfase onderwysers gehalte-onderrig verseker. Leerleemtes ontstaan weens leerderafwesighede en daar is nie tyd in die daaglikse klasrooster en volume van werk in terme van die kurrikulumvereistes om hierdie leerleemtes in te haal nie.

Skole is nie 'n veilige plek waar onderwysers en leerders ontspan en gemaklik hulle dagtaak afhandel nie. Nel (2013:4) berig dat 'n skoolseun 'n wapen tydens skooltyd op 'n onderwyser gerig het en daarvoor aangekla is. Algehele verval van dissipline by skole is aan die orde van die dag en Rademeyer (2013d) beweer dat skole nie probleemleerders skors nie vanweë die staat se gesloer daarmee. Skole sukkel met provinsiale onderwysdepartemente om aanbevelings oor leerders wat in tugverhore skuldig bevind is, te bekragtig. Dié gesloer het 'n negatiewe invloed op onderwysers en die dissipline van die skool. Talle skole sukkel met die agteruitgang van dissipline as gevolg van

die ontoereikende opleiding van diegene wat die tugverhore moet lei. Nel (2014:4) berig dat 'n graad 1-seuntjie dood en sy drie sussies beseer is toe die skoolbus, waarmee hulle skool toe vervoer word, deur 'n steenkoolvragmotor getref is. Die pad wat die skoolbus elke dag ry om leerders skool toe te vervoer is in 'n haglike toestand as gevolg die groot hoeveelhede swaar voertuie wat dié pad gebruik om tolgeld te ontduik.

Infrastruktuur by skole is nie op standaard nie. Ten spyte van ondernemings deur die onderwysdepartement vir prestasiemonitering en evaluering, is dit kommerwekkend dat geen strategie ontwikkel word om water- en sanitasie-agterstande by skole te verbeter nie. Leerders sterf weens onvoldoende sanitasie-infrastruktuur. Louw-Carstens (2014:4) meld dat 'n graad R-leerder verdrink het nadat hy in 'n puttoilet by die skool geval het. Baie skole gebruik puttoilette wat onveilig is vir jong leerders by skole. 'n Groot persentasie van die armste skole is steeds sonder toegang tot behoorlike sanitasie en water.

Swak besoldiging van onderwysers lei tot frustrasie. Rademeyer (2013e) beweer dat die onderwys vergeleke met kompeterende beroepe 'n lae status, swak bedingingsmag en swak vergoeding het. Die onderwysberoep in Suid-Afrika ly onder 'n mate van regeringsinmenging en -beheer wat verhinder dat die onderwysberoep geprofessionaliseer word. Rademeyer (2014c) berig voorts dat daar in Februarie honderde tydelike onderwysers landswyd nie sedert die begin van die jaar betaal is nie. Die vergoeding en aanstelling van tydelike onderwysers is elke jaar 'n probleem wat aan 'n gebrek aan administratiewe kapasiteit in provinsiale departemente en op distriksvlak toegeskryf word, terwyl vele amptenare verlof oor Desember neem wanneer tydelike onderwysers se gegewens in die regeringsbetaalstelsel (Persal) ingevoer moet word. Onderwysers se dokumente raak dikwels weg of word laat deur skole ingedien. Hierdie administratiewe fout van departementele amptenare het veroorsaak dat 'n afgetrede onderwyser in 'n ongunstige posisie beland het omdat agt jaar van haar regmatige pensioengeld nooit in berekening gebring is nie (Rademeyer, 2013f).

Oorvol klasse belas Grondslagfase onderwysers nog verder. Rademeyer (2014b) berig dat verskeie skole sedert die begin van die skooljaar deur onderwysamptenare geteiken is om meer leerders te aanvaar as waarvoor beplan is of waarvoor daar geskikte geriewe is. Amptenare dreig met tugstappe teen die hoof en die polisie word ontbied indien die beheerliggaam nie die leerders wil toelaat nie. Gehalte-onderrig in die Grondslagfase is amper onmoontlik wanneer 'n versuim om die skool se kapasiteit te bepaal, dit op dié wyse ondermyn. Dikwels betaal ouers die onderwysers se salarisse net sodat gehalte-onderrig haalbaar is. Rademeyer (2014a) berig voorts dat skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte (LSOB) koshuise sal moet sluit en leerders sal moet wegwys, sou die onderwysdepartement voortgaan om hul ondersteuningspersoneel drasties te verminder. Hierdie leerders moet dan in hoofstroomskole opgeneem word, wat 'n sneeubal-effek

tot gevolg het. Dit veroorsaak oorvol klasse, inklusiewe onderrig deur hoofstroomonderwysers sonder die nodige opleiding en infrastruktuur wat nie vir leerders met spesiale behoeftes geskik is nie.

Al die bogenoemde struikelblokke binne die werksituasie het verreikende gevolge op die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers. Die vlakke van produktiewe uitnemendheid verskraal toenemend. Die genoemde faktore het ook 'n beduidende invloed op Grondslagfase onderwysers se werkstevredenheid en motivering wat deel van sosiaal-emosionele welstand uitmaak.

2.10 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het die manifestasie van interne en eksterne faktore op die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die huidige onderwysbedeling ondersoek. Die positiewe bekragtigingsteorie is ondersoek om Grondslagfase onderwysers te motiveer om voortdurend gehalte-onderrig te lewer. Faktore wat Grondslagfase onderwysers se sosiaal-emosionele welstand beïnvloed, word met behulp van Maslow se vlakke van behoeftes en Alderfer se teorie van bestaan-verband-groei (ERG-teorie) uiteengesit.

Bronfenbrenner se teorie dien om die totale konteks van die onderwyssituasie te skets. Daar is 'n voortdurende wisselwerking tussen die kind as leerder, die onderwyser, ouers, die skool, die sosio-ekonomiese omgewing en onderwysdepartement (provinsiaal en nasionaal) wat die sosiaal-emosionele welstand van onderwysers (Grondslagfase onderwysers inklus) beïnvloed. Die navorser het al die faktore in ag geneem by die samestelling van die vraelyste aan onderwyseresse en die semi-gestruktureerde onderhoude met departementshoofde wat gebruik is vir die empiriese data-insameling vir hierdie studie.

Hoofstuk 3 bespreek die navorsingsontwerp van die studie. Die konseptuele raamwerk, die navorser se data-insamelingsmetodes, asook die wyse van data-analise word bespreek. Etiese riglyne en aspekte rakende die betroubaarheid van die studie word voorts ook bespreek.

HOOFSTUK 3

EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 INLEIDING

Hoofstuk 3 fokus op die empiriese navorsing oor werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers beïnvloed. Die navorsingsdoelwitte wat die navorser met die literatuurstudie in hoofstuk 2 wou bereik was om:

- die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers uit die literatuur te ondersoek (§ 1.3.1); en
- die metodologie en navorsingsmetodes te beskryf ter bepaling van die werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik beïnvloed (§ 1.3.2).

McMillan en Schumacher (2006:9) definieer *navorsing* as die sistemiese proses om inligting in te samel wat dan logies geanaliseer word om die navorsingsvraag sinvol te beantwoord. Hoofstuk 2 het op die verskillende teorieë van menslike behoeftes gefokus. Daar is bevind dat menslike behoeftes, opleiding, die rolle van onderwysers en stressors in die werksomgewing 'n invloed op die sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwyser uitoefen. Die literatuurstudie toon dat onderwysers se primêre rol nie net meer onderrig en leer is nie: die rolle van die onderwysers het verander om by die eise van die 21ste eeu te kan aanpas. Volgens Swanepoel (2014) is die toename in diversiteit van ideologieë en leefstyl binne samelewings 'n realiteit (§ 2.3.2.2). Dit het 'n uitwerking op die produk (ouers/leerders) waarmee 'n skool werk. Dit rig gevolglik 'n groter uitdaging aan onderwysers ten einde opvoedende onderwys daar te stel.

Hierdie hoofstuk beskryf die beplanning van die empiriese navorsingsproses om die implementering van die data-insamelingsproses en geldigheid te verseker. Hierdie hoofstuk bespreek die metodes wat gebruik is om inligting in te samel sowel as die metodes om die inligting te analiseer en te interpreteer. Die navorsingsprobleem en motivering; doel van die navorsing; asook die navorsingsparadigma, naamlik interpretivisme, word verduidelik.

3.2 NAVORSINGSPROBLEEM EN -MOTIVERING

As student van menslike gedrag, word sosiale en gedragswetenskaplike navorsers in hulle daaglikse interaksie met verskynsels gekonfronteer wat nuuskierigheid prikkel. Sekere vrae oor menslike gedrag kom na vore. Volgens Cox, Geisen en Green (2008:2) word die verband tussen sosiale navorsing en sosiale verandering duidelik deur middel van navorsing ten opsigte van die

manifestasie van sosiale gedrag. 'n Begrip van sosiale verandering vereis volgens Cox *et al.* (2008:2) navorsing van sosiale gedrag en terselfdertyd die besef dat sosiale verandering sosiale navorsing beïnvloed en in 'n bepaalde rigting lei.

Die literatuurstudie in hoofstuk 2 toon dat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers deur sekere veranderlikes in die werksomgewing beïnvloed word. Werksbevreëdiging speel 'n beduidende rol in die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers. Volgens Dehaloo (2011:85) is daar 'n direkte korrelasie tussen werksbevreëdiging en gesondheidsrisikofaktore. Dit blyk duidelik uit die literatuur dat organisatoriese faktore (bv. fisiese werksomstandighede, beleid- en bestuursvaardighede, die skoolstruktuur as organisasie) en praktykgedrewe faktore (bv. skoolklimaat, interpersoonlike verhoudings tussen kollegas, departementele beamptes, ouers en leerders) werkverwante faktore is wat die sosiaal-emosionele welstand van onderwysers beïnvloed. Na aanleiding van voorgenoemde, word daar gefokus op die data-insameling wat bydra tot die beantwoording van die navorsingsvrae (§ 1.3), naamlik: Wat is die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers? Watter faktore beïnvloed die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik?

3.3 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van die empiriese navorsing is dus om die volgende te bepaal: (1) Wat is die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers en (2) Watter werkverwante faktore beïnvloed die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik?

Die breë skoolstelsel in Suid-Afrika word as disfunksioneel beskryf as gevolg swak bestuur; die swak kwaliteit van onderwys; swak toegeruste personeel; en swak hulpbronne en infrastruktuur (Eloff, 2014). Hierdie faktore skep uitdagings aan die Grondslagfase onderwysers om die skool se beeld na buite te bou en die bestuur van die skool en ook Grondslagfase-onderrig en leer te bevorder. Volgens Swanepoel (2014) is die toename in die diversiteit van ideologieë binne die samelewing 'n realiteit en bring dit bepaalde verandering mee wat 'n uitwerking het op die daaglikse interaksie met ouers en leerders. Bogenoemde faktore rig groter uitdagings aan onderwysers en hierdie faktore en uitdagings het, soos dit blyk uit die literatuurondersoek in hoofstuk 2, 'n bepaalde invloed op die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers.




Die literatuurstudie in hoofstuk 2 rugsteun die empiriese ondersoek by wyse van die fenomenologiese navorsing om tot die kern van die werkverwante faktore deur te dring. Hierdie empiriese navorsing vind deur middel van 'n kwalitatiewe navorsingsmetodologie plaas. Volgens Mouton (2012:56) behels kwalitatiewe navorsing die stel van empiriese navorsingsvrae wat

verduidelik, beskryf en evalueer. Die deelnemers (graad R- tot graad 3-onderwysers) en drie Grondslagfase departementshoofde se persepsies en menings rakende hulle sosiaal-emosionele welstand is deur middel van kwalitatiewe metodes ondersoek (McMillan & Schumacher, 2006:315). Die doel van kwalitatiewe navorsing is om sosiale verskynsels vanuit die deelnemers (graad R- tot graad 3-onderwysers) se bepaalde perspektief te ondersoek en te verstaan. Die kwalitatiewe metodes is op die verduideliking van die prosesse en bereiking van die uitkoms gerig (Creswell, 2009:4).

3.4 NAVORSINGSONTWERP

Mouton (2012:56) definieer 'n *navorsingsontwerp* as 'n stel instruksies en rigtingwysers wat gevolg moet word wanneer 'n navorsingsprobleem ontstaan het. Die navorsingsontwerp kan volgens Mouton (2012:56) as 'n metafoor gebruik word deur met die oprigting van 'n huis vergelyk te word.

Figuur 3-1 is 'n metaforiese voorstelling van 'n navorsingsontwerp:



Figuur 3-1: 'n Metaforiese voorstelling van 'n navorsingsontwerp (aangepas uit Mouton, 2012:56)

Die navorsingsontwerp behels die prosedure wat tydens die navorsing gevolg word, asook wanneer, van wie en onder watter omstandighede die data ingesamel is. De Vos *et al.* (2011:308)

beklemtoon dat die kwalitatiewe navorser die navorsingsontwerp gebruik en aanpas sodat die navorsingsvraag op die effektiefste en doelmatige wyse verstaan en beantwoord kan word. Die doel van die navorsingsontwerp is om empiriese bewyse volgens 'n plan van aksie in te samel om die navorsingsvraag te beantwoord (McMillan & Schumacher, 2006:22).

Die navorsingsontwerp van hierdie studie is fenomenologies van aard. Creswell (2009:13) beskou dit noodsaaklik om van 'n fenomenologiese studie gebruik te maak wanneer die essensie van individue in hul persoonlike en werksomgewing ondersoek word. Die mens ontleen betekenis vanuit sy/haar leefwêreld en verleen deur sy/haar bestaan betekenis aan sy/haar wêreld. Volgens Leedy en Ormrod (2010:141) glo die fenomenoloog dat menslike gedrag nie begryp kan word sonder om die konteks waarin die verskynsel afspeel, te evalueer nie. Hoewel die betekenis van menslike bestaan nie gelykstaande aan sy konteks is nie, kan dit nie geskei word nie. Die fenomenologiese navorser laat die onderhawige verskynsel self tot sy reg kom, sonder om 'n onvanpaste verskynsel af te dwing (Leedy & Ormrod, 2010:142). Die eindproduk van 'n fenomenologiese studie boekstaaf die algemene verskynsel, soos gesien vanuit die individue se verwysingsraamwerk wat die verskynsel eerstehands ervaar. Die kwalitatiewe metode in hierdie studie het behels dat data deur middel van semi-gestruktureerde individuele onderhoude (in hierdie geval met drie (n=3) Grondslagfase departementshoofde) en oop-einde-vraelyste met twaalf (n=12) opgeleide Grondslagfase onderwysers (graad R- tot 3-onderwysers) verkry is. Die data is daarna geanaliseer. Die navorser streef daarna om die verskynsel so akkuraat as moontlik in 'n beskrywende vorm weer te gee (De Vos *et al.*, 2011:305-316).

3.4.1 Die aard van kwantitatiewe navorsing

Volgens De Vos *et al.* (2011:144) word kwantitatiewe navorsing gebruik om te verduidelik en te voorspel; te bevestig en te bekragtig; sowel as om teorie te toets. Uit die aard van kwantitatiewe data, word veranderlikes deur middel van vasgestelde riglyne uit 'n objektiewe oogpunt geëvalueer. Data word deur 'n groot steekproef en gestandaardiseerde instrumente ingesamel. Data word voorts deur objektiewe en statistiese deduktiewe ontleding beredeneer. Bevindinge word deur syfers, statistiese saamgestelde data en formele uitdrukking in wetenskaplike styl gekommunikeer (Creswell, 2009:4). Kwantitatiewe navorsing was dus nie vir die doel van hierdie studie geskik nie.

3.4.2 Die aard van kwalitatiewe navorsing

“Qualitative research is an umbrella term for an array of attitudes towards and strategies for conducting inquiry that are aimed at discovering how human beings understand, experience, interpret and produce the social world” (Hammersley, 2013:1).

Die doel van kwalitatiewe navorsing is om individue se menings en persepsies in terme van 'n sosiale verskynsel te ondersoek (McMillan & Schumacher, 2006:315). Die navorser interpreteer en

analiseer die sosiale verskynsel in terme van die betekenis wat mense daaraan heg. Volgens Jackson en Mazzei (2012:3) fokus kwalitatiewe navorsing op mense en hulle werklike ervarings wat beskrywend weergegee word. Kwalitatiewe navorsing vind plaas in situasies waar die navorser in aangesig tot aangesig inligting van geselekteerde individue in die navorsingsveld verkry.

Volgens Flick (2006:11) is kwalitatiewe navorsing gepas vir die navorsing van sosiale verskynsels en word dit gebaseer op die oortuigings van individue wat deur hulle onmiddellike omgewings beïnvloed word. Kwalitatiewe navorsing is ideaal vir die beskrywing van groepe, gemeenskappe en organisasies. Waardevolle ontwikkeling van teorieë oor die funksionering van die voorgenoemde word deur middel van kwalitatiewe navorsing bekom. Die navorser het om dié rede van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak om inligting oor 'n spesifieke tydperk in die omgewing van die individu in te samel sonder om inbreuk te maak op die natuurlike gebeure. Kwalitatiewe navorsing gee 'n stem aan individue en gee erkenning aan die individu se oortuiging, al is dit nie verteenwoordigend van die meerderheid nie (McMillan & Schumacher, 2006:316).


Volgens Mouton (2012:139) se drie-wêreld-raamwerk (§ 3.5) bepaal die aard van navorsing die empiriese aanslag. Empiriese navorsingsvrae is gewoonlik vrae wat verduidelikings gee, informeel van aard is en beskrywende of evaluerende vrae behels (Mouton, 2012:53). Empiriese navorsingsvrae ondersoek Wêreld 1 wat op die individu se alledaagse lewe en ervarings fokus. Die kwalitatiewe navorsingsmetode is 'n indiepte-studie oor individue se menings en ervarings van sosiale verskynsels vanuit die deelnemers se bepaalde perspektief.

Volgens De Vos *et al.* (2011:308) ontwikkel kwalitatiewe navorsers hulle eie navorsingstrategieë namate die navorsing vorder. Kwalitatiewe navorsers is met die “verstaan” van die verskynsel gemoeid, eerder as met die verduideliking van die verskynsel sowel as met informele waarneming, eerder as numeriese toewysing tot die onderhawige verskynsel. Die induktiewe metode word gebruik en is 'n proses waar waarneming, hipotese en interpretasie van inligting gebruik word (De Vos *et al.*, 2011:316).

Hierdie studie volg 'n kwalitatiewe metode, naamlik oop-einde-vraelyste aan gekwalifiseerde Grondslagfase onderwysers (graad R tot 3) om hulle opinies oor die aard van die werkverwante faktore wat hulle sosiaal-emosionele welstand beïnvloed, te verkry. Hulle moes aandui hoe hulle die fenomeen tans ervaar en ook watter werkverwante faktore tot hul sosiaal-emosionele welstand as Grondslagfase onderwysers aanleiding gee. Semi-gestruktureerde individuele onderhoude is met Grondslagfase departementshoofde gevoer en oop-einde-vraelyste is aan die deelnemende Grondslagfase onderwysers gegee ten opsigte van die aard van hul sosiaal-emosionele welstand en werkverwante faktore wat aanleiding gee tot die aard van hul sosiaal-emosionele welstand sodat data-triangulasie kan plaasvind.

3.5 NAVORSINGSPARADIGMA

Hierdie kwalitatiewe navorsingstudie maak van interpretivisme gebruik om die literatuur en data tydens die navorsingsproses te interpreteer. Volgens Mouton (2012:139) is Wêreld 3 die wêreld van wetenskapsleer. Die onderhawige fenomeen van die studie is die aard van die sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwyser (Wêreld 1) vanuit 'n interpretivistiese paradigma. Die drie-wêreld-raamwerk word diagrammadies soos volg voorgestel:



Figuur 3-2: Raamwerk van navorsing: Die drie-wêreld-model (aangepas uit Mouton 2012:139)

Die navorser maak van die interpretivistiese benadering gebruik om tot die kern van die fenomeen, naamlik die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers, deur te dring (Glesne, 2011:8) en ook om die werkverwante faktore wat hulle sosiaal-emosionele welstand beïnvloed, te bepaal.

Twee benaderings relevant tot hierdie studie word bespreek, naamlik die *kritiese benadering* en die *interpretivistiese benadering*.

3.5.1 Kritiese benadering

Glesne (2011:9) verduidelik dat die kritiese benadering nie kyk na “wat is” nie, maar na die “wat kan wees”. Kritiese navorsers belê daarin om individue te bemagtig. Hierdie navorsingstudie is 'n poging om Grondslagfase onderwysers te help om hulle sosiaal-emosionele welstand deur middel van vrae en kritiese verhoudinge te verbeter.

“Critical theory research is guided by a historical realism ontology: that life is a virtual reality shaped by social, political, cultural, economic, ethnic and gender values crystallized over time” (Glesne, 2011:9). Kritiese navorsers ontbloot gevestigde patrone en leefwyses in die samelewing wat die individu se vryheid, regverdigheid en demokrasie kniehalter.

3.5.2 Interpretivistiese benadering

Die interpretivistiese benadering beklemtoon die subjektiewe ervaring van die individu se belewingswêreld (De Vos *et al.*, 2011:309). Hierdie belewingswêreld word slegs deur wat hul sê ontbloot sodra interaksie tydens die navorsing plaasvind. Die interpretivistiese ontologiese benadering behels die interne realiteit van 'n individu se subjektiewe ervaring. Die belangrikheid en die erns van subjektiewe ervarings word beklemtoon (Glesne, 2011:8). In hierdie studie beteken dit dat die deelnemers (d.w.s. Grondslagfase departementshoofde en Grondslagfase onderwysers) se persoonlike ervarings, gedagtes en menings in terme van hulle sosiaal-emosionele welstand indiepte ondersoek en geïnterpreteer word.

Volgens die interpretivistiese benadering tree die navorser kreatief refleksief op en fokus op die verskynsel om dit te verstaan en te interpreteer (Hammersley, 2013:26). Die interpretivistiese benadering is kwalitatief van aard en vereis dus klem op die bereiking van die indiepte-studie, gebaseer op die sistematiese ondersoek en kategorisering van die empiriese materiaal (Glesne, 2011:8). Die indiepte-ondersoek in hierdie studie behels semi-gestruktureerde individuele onderhoude en oop-einde-vraelyste. Die navorser as 'n Interpretivis analiseer die data deur nie af te wyk van die “stem” van die deelnemers nie. Data word terselfdertyd op 'n sistematiese wyse geanaliseer deur temas te bepaal (Hammersley, 2013:27).

3.6 NAVORSINGSMETODE

Navorsingsmetodes is, volgens McMillan en Schumacher (2006:32), die wyse waarop inligting ingesamel en geanaliseer word. Die metodes is ontwerp sodat inligting sistematies ingesamel en logies geanaliseer word om spesifieke navorsingsvrae te beantwoord.

Volgens Prozesky (2005:59) is dit noodsaaklik dat 'n kwalitatiewe studie gebruik word wanneer:

- die aard van die navorsingsvraag dit vereis. In 'n kwalitatiewe studie begin die navorsingsvraag gewoonlik met "hoe" of "wat". In hierdie studie is die navorsingsvraag: "Wat is die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers?" Vandaar die keuse om die kwalitatiewe navorsingsmetode te volg.
- individue in hulle natuurlike omgewing bestudeer word. In hierdie studie is semi-gestruktureerde individuele onderhoude met drie (n=3) Grondslagfase departementshoofde by hulle betrokke skole gevoer en oop-einde-vraelyste is vir twaalf (n=12) gekwalifiseerde Grondslagfase onderwysers gegee om in te vul.

"Qualitative research is a means for exploring and understanding the meaning individuals and groups ascribe to a social or human problem" (Creswell, 2009:4).

Die navorser maak gebruik van die kwalitatiewe navorsingsmetode om die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers te bepaal. Kwalitatiewe navorsingsmetodes is 'n teoretiese studie gegrond op die data wat vanuit onder meer waarnemingstegnieke en onderhoudvoering verkry word (Leedy & Ormrod, 2010:136). Hierdie navorsing is kwalitatief van aard deur oop-einde-vraelyste aan twaalf (n=12) Grondslagfase onderwysers te gee om in te vul. Semi-gestruktureerde individuele onderhoude is daarbenewens met drie (n=3) Grondslagfase departementshoofde gevoer. Die kennis en ervaring van Grondslagfase departementshoofde en onderwysers word eerstehands uit die semi-gestruktureerde individuele onderhoude en vraelys verkry en dra tot die effektiwiteit van die navorsing by.

3.7 MODIMOLLE-DISTRIK

Modimolle ("Plek van Geeste"), voorheen Nylstroom, is 'n dorp in die Waterbergstreek van die Suid-Afrikaanse Limpopo-provinsie en is sowat 135 km noord van Pretoria. Die ekonomiese basis van Modimolle is landbou (met sitrusvrugte en druiwe as die vernaamste produkte), veeteelt en toerisme. Daar is tans 25 laerskole in die Modimolle-distrik, waarvan slegs een laerskool 'n Afrikaanse enkelmediumskool is. Daar is voorts een dubbelmediumskool en al die ander skole in die omliggende omgewing is multikulturele laerskole in 'n informele woongebied.

3.8 KWALITATIEWE DATA-INSAMELING

3.8.1 Kwalitatiewe data

Praktiserende Grondslagfase departementshoofde en onderwysers is in oorlegpleging met die onderskeie skoolhoofde genader om vrywillig aan die navorsing deel te neem. Ter wille van diversiteit, is die ondersoek by 'n enkelmediumskool, 'n dubbelmediumskool en 'n multikulturele skool in 'n informele woongebied geloods.

Gekwalifiseerde Grondslagfase onderwysers (n=12) is in die Modimolle-distrik genader om oop-einde-vraelyste vrywillig in te vul en drie (n=3) Grondslagfase departementshoofde is versoek om vrywillig aan semi-gestruktureerde individuele onderhoude deel te neem.

3.8.2 Data-insamelingsprosedure

Nadat etiese klaring van die Noordwes-Universiteit (NWU) (Potchefstroomkampus) vir die studie verkry is, is die data-insamelingsprosedure onderneem. Die volgende etieknommer is aan die studie toegeken: NWU-00112-15- S2.

Toestemming is van die distrikskantoor verkry om personeel in die Grondslagfase by skole te nader aangaande die insameling van navorsingsdata. Skriftelike toestemming is van die drie verskillende laerskole se hoofde en Grondslagfase onderwysers verkry, sodat die semi-gestruktureerde individuele onderhoude gevoer en oop-einde-vraelyste ingevul kon word.

In hierdie studie is drie verskillende laerskole se Grondslagfase departementshoofde (n=3) gevra om aan semi-gestruktureerde individuele onderhoude deel te neem en Grondslagfase onderwysers (n=12) is gevra om oop-einde-vraelyste in te vul. Die drie verskillende laerskole is verteenwoordigend van die inwoners in die Modimolle-distrik. Die drie laerskole is 'n enkelmediumskool, 'n dubbelmediumskool en 'n multikulturele skool in 'n informele woongebied. Die leerders in die dubbelmediumskool word in Engels onderrig, maar hulle huistaal is 'n Afrikataal. Die huistaal van die leerders in die multikulturele skool is verskeie Afrikatale, alhoewel die leerders in Engels onderrig word. Die spesifieke laerskole is gekies na aanleiding van hulle taal- en kultuurdiversiteit.

Die hoofde van die onderskeie laerskole is voor die tyd gekontak om die onderhoudsproses te verduidelik en toestemming oor die gepaste tyd en plek vir al die betrokke deelnemers van die spesifieke skool te verkry. Die semi-gestruktureerde individuele onderhoude is in die onderskeie laerskole se personeelkamers gevoer. Die oop-einde-vraelyste is per hand aan elke Grondslagfase onderwyser afgelewer. Die deelnemers is versoek om die oop-einde-vraelyste individueel (dus nie in groepsverband nie) in te vul. Die navorser het die ingevulde oop-einde-vraelyste self by die

onderskeie skole in ontvangs geneem.

Toestemming is voorts vooraf by al die deelnemers gekry dat opnames van die gesprekke gemaak mag word. In hierdie studie het die onderhoudvoering in die deelnemers se natuurlike omgewing plaasgevind. Die doel hiervan is om eerstens die deelnemers se gemak te verseker en dit bied tweedens aan die navorser eerstehandse inligting en ondervinding deur middel van waarneming en veldnotas van hoe die deelnemers in hulle natuurlike omgewing optree. Volgens Leedy en Ormrod (2010:148) kry die navorser die geleentheid vir waarneming deur nuttige inligting tydens onderhoudvoering in te samel van onder meer:

- die skoolorganisasie en -atmosfeer;
- individue se persepsies;
- gevoelens;
- motiewe van individue; en
- redes vir bestaande tendense en gedrag.

Onderhoude in kwalitatiewe navorsing is minder gestruktureerd as onderhoude in kwantitatiewe navorsing (Leedy & Ormrod, 2010:148). Semi-gestruktureerde individuele onderhoude is met die Grondslagfase departementshoofde en onderwysers van die onderskeie skole gevoer, waarna die onderwysers die oop-einde-vraelyste voltooi het. Dit is op dié wyse gedoen omdat:

- tydsbesteding meer effektief bestuur word;
- individue gemakliker voel om hul opinie te lug;
- interaksie baie meer insiggewend kan wees as tydens individuele gesprekke; en
- die navorser van ander individue se bystand by die interpretasie van die data gebruik kan maak (Leedy & Ormrod, 2010:148).

Reflektiewe veldnotas is tydens die onderhoude gemaak, wat 'n waardevolle bydrae tot die data-insameling maak. Volgens De Vos (2011:372) is veldnotas is nie 'n opsomming van die gebeure nie, maar eerder breedvoerige reproduksies van die gebeure. Creswell (2009:181) beskryf twee tipes veldnotas, naamlik *beskrywende* en *reflektiewe veldnotas*. Die beskrywende veldnota beskryf gebeure, aktiwiteite en die individue, terwyl reflektiewe veldnotas die navorser se persoonlike gedagtes insluit. Veldnotas en onderhoude behoort met die nodige respek behandel en bewaar te word vir die waardevolle bydrae daarvan tot kwalitatiewe navorsing (De Vos *et al.*, 2011:409).

3.8.3 Data-analise

Die navorser het self die data uit die oop-einde-vraelyste en die semi-gestruktureerde individuele onderhoude verwerk. Die navorser het begin met 'n omvattende datastel om deur middel van induktiewe redenering al die inligting uit die oop-einde-vraelyste te sorteer en te kategoriseer sodat 'n stel onderliggende temas daaruit kan voortspruit (Leedy & Ormrod, 2010:142). Die navorser het voorts response uit die semi-gestruktureerde individuele onderhoude geanaliseer om algemene temas te identifiseer uit die Grondslagfase departementshoofde en onderwysers se beskrywing oor hulle ervarings en sienings oor die aard van hul sosiaal-emosionele welstand en die werkverwante faktore wat hul sosiaal-emosionele welstand beïnvloed.

Data-analise in 'n kwalitatiewe studie is volgens De Vos *et al.* (2011:403) 'n baie kreatiewe proses wat by data-insameling begin. Die navorser is tydens data-insameling direk by die deelnemers betrokke. De Vos *et al.* (2011:403) definieer *data-analise* as 'n redenerende strategie met die doel om 'n komplekse geheel in afsonderlike dele te deel. Volgens Leedy en Ormrod (2010:142) word, na vele oorweging van die data-analise, die finale bevindinge op welke wyse die fenomeen deur individue op 'n daaglikse en eerstehandse wyse ervaar word deur die navorser geanaliseer en 'n gevolgtrekking word gesintetiseer.

3.8.4 Betroubaarheid en geldigheid

Volgens Mouton (2001:100) moet data-insameling een of ander betroubare meetinstrument insluit. In die menslike wetenskappe sal die meetinstrument van die volgende kan insluit: vraelyste, waarnemingsverslae, onderhoudverslae en psigologiese toetse. Volgens Kvale (2007:122) verwys *betroubaarheid* na die standvastigheid van die navorsingsresultate en die moontlikheid vir ander navorsers om die resultate te herhaal. *Geldigheid* bepaal of die metode wat gebruik is ondersoek wat dit ten doel gehad het om te ondersoek. *Geldigheid* verwys dus na die waarheid van die resultate.

Glesne (2011:210) sê die betroubaarheid van die navorsingsdata kan met vier essensiële vrae verseker word. Die betroubaarheid van analitiese interpretasie word deur elke vraag getoets:

- Wat neem die navorser waar?
- Waarom neem die navorser waar wat hy waarneem?
- Hoe kan die navorser dit wat hy waarneem interpreteer?
- Hoe kan die navorser bepaal of dit wat hy interpreteer die korrekte interpretasie is?

Volgens Phooko (2008:20) behels *betroubaarheid* die assessering van die navorsingsproses in sy geheel om te bepaal of die navorsingsbevindinge geldig en geloofwaardig is. Die aansien van die

navorser as eerlik en eties professioneel sal bepaal of die deelnemer die navorser as betroubaar beskou het. *Egtheid* is gelykstaande aan interne geldigheid. Egtheid ondersoek die verband tussen dit wat die deelnemers sê en die navorser se weergawe. Oordraagbaarheid is gelykstaande aan eksterne geldigheid en dit verwys na die veralgemening van die ondersoek (Leedy & Ormrod, 2010:99). Die vraag wat beantwoord moet word, is tot watter mate die navorsingsresultate op ander individue en groepe toegepas kan word (Carpenter & Suto, 2008:149). Afhanklikheid hou verband met betroubaarheid en of die navorsingsresultate ooreenstem met die data waarvan dit afgelei is (Carpenter & Suto, 2008:150). Objektiviteit of neutraliteit word bewerkstellig deur die mate waartoe die resultate met die data verband hou (Carpenter & Suto, 2008:150). 'n Goeie tegniek om die akkuraatheid van 'n onderhoud te bepaal is, volgens McMillan en Schumacher (2006:204), om die deelnemer die geleentheid te gee om die onderhoudvoerder se persepsies na te gaan. Die deelnemers kan dan, waar nodig, regstellings en byvoegings maak.

Phooko (2008:20) verduidelik dat geldigheid beteken 'n navorser se resultate is aanvaarbaar en nie eksklusief waar nie. Die werklike ervaring van die empiriese data moet duidelik geopenbaar word. Geldigheid beteken dat 'n navorser se empiriese aanspraak geldigheid verkry as dit deur relevante data ondersteun word. Geldigheid van data neem toe namate die navorser verskillende data navors en die ooreenkomste vasstel. In hierdie studie sal data-triangulasie kan plaasvind op grond van data verkry uit oop-einde-vraelyste en semi-gestruktureerde individuele onderhoude wat op literatuur en die literatuurstudie gebaseer is.

3.9 ETIESE ASPEKTE

Etiese maatreëls omvat beleid rakende ingeligte toestemming, vertroulikheid, privaatheid en sorg. Navorsers moet die toepaslike beleid vir hulle navorsing aanpas (McMillan & Schumacher, 2006:333).

Etiese optrede deur die navorser word as baie belangrik beskou (Glesne, 2011:49). Volgens Leedy en Ormrod (2010:101) word daar van die navorser verwag om sensitief ten opsigte van etiese kwessies te wees. Die navorser het by die NWU-etiekkomitee vir etiese klaring aansoek gedoen. McMillan en Schumacher (2006:16) voer aan dat die navorser eties verantwoordelik is om die regte en belange van die deelnemers in 'n studie teen fisiese of emosionele ongemak, besering of gevaar, te beskerm. Die sin van moraliteit en professionele etiek rig die navorser se gedrag tydens die navorsing en ook in hulle alledaagse sosiale interaksie met andere. Al die deelnemers aan die navorsing moet met die nodige respek behandel word en neem vrywillig deel (Mouton, 2001:243).

Vertroulikheid verseker dat die ware identiteit van die deelnemers anoniem bly (Mouton, 2001:243). Wanneer deelnemers hulle private wêreld en met dié studie hulle sosiaal-emosionele welstand onthul, moet die navorser verseker dat die inligting privaat en vertroulik bly (Leedy &

Ormrod, 2010:101). Die volgende stappe beskerm deelnemers se reg op privaatheid:

- Neem alle moontlike stappe om die anonimiteit van die deelnemers te verseker;
- Net die navorser het toegang tot semi-gestruktureerde individuele onderhoude;
- Alle navorsingsdokumentasie word veilig in die navorser se kluis bewaar;
- Die navorsingsresultate word veilig op die navorser se rekenaar gestoor en 'n kodewoord word gebruik om toegang tot die data op die rekenaar te verkry (McMillan & Schumacher, 2006:335).

Navorsers het die verantwoordelikheid om die fisiese, emosionele en sosiale welstand van die deelnemers te verseker. Navorsers moet verseker dat geen deelnemer deur deelname aan die navorsing benadeel word nie (Mouton, 2001:245). Deelnemers se fisiese en emosionele ongemak kan geraak word deur die lengte van die navorsingsperiodes, die herhaling van die navorsing, die tipe navorsing en die navorsingsvraag wat ondersoek word (McMillan & Schumacher, 2006:16). 'n Sin vir omgee en regverdigheid moet deel wees van die navorser se gedagtes, optrede en persoonlike waardes (McMillan & Schumacher, 2006:335).

'n Ewe belangrike etiese beginsel verwys na die doelbewuste vervalsing van navorsingsgegewens. Navorsers moet onder geen omstandighede hulle inligting of waarnemings verander of aanpas nie (Mouton, 2001:240). Die navorser het deelnemers se mededelings so getrou moontlik weergegee deur middel van direkte aanhalings; die opname van die semi-gestruktureerde individuele onderhoude; kodering; asook deur die bewaring van oop-einde-vraelyste.

3.10 SAMEVATTING

'n Navorsingsontwerp bestaan uit 'n konstruktiewe plan en bevat strategieë of metodes wat ontwikkel word om antwoorde op die navorsingsvrae te vind (Taylor, 2005:80). Hierdie hoofstuk sit die data-insamelingsmetodes wat in die empiriese ondersoek van hierdie studie gebruik is, uiteen. Data is deur middel van 'n kwalitatiewe metode ingesamel en vanuit die interpretivistiese paradigma geïnterpreteer. Kwalitatiewe metodes het oop-einde-vraelyste en semi-gestruktureerde individuele onderhoude ingesluit. Die empiriese data help om die twee navorsingsvrae aan te pak (§ 1.3.1 en 1.3.2).

Hierdie hoofstuk het ook die beginsels van *geldigheid* en *betroubaarheid* bespreek. Kwalitatiewe navorsing raak die subjektiewe wêreld van die deelnemers en daarom moet die navorser die beginsels van geldigheid en betroubaarheid van die navorsingsproses verseker (Liamputtong, 2010:39).

Etiese aspekte by kwalitatiewe navorsing hou die navorser verantwoordelik vir etiese optrede tydens die navorsing en nadat die navorsing afgehandel is. Die navorser moet verseker dat die deelnemers nie benadeel en uitgebuit word nie. Die navorser maak inbreuk op die deelnemers se lewens en het 'n verantwoordelikheid om hulle te alle tye te beskerm (Liamputtong, 2010:39). Hoofstuk 4 beskryf die proses van data-analise, identifiseer kerntemas uit die data en toon die verbande en ooreenkomste wat met die literatuur vergelyk kan word om triangulasie moontlik te maak.

HOOFSTUK 4

RESULTATE EN BEVINDINGE

4.1 INLEIDING

Hoofstuk 3 beskryf die metodes wat aangewend is om die empiriese data te verkry. Die doel van hierdie studie is om die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik te bepaal en die werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik beïnvloed, vas te stel. Hierdie hoofstuk gaan die bevindinge, asook die interpretasie van die empiriese ondersoek beskryf. Die proses van die data-analise word beskryf, sleuteltemas word geïdentifiseer, verbande en ooreenkomste word aangetoon en met die literatuur vergelyk. Triangulasie kon sodoende plaasvind.

Die kwalitatiewe data is verkry uit die oop-einde-vraelyste aan twaalf Grondslagfase onderwysers (graad R, 1, 2 en 3) (n=12) en semi-gestruktureerde individuele onderhoude met drie Grondslagfase departementshoofde (n=3). Die data word in hierdie hoofstuk geanaliseer, vergelyk en geïnterpreteer. Die kwalitatiewe data wat uit die oop-einde-vraelyste verkry is, word eerste bespreek en daarna word die data uit die semi-gestruktureerde individuele onderhoude met die Grondslagfase departementshoofde bespreek. Veldnotas wat gedurende die navorsingsproses gemaak is, word voorts ook bespreek.

4.2 EMPIRIESE DATA

4.2.1 Kwalitatiewe data

4.2.1.1 Doel van die oop-einde-vraelyste aan Grondslagfase onderwysers

Die doel van die oop-einde-vraelyste (Bylaag D) was om die mening van opgeleide Grondslagfase onderwysers oor die stand van hulle sosiaal-emosionele welstand vas te stel, asook watter werkverwante faktore aanleiding gee tot hulle sosiaal-emosionele welstand. Die oop-einde-vraelyste is per hand aan twaalf Grondslagfase onderwysers (n=12) afgelewer. Al twaalf oop-einde-vraelyste is weer ontvang en geanaliseer. Agtien vrae is aan elke deelnemer gestel en die inligting daaruit word vervolgens aangebied.

Kwalitatiewe data is ook verkry deur middel van semi-gestruktureerde individuele onderhoude (Bylaag C) wat met die onderskeie skole se Grondslagfase departementshoofde (n=3) gevoer is. Nege vrae is tydens die semi-gestruktureerde onderhoude aan die onderskeie Grondslagfase

departementshoofde gestel om data oor werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik beïnvloed, in te samel. Die data is daarna geanaliseer.

Die data wat uit die oop-einde-vraelyste van die Grondslagfase onderwysers (n=12) verkry is, word vervolgens bespreek.

Biografiese gegewens met betrekking tot uiteenlopende ideologieë, gelowe, ras, kultuur en sosio-ekonomiese klimaat van die onderskeie laerskole, onderwyskwalifikasie van Grondslagfase onderwysers en die hoeveelheid jare se ondervinding, is verkry (vraag 1-3). Vrae 4 en 5 het inligting oor die jaarlikse nasionale assessering (JNA) en die waarde van die JNA-uitslae vir die onderskeie skole ingesamel. In vraag 6 is inligting van Grondslagfase onderwysers oor hulle ervaring van die onderwysbedeling verkry. In vrae 7 en 8 is inligting van Grondslagfase onderwysers verkry oor watter faktore werkverwante spanning veroorsaak en wat hul graag sou wou verander om werkverwante spanning te verbeter. Vraag 9 is gevra om te bepaal of Grondslagfase onderwysers steeds werksbevrediging ervaar. In vrae 10 en 11 is inligting oor die fisiese gesondheid, energievlakke en bevoegdheid van die Grondslagfase onderwysers ingesamel om te bepaal of hulle aan die eise van die Grondslagfase kan voldoen. Vrae 12 en 13 bepaal of Grondslagfase onderwysers spanning by hulle skole beleef en of hulle dit al oorweeg het om die beroep te verlaat. In vraag 14 is die voortdurende veranderings aan die nasionale kurrikulum en assessering bespreek. Vraag 15 het bepaal of die Grondslagfase onderwysers hulle skole as 'n veilige werksplek ervaar. In vraag 16 is gevra dat die Grondslagfase onderwysers 'n prioriteitslys saamstel van al die werkverwante faktore wat hulle sosiaal-emosionele welstand belemmer. In vraag 17 en 18 is inligting bekom om te bepaal of die Grondslagfase onderwysers gelukkig met hulle beroep as onderwyser is en of hulle enige iets sou wou byvoeg tot die ondersoek na die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers.

4.3 DATA-ANALISE: OOP-EINDE-VRAELYSTE

Hierdie is 'n kwalitatiewe studie vanuit 'n interpretivistiese paradigma. Die interpretasie van die vraelyste wat deur twaalf onderwyseresse (n=12) voltooi is, word kwantitatief (in persentasies) aangebied, maar as kwalitatief-beskrywend bespreek.

4.3.1 Biografiese gegewens

Vrae 1-3 is soos volg in tabelvorm uiteengesit:

Vraag 1: Beskryf kortliks die biografiese gegewens van u skool in terme van uiteenlopende ideologieë, gelowe, ras, kultuur en sosio-ekonomiese klimaat.

Vraag 2: Wat is u huidige onderwyskwalifikasies?

Vraag 3: Hoeveel jaar ondervinding het u in die Grondslagfase?

Tabel 4-1: Uiteensetting van biografiese gegewens

Vraag 1: Uiteenlopende ideologieë, gelowe, ras, kultuur en sosio-ekonomiese klimaat van skool	Data-inligting	n	%
	Engelse Christen leerders met 'n gemiddelde inkomste	3	25
	Engelse Christen leerders met 'n lae inkomste	2	16
	Afrikaanse Christen leerders met 'n hoë inkomste	3	25
	Engelse/Afrikaanse verskeie gelowe, ras en kultuur met gemengde sosio-ekonomiese inkomste waar inkomste geen rol speel nie	4	33
Vraag 2: Hoogste kwalifikasie van Grondslagfase onderwysers (graad R, 1, 2 en 3)			
	THOD Pre-/Junior primêr	2	16
	THOD Junior primêr	2	16
	THOD Grondslagfase	4	33
	B.Ed. Grondslagfase	4	33
Vraag 3: Jare ondervinding			
	0-2 jaar	2	16
	3-5 jaar	0	0
	6-8 jaar	1	8
	9-11 jaar	4	33
	12-14 jaar	0	0
	Meer as 15 jaar	5	41

Tabel 4-1 verduidelik die volgende:

- Die meeste onderwysers wat aan die oop-einde-vraelysondersoek deelgeneem het, ondervind nie probleme met uiteenlopende ideologieë, verskillende gelowe, kulturele en sosio-ekonomiese klimaatverskille in die onderskeie skole nie (33%).
- Die meeste onderwysers (66%) wat aan die vraelysondersoek deelgeneem het, is

gekwalfiseerde Grondslag onderwysers met 'n Transvaalse Hoër Onderwysdiploma (THOD) en B.Ed. Grondslagfase onderwysers wat in die Grondslagfase (graad R, 1, 2 en 3) onderrig. Sestien persent van die Grondslagfase onderwysers het 'n THOD (junior-primêr) en 16% graad R-onderwysers 'n THOD (preprimêr). Al die onderwysers wat die oop-einde-vraelys ingevul het, het dus toepaslike onderwyskwalifikasies om in die Grondslagfase te onderrig.

- Onderwysers wat 15 jaar en meer praktykondervinding het, is die meerderheid (41% van die totale onderwysers wat die oop-einde-vraelys ingevul het). Onderwysers met nege tot 11 jaar ondervinding is 33%. Onderwysers met nul tot twee jaar ondervinding is 16%. Geen Grondslagfase onderwysers wat die oop-einde-vraelys ingevul het, het minder as twee jaar praktykondervinding nie. Die onderwysers wat die oop-einde-vraelys voltooi het, het dus voldoende jare ondervinding in die Grondslagfase (graad R, 1, 2 en 3) om die oop-einde-vraelys sinvol in te vul.
- Slegs 33% onderwysers wat aan die vraelysondersoek deelgeneem het, onderrig in Engels waar die moedertaal nie dieselfde as die taal van onderrig en leer is nie (d.w.s. 'n multikulturele skool). 'n Totaal van 33% van onderwysers onderrig by 'n dubbelmediumskool en dieselfde aantal onderrig by 'n enkelmediumskool, waar die huistaal van die leerders en die taal van onderrig en leer ooreenstem. Daar is dus 'n gelyke verdeling (33%) van deelnemers uit die skole wat taal- en kultuurdiversiteit verteenwoordig.

4.3.2 Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)

Die volgende vraag het oor die JNA gehandel.

Vraag 4: Hoe voel u oor die JNA en ander verpligte assessering, soos deur nasionale en provinsiale owerhede voorgeskryf?

Tabel 4-2: Refleksie oor verpligte assessering

Data-inligting	n	%
Ten gunste van die JNA om standaard van onderrig en leer te verseker	2	16
Geen waarde vir die skool nie, omdat die standaard van JNA té laag is en stem nie met die tydraamwerk van die kurrikulum ooreen nie	10	83

Soos dit blyk uit tabel 4-2, beskou die meerderheid (83%) Grondslagfase onderwysers wat aan die vraelysondersoek deelgeneem het, die JNA se uitslae van geen waarde in hulle onderskeie skole nie. Die standaard van die JNA is té laag en stem nie ooreen met die tydsraamwerk van die

kurrikulum nie.

4.3.3 Die waarde van JNA-uitslae

Vraag 5: Watter waarde het die uitslae van bogenoemde assessering in terme van u skool?

Tabel 4-3: Respons op vraag oor JNA

Data-inligting	n	%
JNA is van waarde	5	41
JNA is van geen waarde nie	7	58

Die meeste onderwysers n=7 (58%) het aangedui dat die uitslae van die JNA geen waarde vir hulle skole het nie.

4.3.4 Huidige onderwysbedeling

Die volgende vraag (vraag 6) het gehandel oor hoe die Grondslagfase onderwysers wat aan die vraelysondersoek deelgeneem het, die huidige onderwysbedeling ervaar.

Vraag 6: Hoe ervaar u die huidige onderwysbedeling?

Tabel 4-4: Ervaring van die huidige onderwysbedeling

Data-inligting	n	%
Ervaar die huidige onderwysbedeling positief	2	16
Ervaar die huidige onderwysbedeling negatief	10	83

Volgens tabel 4-4 het die Grondslagfase onderwysers (83%) aangetoon dat hulle die huidige onderwysbedeling as negatief ervaar, wat hul sosiaal-emosionele welstand nadelig beïnvloed.

4.3.5 Oorsaak van werkverwante spanning

Die volgende vraag is gevra sodat die oorsaak van werkverwante spanning duidelik kon word.

Vraag 7: Wat veroorsaak werkverwante spanning by u as Grondslagfase onderwyser?

Tabel 4-5: Oorsake van werkverwante spanning

Data-insameling	n	%
Té veel papierwerk, werkslading en administrasie	8	66
Onbevoegde departementele amptenare	6	50
Oorvol klasse	3	25
Dissiplineprobleme	4	33
Inklusiwiteit, tydrowend	4	33
Onbetrokke ouers	4	33
Té veel buitemuurse aktiwiteite	2	16
Swak salarisse	2	16
Nie-huistaalleerders	1	8

Uit tabel 4-5 is dit duidelik dat die volgende werkverwante faktore die grootste invloed op die onderwysers se sosiaal-emosionele welstand het:

- Die volgende veroorsaak spanning by die Grondslagfase onderwysers: té groot werkslading; papier en administrasie werk (66%); onbevoegde departementele amptenare (50%); swak leerder- en ouerdissipline (33%); inklusiwiteit wat negatief op Grondslagfase onderwysers inwerk (33%) omdat hulle nie weet hoe om met die leerders met spesiale onderwysbehoefte te hanteer nie; onbetrokke ouers (33%); oorvol klasse (25%); te veel buitemuurse aktiwiteite (16%); swak salarisse (16%); en nie-huistaalleerders (8%).

4.3.6 Verbetering ten opsigte van werkverwante spanning

Die volgende vraag ondersoek moontlike oplossings ter verbetering van werkverwante spanning.

Vraag 8: Wat sou u graag wou verander om werkverwante spanning te verbeter?

Tabel 4-6: Verbetering ten opsigte van werkverwante spanning

Data-insameling	n	%
Minder werkslading	8	66
Minder leerders in klasse	4	33
Beter vakkundigheid by departementele beamptes	4	33
Onderwysershulp in klasse	3	25

Beter ouerbetrokkenheid	2	16
Hoër salarisse	2	16
Meer regte vir onderwysers	1	8
Minder buitemuurse aktiwiteite	1	8
Opgeleide onderwysers vir leerders met spesiale onderwysbehoefes	1	8

- By verre die meerderheid (66%) Grondslagfase onderwysers het aangedui dat die vermindering van werkslading, papierwerk en administrasie hulle werkverwante spanning sou verlig.
- Die Grondslagfase onderwysers (33%) het te kenne gegee dat minder leerders in klasse en meer ingeligte departementele beamptes tot die verbetering van werkverwante spanning kan bydra.
- Hulp met daaglikse administratiewe verpligtinge, by wyse van student- of klasassistente, sal deur 25% van die deelnemers verwelkom word.
- Meer ouerbetrokkenheid (16%), beter salarisse (16%) en die vermindering van buitemuurse aktiwiteite (8%) word aanbeveel.
- Leerders met spesiale onderwysbehoefes (LSOB) moet deur opgeleide kundige onderwysers hanteer word omdat inklusiewe onderrig onuitvoerbaar in praktyk is. Onderwysers met oorvol klasse kan nie individuele hulp aan leerders wat spesiale aandag vereis, verleen nie. Sulke leerders beweeg gevolglik van een graad tot die volgende en kan steeds nie lees, skryf of wiskundebewerkings uitvoer nie.

4.3.7 Werksbevrediging

Die volgende vraag het gehandel oor werksbevrediging in die Grondslagfase.

Vraag 9: Is u van mening dat Grondslagfase onderwysers steeds werksbevrediging ervaar?

Tabel 4-7: Werksbevrediging

Data-insameling	n	%
Ja	8	66
Nee	3	25
Soms	1	8

- Dit is duidelik uit tabel 4-7 dat 66% van die deelnemers steeds werksbevrediging ervaar, 25% ervaar geen werksbevrediging nie en net 8% ervaar soms werksbevrediging. Hoewel daar faktore is wat werksbevrediging negatief beïnvloed, ervaar twee derdes van die deelnemers tóg werksbevrediging.

4.3.8 Fisiese gesondheid en energievlakke

Vraag 10: Voldoen u fisiese gesondheid en energievlakke aan die eise van Grondslagfase onderwys?

Tabel 4-8: Fisiese gesondheid en energievlakke

Data-insameling	n	%
Ja	10	83
Nee	2	16

- Die fisiese gesondheid en energievlakke van die respondente vertoon goed (83%).
- Sommige (16%) van die deelnemers meen hulle fisiese gesondheid en energievlakke is nie goed nie. Spierspasma en migraine kom algemeen by hierdie respondente voor. Hulle energievlakke is laag en hulle voel algeheel uitgeput.

4.3.9 Eise van die huidige onderwysprofessie

Vraag 11: Voel u opgewasse vir die eise van die huidige onderwysprofessie?

Tabel 4-9: Eise van die huidige onderwysprofessie

Data-insameling	n	%
Ja	9	75
Nee	2	16
Soms	1	8

- Volgens tabel 4-9 voel 75% van die deelnemers opgewasse vir die eise van die huidige onderwysprofessie, terwyl 16% van die deelnemers voel nie opgewasse daarvoor nie.
- 'n Minderheid van 8% voel soms opgewasse vir die eise van hierdie huidige professie.
- Die Grondslagfase onderwysers wat soms nie opgewasse voel vir die eise van die huidige onderwysprofessie nie, het die begeerte aan meer inligtingskursusse beklemtoon sodat hulle beter voorbereid kan wees vir veranderinge in die kurrikulum, assessering,

leerderdissipline en ouerbetrokkenheid.

- Deelnemers wat net soms opgewasse voel vir die eise van die huidige onderwysprofessie voel nie toegerus en opgewasse om leerders met spesiale onderwysbehoefte (LSOB) en getraumatiseerde leerders te onderrig nie.

4.3.10 Spanning by die skool

Vraag 12: Ondervind u spanning by u skool? Ja/Nee

Tabel 4-10: Spanning by skool

Data-inligting	n	%
Ja	7	58
Nee	5	41

- Na aanleiding van tabel 4-10 ondervind 58% van die deelnemers spanning by hulle skole. Die redes wat hulle daarvoor aanvoer is onbetrokke ouers; 'n strawwe werkslading; die beperking van informele kommunikasie met die leerders; konflik tussen kollegas; 'n druk buitemuurse program; konstante veranderinge deur die onderwysdepartement; swak ouer- en leerderdissipline; en oorvol klaskamers.
- Die 41% van die deelnemers wat nie spanning by hulle skole beleef nie, het goeie ondersteuningsbasisse of -stelsels by hul skole; goeie verhoudings met kollegas en die beheerliggaam; en 'n vriendelike en spanningsvrye atmosfeer by hul skole.

4.3.11 Beroepsverandering

Vraag 13: Het u al oorweeg om die onderwys te verlaat? Ja/Nee/Soms

Tabel 4-11: Beroepsverandering

Data-inligting	n	%
Ja	2	16
Nee	8	66
Soms	2	16

- Volgens tabel 4-11 het die oorgrote meerderheid deelnemers (66%) dit nog nie oorweeg om die onderwysprofessie te verlaat nie. Onderwys is hul passie en roeping; hulle geniet dit om leerders in die Grondslagfase te onderrig en om 'n positiewe rolmodel vir leerders te

wees. 'n Aantal (16%) deelnemers oorweeg dit soms om die onderwysprofessie te verlaat vir beter salarisse en werksomstandighede.

- Sestien persent (16%) van die deelnemers wat dit al oorweeg om die onderwys te verlaat noem beter salarisse en werksomstandighede sowel as die groot hoeveelheid buitemuurse aktiwiteite wat te veeleisend is, as redes daarvoor.

4.3.12 Wysiging van die nasionale kurrikulum en assessering

Vraag 14: Beskryf u ervaring van die voortdurende wysiging van die nasionale kurrikulum en assessering.

- Deelnemer 1: “Ek voel dit as 'n hindernis en 'n mens het net alles reg, dan verander als.”
- Deelnemer 2: “Kurrikulumveranderinge het 'n direkte effek op die gesondheid en emosionele welstand van die onderwyser. Dit het 'n negatiewe impak op die onderwyser wat telkens werk moet hersien en aanpas volgens 'n nuwe beleid. Dit dra ook by tot werkverwante spanning.”
- Deelnemer 3: “Kurrikulumverandering het 'n direkte effek op ons as onderwysers. Dit dra by tot spanning a.g.v. reeds oorlaaide werklading. Baie druk word op onderwysers geplaas in terme van wat van hul verlang word op administratiewe vlak. Die verwagtinge oorskry dikwels die tyd en hulpbronne tot ons beskikking. Voortdurende verandering het 'n negatiewe impak op onderwysers wat telkens werk moet hersien en verander volgens 'n nuwe beleid. Daar ontstaan ook dikwels onsekerheid rakende hoe korrekte interpretering van die kurrikulum en of die werk op standaard is. Ten spyte van die verandering en uitdagings, het dit 'n positiewe groeiproses by beide onderwyser en leerder tot gevolg.”
- Deelnemer 4: “Dis nie soseer die verandering wat ons negatief maak nie, maar die baie veranderinge kort na mekaar.”
- Deelnemer 5: “Voortdurende veranderinge het tot gevolg dat onderwysers baie onnodige administratiewe pligte het – opvoedingstyd gaan verlore en dit veroorsaak dikwels onnodige finansiële uitgawes vir die skool asook die onderwyser. Dikwels is die veranderings nie prakties uitvoerbaar nie.”
- Deelnemer 6: “Ja ek is ten gunste van verandering maar dan moet dit doeltreffend wees.”
- Deelnemer 7: “Dit is baie, baie onaangenaam. Onnodige veranderings vind plaas. Ek is ten gunste van verandering, maar dit moet doeltreffend wees.”
- Deelnemer 8: “Ek is ten gunste van verandering maar opleiding om verandering te implementeer is onvoldoende en ook sien ek geen verbetering aan die onderwysstelsel nie.”
- Deelnemer 9: “Net sodra 'n mens dink dat jy die kurrikulum bemeester het verander alles.

Dan begin mens van voor af.”

- Deelnemer 10: “Dit maak kontinuïteit baie moeilik. Mense wat in UGO opgelei word in 'n tyd wat CAPS implementeer was, maak aanstellings moeilik. Dit beïnvloed ook Matriekuitslae.”
- Deelnemer 11: “Dit is sleg en ontwrigtend. Maar as dit kan lei tot 'n beter toegeruste, gemoderniseerde en toepaslike sillabus, is dit nodig.”
- Deelnemer 12: “It is confusing at times and again it is a lot of admin work for the educators. They have to focus on imparting knowledge to the learners but if they are starting to grasp the one thing the dept introduces them suddenly there is change then they have to stop and start with the new work.”

Na aanleiding van die oop-einde-vraelyste, het die volgende na vore gekom:

- Onnodige wysiging van die kurrikulum en assessering vind plaas en ontwrig Grondslagfase onderwysers. Veranderings wat plaasvind moet doeltreffend wees en 'n verbetering aan die kurrikulum meebring.
- Sodra die kurrikulum bemeester is, word dit weer aangepas. Dit laat 'n gevoel van moedeloosheid ontstaan.
- Voortdurende verandering lei tot onnodige finansiële uitgawes en onnodige administratiewe pligte. Onderrigtyd gaan verlore weens voortdurende opleidingsessies tydens skoolure.
- Kurrikulumwysiging het 'n direkte effek op onderwysers se gesondheid en emosionele welstand. Dit dra by tot werkverwante spanning in die werksplek.
- Voortdurende wysiging van die nasionale kurrikulum en assessering verhoog spanning as gevolg van 'n reeds oorlaaide werkslading. Die verwagting oorskry die tyd en hulpbronne tot beskikking. Onsekerhede ontstaan rakende die korrekte interpretasie van aanpassings tot die nasionale kurrikulum en assessering.
- Onnodige veranderings bemoeilik kontinuïteit. Die matriekuitslae is 'n bewys daarvan.
- Wysiging moet deur sinvolle opleiding van departementele beamptes ondersteun word sodat dit korrek geïmplementeer kan word. Na al die hersiening is daar geen merkwaardige verbetering van die onderwysstelsel in die land nie.

4.3.13 Skole as veilige plekke

Vraag 15: Ervaar u die skool as 'n veilige werksplek? Motiveer u antwoord.

Tabel 4-12: Veilige werksplek

Data-insameling	n	%
Ja	11	91
Nee	1	8

- Deelnemer 1: “Ja ek ervaar dit as 'n veilige werksplek. Al die hekke is toe en die sekuriteit is goed by die skool.”
- Deelnemer 2: “Nee, want daar het onlangs 'n baie lae klas leerders ingekom wat swak dissipline, diefstal en bendes by ons skool ingebring het.”
- Deelnemer 3: “Ja ek is gelukkig om in 'n skool onderrig te gee, waar beide leerder en onderwyser se regte beskerm word. Die bestuurspan van 'n skool speel 'n belangrike rol in die skeep van 'n veilige omgewing.”
- Deelnemer 4: “Ja ek is gelukkig om in 'n skool onderrig te gee waar leerder en onderwyser beskerm word asook ons regte.”
- Deelnemer 5: “Ja. Die beheerliggaam en bestuur van die skool dra daartoe by.”
- Deelnemer 6: “Ja ek voel rustig en ontspanne in my klas en werk graag na-ure daar.”
- Deelnemer 7: “Ja, alhoewel veiligheid nêrens 'n waarborg is nie. Ons skool is in 'n rustige deel geleë, omhein en word gepoog om soveer moontlik veilige maatreëls te handhaaf.”
- Deelnemer 8: “Ja. Rustige omgewing en geen bendes ens. in skool nie. Skool sekuriteit is ook goed.”
- Deelnemer 9: “Ja skool is in 'n rustige omgewing.”
- Deelnemer 10: “Ja ek weet ek word beskerm en bestuur hanteer dinge altyd menslik en met deernis.”
- Deelnemer 11: “Ja ek voel veilig maar ek glo daar is hoërskole waar onderwysers onveilig voel.”
- Deelnemer 12: “Yes as a foundation phase educator, you spend most of the day with the learners in the class. So it is safe because I'll be looking after the children until after school.”

Die volgende data word uit tabel 4-12 verkry:

- Die meeste deelnemers ervaar hul skole as veilige werksplekke.
- Skole word omhein en die hekke van die skole word gesluit sodra die skooldag begin. Die skoolbestuur en beheerliggaam stel veiligheid as prioriteit, alhoewel veiligheid in die werksplek nie gewaarborg kan word nie.
- Die gevoel van onveiligheid van sommige deelnemers is die gevolg van swak leerderdissipline, diefstal en 'n groeiende aantal bendes.

4.3.14 Prioriteitslys van werkverwante faktore wat sosiaal-emosionele welstand belemmer

Vraag 16: Stel 'n prioriteitslys saam van al die werkverwante faktore wat sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers belemmer.

Tabel 4-13: Prioriteitslys van werkverwante faktore wat sosiaal-emosionele welstand belemmer

Data-insameling	n	%
Té hoë administratiewe las	9	75
Leerder- en ouerdissipline	7	58
Buitemuurse aktiwiteite	7	58
Oorvol klasse	6	50
Onvoldoende hulpbronne	5	41
Voortdurende wysiging van kurrikulum en assessering	4	33
Té strawwe werkslading	4	33
Onbetrokke ouers	3	25
Inklusiwiteit	1	8
Swak sosio-ekonomiese welstand en werklose ouers	1	8

Volgens die prioriteitslys oor werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers belemmer, speel die volgende werkverwante faktore 'n duidelike rol:

- Die meerderheid Grondslagfase onderwysers (75%) ondervind probleme die hoë administratiewe las en 58% van die deelnemers se sosiaal-emosionele welstand word deur buitemuurse aktiwiteite belemmer.

- Leerder- en ouerdissipline is vir 58% van die deelnemers 'n probleem.
- Oorvol klasse is een van die faktore wat suksesvolle onderrig en leer bemoeilik en dus die sosiaal-emosionele welstand van die deelnemers belemmer.
- Voortdurende wysiging van die kurrikulum en assessering, asook die hoë werkslading oorweldig 33% van die deelnemers.
- Ouerbetrokkenheid blyk steeds 'n probleem te wees vir 25% van die deelnemers.
- Inklusiewe onderrig, swak sosio-ekonomiese welstand en werklose ouers belemmer 8% van die deelnemers se sosiaal-emosionele welstand.

4.3.15 Beroepsgeluk

Vraag 17: Is u gelukkig met u beroep as onderwyser?

Tabel 4-14: Beroepsgeluk

Data-inligting	n	%
Ja	12	100
Nee	0	0

Volgens tabel 4-14 is al die Grondslagfase onderwysers wat aan die oop-einde-vraelyste deelgeneem het gelukkig met hul beroep as onderwyser.

Vraag 18: Is daar enige iets oor die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers wat u sou wou byvoeg?

- Deelnemer 1: "Nee daar is nie iets wat ek wil byvoeg nie."
- Deelnemer 2: "Beter salarisse vir Grondslagfase personeel, meer departementele poste vir die fase asook hulp in die klas (soos onderwysstudente) en minder leerders in 'n klas."
- Deelnemer 3: "Volgehoue veranderinge en voortdurende "oor doen" met elke nuwe beleid en verklaring, het 'n negatiewe impak op onderwysers en hul verhoudings en op hul sosiale lewe buite werkverband. Daar is nie begrip vanaf ouers, departement of familie nie. Wanneer moet die onderwyser die verandering aanbring? Geen tyd vir self, familie of gesin nie."
- Deelnemer 4: "Geen."
- Deelnemer 5: "Onbekwame persone word aangestel in leiersposisies in onderwysdepartemente."

- Deelnemer 6: “Nee.”
- Deelnemer 7: “Meer tyd kan tot beskikking gestel word om by beplanning en skolastiese aktiwiteite uit te kom. Minder buitemuurse aktiwiteite verwag word.”
- Deelnemer 8: “Dit verg baie fyn organisasie om alle betyds te doen en beplan.”
- Deelnemer 9: “Geen.”
- Deelnemer 10: “Nee.”
- Deelnemer 11: “Wanneer ’n mens emosioneel betrokke raak by ’n kind wat swaar kry tuis, raak dit moeilik om onpartydig en onbetrokke skool te hou. Mens kan nie help om emosioneel betrokke te raak by sulke kinders nie. Dit ontstel my ontsaglik baie al weet ek, ek mag dit nie laat gebeur nie.”
- Deelnemer 12: “The department of education must provide teaching and learning resources to the schools in time so that there will be effective running of the schools. The parents must be positively involved, help with the homework and also attend the meetings that the school planned.”

Die volgende data-inligting het by dié vraag na vore gekom:

Die Grondslagfase onderwysers wat aan die oop-einde-vraelyste deelgeneem het, het die volgende ter bevordering van sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers bygevoeg:

- Werkslading en werkverwante spanning het ’n nadelige uitwerking op gesonde gesin- en familiebande (deelnemer 3).
- Haalbare tydslyne van die departement van onderwys vir administratiewe take en sinvolle tydsbesteding gedurende skoolure is van belang sodat die nasionale kurrikulum en assessering optimaal uitgevoer kan word (deelnemers 7 en 8).
- Meer permanente departementele aanstellings in die Grondslagfase en spesifiek vir graad R-onderwys is van belang (deelnemer 2).
- Voldoende departementele hulpbronne word benodig sodat elke leerder daarby kan baat.
- Die departementele hulpbronne moet betyds by skole afgelewer word om die inbreuk op onderrigtyd te beperk (deelnemer 12).
- Departementele beamptes moet op grond van kriteria van bekwaamheid in leiersposisies by die onderwysdepartement aangestel word (deelnemer 5).

4.4 DOEL VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE INDIVIDUELE ONDERHOUDE: DEPARTEMENTSHOOFDE

Die doel van die semi-gestruktureerde individuele onderhoude was om die sosiaal-emosionele welstand van opgeleide praktiserende Grondslagfase departementshoofde (graad R tot 3) vas te stel. Gemeenskaplike temas is deur middel van data uit die semi-gestruktureerde individuele onderhoude geïdentifiseer. Verbintenisse en ooreenkomste is aangetoon en word vervolgens bespreek.

Alle deelnemers het vrywillig deelgeneem, geen deelnemer was verplig om 'n vraag te beantwoord nie en kon tydens die individuele onderhoude te eniger tyd onttrek sou hulle dit verkies. Die individuele onderhoude is op 'n neutrale plek gehou sodat geen deelnemer geïntimideer of ongemaklik kon voel nie. Altesaam drie Grondslagfase departementshoofde (n=3) het aan die semi-gestruktureerde individuele onderhoude deelgeneem. Die semi-gestruktureerde individuele onderhoudsvrae is as Bylaag C aangeheg.

Vraag 1: Hoe beleef u, as Grondslagfase onderwyser die onderwysklimaat in u skool?


Na aanleiding van die antwoorde, het die volgende temas na vore gekom:

- Deelnemer 1 van skool A: “Ons leerdergetalle groei elke jaar, dus het ons nie genoeg meubels in ons klasse nie. Die beweegruimte in die klas is baie beperk. Die departement verwag van ons om departementele werkboeke te gebruik. Ons het huidiglik drie-en-negentig leerders en net vyftig werkboeke ontvang. Dit is nie eers genoeg vir twee klasse nie. Ons ontvang ook nie genoeg skryfbehoeftes nie, die ouers word gevra om skryfbehoeftes te koop. Al die ouers kan dit nie bekostig nie. Die onderwysers moet dan die skryfbehoeftes uit hul eie sak aankoop vir die leerders. Die administrasie wat die departement van ons verwag word net meer. Ons word baie laat in kennis gestel van departementele kursusse wat in skooltyd plaasvind. Die departementshoofde en een ander personeellid van die Grondslagfase moet die kursusse bywoon, dus gaan onderrigtyd verlore of daar is toesig leerders van die betrokke personeel in ons klasse. Dit maak onderrig baie moeilik. Dikwels word ons uit ons klasse geroep na die hoof se kantoor as gevolg van ouers wat ons wil sien of dringend dokumentasie wat voltooi moet word.”
- Deelnemer 2 van skool B: “Die algemene omgewing is goed, maar die spanning kan vinnig oplaai aangesien die onderwysers moet werk teen 'n vinnige tempo. Daar is baie faktore wat spanning veroorsaak soos administrasie en dissipline.”
- Deelnemer 3 van skool C: “Die departement het vir ons vier nuwe klasse gebou. Die graad R klas is by die ander klasse gebou soos 'n gewone klas. Buite aktiwiteite word bemoelijk

deurdat die ander klasse in ag geneem moet word. Gedurende eksamen moet die graad R-leerders in die klasse bly. Die departement het nie die beloofde speelterrein vir die graad R-leerders ontwikkel nie. Geen aparte speelterrein vir die graad R-leerders nie. Ons skool moes self raap en skraap om 'n klimraam op te rig. Die meubels wat van die departement af ontvang is, is van swak standaard. Die plastiese stoele bars in die middel en knyp die leerders as hulle daarop sit. Daar is ook 'n paar stoele sonder rugleunings. Die ouers stel voor dit moet herstel word maar geen ouer is bereid om dit te doen nie.”

Na aanleiding van die antwoorde is die volgende temas saamgestel (sien figuur 4-1):

- Die Departement van Onderwys stel nie genoeg departementele werkboeke vir die aantal leerders beskikbaar nie. Departementele kursusse in skooltyd maak inbreuk op onderrigtyd. Departementele beloftes word nie betreffende die hoeveelheid leerders per klas en meublement nagekom nie.
- Departementele administrasie vermeerder voortdurend en moet onmiddellik afgehandel word ten koste van onderrigtyd en werkverwante spanning vererger.
- Ouers is nie bereid om betrokke te raak by die skool indien daar iets van hulle verwag word nie.
- Die leerdergetalle styg, maar die departement voorsien nie voldoende hulpbronne nie.



Figuur 4-1: Temas soos verkry uit die data-analise (vraag 1)

Vraag 2: Is u gespanne?

- Deelnemer 1 van skool A: “Ja.”
- Deelnemer 2 van skool B: “Ja.” Deelnemer 3 van skool C: “Ja.”

Al drie die Grondslagfase departementshoofde (n=3) het geantwoord dat hulle gespanne is.

Vraag 3: Is die spanning werkverwant?

- Deelnemer 1 van skool A: “Ja dit is werkverwant.”
- Deelnemer 2 van skool B: “Ja die spanning is hoofsaaklik as gevolg van die departement se administratiewe eise wat dadelik gedoen moet word. Verder is daar ook die eise wat die groot klasse aan die onderwyser stel.”
- Deelnemer 3 van skool C: “Ja.”

Al drie die Grondslagfase departementshoofde het aangedui dat die spanning wat hulle beleef werkverwant is.

Vraag 4: Indien ja, verduidelik watter faktore in u werksplek dra by tot hierdie spanning wat u beleef.

- Deelnemer 1 van skool A: “Nuwe onervare personeel wat baie hulp en ondersteuning nodig het. Personeel wat hul eerste jaar skool hou erken dat dit wat hulle gestudeer het en die praktyk hemelsbreed verskil. Ons leerders se huistaal/moedertaal is Sepedi, maar hulle verkies om in Engels skool te gaan. Hulle spandeer slegs ses ure per dag by die skool waar hulle Engels hoor en die res van die dag by hul ouerhuise net Sepedi. Ons kry min samewerking van die ouers af ten opsigte van die taalprobleem. Ons vra dat die ouers tuis ook moet Engels praat met die leerders, maar dit gebeur nie. Baie jong leerders in 'n graad. Die ouers ken die wet en wil hê hul kinders moet op vyfjarige ouderdom graad 1 toe gaan indien hul voor einde Junie 6 jaar oud word. Daardie leerders is nie emosioneel gereed nie, hulle kan nie lank genoeg konsentreer nie en sukkel om by te hou. Daar is huidiglik vyf-, ses- en sewejariges in graad 1. Geen ondersteuning word van die ouers in terme van huiswerk ontvang nie. Van die leerders woon by hul grootouers wat nie eens kan lees of skryf nie. Leerders word by die skool met 'n taxi opgelaaie en word afgelaaie by sommige huise waar geen ouer toesig is nie. Gedragsprobleme ontstaan as gevolg van bogenoemde. Leerders met akademiese probleme moet intervensieklasse bywoon wat ekstra beplanning

en baie administrasie verg.”

- Deelnemer 2 van skool B: “Die eise van die departement wat tydrowend is en ekstra administrasie verg. Personeel wat gedra moet word omdat hulle nie hulle kant bring nie. Ouer- en leerderdisipline is swak. Die tyd wat buitemuurse aktiwiteite in beslag neem is net té veel.”
- Deelnemer 3 van skool C: “Leerders ondervind taalprobleme, want hulle word nie in hul huistaal onderrig nie. Die kurrikulum en assessering vir moedertaalleerders word gevolg, dus het ondervind die leerders taalprobleme. Indien die personeel na departementele kursusse toe is, word die leerders tussen die klasse verdeel en onderrig word baie moeilik. Disipline in die groot klasse is ’n probleem. Onderwyseresse kom dan nie deur die kurrikulum en assessering nie en spanning ontstaan.”

Die volgende faktore is na aanleiding van die antwoorde saamgestel:

- Grondslagfase onderwysers is nie voldoende bemagtig om in die praktyk te funksioneer nie.
- Hulle vereis voortdurend hulp om hul dagtaak te voltooi. Dit is tydrowend.
- Leerders wat nie in hulle moedertaal onderrig word nie, ervaar akademiese probleme ten opsigte van hul taalvaardigheid.
- Departementele kursusse tydens skoolure veroorsaak dat leerders by ander klasse ingedeel moet word – tot die ontwrigting van al die klasse.
- Onbetrokke ouers of afwesige ouers is ’n probleem ten opsigte van toesig by die huis wat tot gedragsprobleme en onvoltooide huiswerk lei.
- Ouer- en leerderdisipline is problematies.

Al die bogenoemde faktore en tydrowende buitemuurse aktiwiteite wek werkverwante spanning.

Vraag 5: Ervaar u enige werkverwante spanning as Grondslagfase departementshoof?

- Deelnemer 1 van skool A: “Ja, al die baie kursusse wat bygewoon moet word, die swak disipline in die skool, probleme met die ouers en personeel wat nie ten volle hulle samewerking gee nie veroorsaak werkverwante spanning vir my.”
- Deelnemer 2 van skool B: “Ja, daar is personeel wat gedurig gekontroleer moet word. Dit is tydrowend en plaas baie spanning op personeelverhoudinge. Die voortdurende bywoning van departementele kursusse, waar daar van die departementshoof verwag word om ten alle tye al die kursusse by te woon. Dit is tydrowend.”

- Deelnemer 3 van skool C: “Ja, dikwels word ek uit my klas geroep vir departementele vergaderings of kursusse. Die dissipline in die klas word erg ontwrig. Die opvoeding van die leerders word aan die onderwysers oorgelaat en die werkslading is net té veel en tydrowend.”

Die Grondslagfase departementshoofde is dit eens dat:

- die departementele kursusse in skoolure ontwrigtend is;
- swak dissipline van leerders en ouers problematies is; en
- personeel wat in die praktyk nie die mas op kom nie en voortdurend gekontroleer moet word, tydrowend is (deelnemer 2 het die spanning in personeelverhoudinge genoem).

Al drie die deelnemers ervaar werkverwante spanning in die Grondslagfase.

Vraag 6: Dink u die onderwysbedeling bied tans genoegsame sekuriteit vir onderwysers?

- Deelnemer 1 van skool A: “Nee, nie soos in die verlede nie. Personeel is nie altyd seker van poste nie en beheerliggaamposte betaal swak. By aftrede sukkel die personeel om hul pensioen uitbetaal te kry.”
- Deelnemer 2 van skool B: “Nee, daar is geen sekuriteit meer oor vir onderwysers nie omdat die onderwysers geensins beskerm word deur die departement van onderwys nie. Onderwysposte is nie meer gewaarborg na afhandeling van studies nie.”
- Deelnemer 3 van skool C: “Nee, daar is ’n onsekerheid oor die pensioen uitbetalings. Die onderwysers word op verskillende maniere afgekraak, aangeval en gedreig deur leerders, ouers en selfs die departement.”

Al drie die deelnemers dink nie die onderwysbedeling bied tans genoegsame sekuriteit vir onderwysers nie omdat:

- daar nie meer sekerheid oor onderwysposte is nie;
- onsekerheid oor die pensioenuitbetalings bestaan;
- daar geen vertrouwe in die departement van onderwys is nie en niemand onderwysers beskerm nie.

Vraag 7: Wat motiveer u as Grondslagfase departementshoof om u taak doelgerig uit te voer?

- Deelnemer 1 van skool A: “Ek het gekies om hierdie beroep te doen, en ek wil trots wees op dit wat ek doen.”
- Deelnemer 2 van skool B: “Werkstrots, om die beste van die saak te maak en selftrots en pligsbesef teenoor my beroep. Dit is mos my posbeskrywing.”
- Deelnemer 3 van skool C: “Gelukkig het ons onderwysers in die Grondslagfase wat elkeen hulle deel doen. Hulle motiveer my.”

Die bogenoemde data toon duidelik dat werkstrots en geroepenheid kenmerke van die drie Grondslagfase departementshoofde is.

Vraag 8: Aansporing- en beloningstelsels vestig positiewe gedrag. Watter soort motiveringstelsels gebruik u om Grondslagfase onderwysers te motiveer?

- Deelnemer 1 van skool A: “Ons word baie deur ons hoof bedank vir ons harde werk.”
- Deelnemer 2 van skool B: “Na boekkontrole gee ons erkenning vir harde werk en ook vir die puik gehalte van die werk. Dit spoor die Grondslagfase personeel aan om net hul beste te lewer. Ek, as departementshoof, is altyd beskikbaar vir die Grondslagfase personeel vir hulp en sorg dat hulle gereeld nuwe inligting ten opsigte van kursusse wat ek reël om die Grondslagfase personeel te bemagtig en te verryk.”
- Deelnemer 3 van skool C: “Ons het nie ’n beloningstelsel nie. Om te werk sonder dat iemand heeldag oor jou skouer loer is genoeg beloning. Om die vrymoedigheid te hê om hulp te vra indien nodig is ook ’n voorreg.”

Die bogenoemde data wys intrinsieke beloning uit as die belangrikste en ekstrinsieke beloning as van sekondêre belang.

Vraag 9: Wat is die houding van Grondslagfase onderwysers ten opsigte van die deurlopende professionele onderwyserontwikkelingsprogramme (DPOO)?

- Deelnemer 1 van skool A: “Ek dink dit is goed. Dit spoor personeel aan om meer betrokke te wees en op hoogte te bly van veranderinge.”
- Deelnemer 2 van skool B: “Dit is ’n positiewe program, aangesien dit jou uit jou gemaksone neem en ook weer bewus maak van die onderwysstelsels in terme van vernuwing en verryking.”

- Deelnemer 3 van skool C: “Grondslagfase onderwysers is positief oor die ontwikkelingsprogramme solank dit net relevant is en regtig iets is wat nuttig gebruik kan word en nie net in ’n lêer gesit en vergeet word nie.”

Al drie Grondslagfase departementshoofde was positief ingestel teenoor deurlopende onderwyser-ontwikkelingsprogramme (DPOO).

4.5 SAMEVATTING VAN BEVINDINGE UIT OOP-EINDE-VRAELYTE EN SEMI-GESTRUKTUREERDE INDIVIDUELE ONDERHOUDE

Die navorser wou die stand van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik bepaal. Die data uit die oop-einde-vraelyste en individuele onderhoude beklemtoon dat Grondslagfase onderwysers se daaglikse taak deur faktore wat werkverwante spanning by hierdie onderwysers veroorsaak bemoelik word en negatief op hulle sosiaal-emosionele welstand inwerk.

Werkverwante faktore wat ’n duidelike rol by Grondslagfase onderwysers speel is:



Figuur 4-2: Faktore wat werkverwante spanning by Grondslagfase onderwysers veroorsaak

Volgens Maslow se vlakke van behoeftes kan hoëorde-behoeftes eers aangepak word wanneer die primêre behoeftes soos die gevoel van veiligheid, sekuriteit en alledaagse behoeftes wat goeie menseverhoudinge (vriendskappe) insluit, klaar bevredig is (Donald *et al.*, 2006:103). Die vraelysondersoek en semi-gestruktureerde individuele onderhoude wys duidelik dat Grondslagfase onderwysers die gevoel van veiligheid en sekuriteit moet inboet weens eksterne faktore soos oorvol klasse, swak dissipline, onvoldoende finansiële vergoeding en kollegas sonder die nodige begrip oor onderrig in die Grondslagfase. Dié onderwysers se hantering van werkslading word

bemoelijk deur die verlies aan onderrigtyd wat departementele kursusse en werksinkels in skooltyd en JNA-vereistes teweegbring (veral omdat die laasgenoemde se doel bloot is om skole teen mekaar op te weeg en andersins van geen waarde vir leerders is nie). Grondslagfase onderwysers sukkel om deur hulle dagtaak te kom as gevolg van die verlies aan onderrigtyd en 'n bouse kringloop van werkverwante spanning ontstaan wat negatief op die sosiaal-emosionele welstand van onderwysers inwerk. Phooko (2008:57) vind dat onderwysers se onvermoë tot behoorlike onderrig dikwels tot skuldgevoelens lei. Hierdie skuldgevoelens lei tot 'n lae eiewaarde wat onderwysers moedeloos laat. 'n Grondslagfase onderwyser met 'n lae eiewaarde kan nie kreatief en innoverend wees in sy/haar daaglikse lesbeplanning en aanbieding nie. Steyn en Van Niekerk (2008:137) beklemtoon dat sou eiewaardebehoefte bevredig word, verbeter die individuele selfvertroue en menswaardigheid.

Programme wat werkverwante spanning en angs suksesvol in die individu verminder, dra volgens De Villiers (2009:25) by tot die bevordering van gesonde sosiaal-emosionele welstand wat bydra tot selfverwesening. Die individu wie se selfverweseningbehoefte vervul is, kan tot sy/haar volle potensiaal ontluik. Volgens Champoux (2006:155) korreleer selfwaarde en selfaktualisering met Alderfer se teorie van bestaan-verband-groei (ERG-teorie). Die bestaansbehoefte word met fisiese en materiële behoeftes, soos 'n goeie onderwyssalaris, vervul. Die verbandbehoefte lei skade weens swak dissipline, oorvol klasse en onsimpatieke kollegas, leerders en ouers. Groeibehoefte kan deur gesonde selfwaarde en selfaktualisering verweseninglik word.

Volgens die ekosistemiese model van Bronfenbrenner (Woolfolk, 2007:73) bestaan die individuele lewe uit sisteme. Die eerste sisteem wat 'n groot invloed op die leerder se lewe uitoefen, is die mikrosisteem wat uit die ouer, kind en huis bestaan. Probleme in dié sisteem met enkelouer-gesinne, onbetrokke ouers en swak dissipline affekteer uiteindelik die ander sisteme wat dan negatief op Grondslagfase onderwysers se dagtaak inwerk. Die mesosisteem verteenwoordig die leerder se dagsorg, skool en omgewingsfaktore. Die onbetrokke ouer is 'n eksterne negatiewe invloed wat die dissipline van die leerder by die skool beïnvloed. Swak leerderdissipline en -gedrag veroorsaak werkverwante spanning by Grondslagfase onderwysers. Woolfolk (2007:73) verduidelik dat die kognitiewe ontwikkeling en interpersoonlike verhoudings van die leerder in die mikrosisteem plaasvind. Dissiplinêre probleme, oorvol klasse en nie alle leerders wat in hul moedertaal onderrig word nie verhoed dat leerders op 'n kognitiewe vlak sy/haar volle potensiaal ontwikkel. Al die voorgenoemde faktore skep 'n slegte leerklimaat en werkverwante spanning. Soos dit blyk uit die vraelysondersoek en die individuele onderhoude met die Grondslagfase departementshoofde, laat die inklusiwiteitsbeleid die leerder in die steek omdat die Grondslagfase onderwysers onkundig is oor die onderrig en behandeling van LSOB in oorvol klasse. Die swak lees- en skryfvaardighede van leerders veroorsaak werkverwante spanning en 'n gevoel van moedeloosheid by die Grondslagfase onderwysers omdat hulle nie die leerders in graad 1 tot 3 na

graad 1 suksesvol daarmee kan ondersteun nie weens die eise verbonde aan die kurrikulum en verlies aan onderrigtyd vanweë werksinkels of kursusse van die Departement van Onderwys.

4.6 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk beskryf die navorsingsmetode en -proses van data-analise; identifiseer kerntemas; toon die verbintenisse en ooreenkomste; en vergelyk die data met die literatuur. Volgens die kwalitatiewe data – oop-einde-vraelyste aan Grondslagfase onderwysers en semi-gestruktureerde individuele onderhoude met Grondslagfase departementshoofde (n=3) – is die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik nie positief nie. Dit is duidelik die nadraai van verswakte dissipline by leerders, ouers en skole; onbetrokke ouers; oorvol klasse; oormatige buitemuurse aktiwiteite, papierwerk en administratiewe pligte; nie-huistaal leerders; inklusiwiteit; leerders met 'n lees- en skryfagterstand; hoë werkslading; die verlies aan onderrigtyd wat onnodig in beslag geneem word deur departementele werksinkels of kursusse in skooltyd; en die jaarlikse nasionale assessering (JNA) wat van geen waarde in die betrokke skole is nie. Hoofstuk 5 verskaf 'n samevatting van die resultate van die ondersoek en aanbevelings word gemaak.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Die navorser gebruik in hierdie studie Mouton se drie-wêreld-raamwerk (§ 3.5) om 'n probleem in Wêreld 1 te bepaal, naamlik die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers, asook watter werkverwante faktore die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik beïnvloed.

Hierdie hoofstuk voorsien 'n opsomming van die navorsing en maak aanbevelings met betrekking tot die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers en werkverwante faktore wat hul sosiaal-emosionele welstand beïnvloed. Daar word bepaal of die navorsingsdoelstellings bereik is. Die navorser het eerstens die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers ondersoek en tweedens die werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers beïnvloed (§ 1.3).

Gevolgtrekkings uit die literatuurstudie en die empiriese navorsing word in hierdie hoofstuk weergegee. Die navorsing fokus vanuit die interpretivistiese paradigma (Wêreld 3, § 3.5) en maak van Maslow se hiërargie van menslike behoeftes gebruik om 'n duidelike beeld van die interaksie tussen interne menslike behoeftes en eksterne faktore, asook die wyse waarop dit die individu beïnvloed, te verkry. Beperkings word uitgelig en ten slotte word aanbevelings gemaak.

5.2 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUKKE

Paragraaf 1.4 in hoofstuk 1 stel die navorsingsdoelstellings. Die doel van die navorsing was om:

- die aard van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers te ondersoek; en
- die werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik beïnvloed, te bepaal.

'n Literatuurstudie is uitgevoer en kwalitatiewe data is ingesamel en geanaliseer om die bogenoemde navorsingsdoelstellings te bereik. Navorsers se bevindinge oor die sosiaal-emosionele welstand van onderwysers is vanuit die literatuur beskou. Phooko (2008:59) beweer dat gehalte-onderwys deur die welstand van onderwysers beïnvloed word. Volgens Burger (2009) word Suid-Afrikaanse onderwysers toenemend met voortdurende veranderende vereistes gekonfronteer. Hierdie voortdurende veranderings veroorsaak dat onderwysers aan buitengewone hoë stresvlakke blootgestel word. Woolfolk (2007:3) bevestig dat die onderwyser 'n belangrike rol

by die opvoeding en sosiaal-emosionele welstand van leerders speel (§ 2.6.1). Die onderwyser dien as rolmodel en word gesteun deur 'n goed gebalanseerde sosiaal-emosionele welstandsvlak. Hy/sy moet 'n omgewing skep waar leerders hulle volle potensiaal kan bereik en effektief kan leer.

Die literatuurstudie in hoofstuk 2 oor die sosiaal-emosionele welstand van onderwysers bespreek verskillende teorieë aangaande menslike behoeftes en menslike ontwikkeling: gedragsgebaseerde teorie, Maslow se behoeftegebaseerde teorie, Alderfer se teorie van bestaan-verband-groei (ERG-teorie), Herzberg se twee-faktor-teorie en Bronfenbrenner se bio-ekologiese ontwikkelingsteorie. Verskillende lande (Finland, die VSA en Suid-Afrika) se onderwysopleiding word uiteengesit.

Hoofstuk 3 beskryf die navorsingsontwerp en -paradigma, asook die keuse van metodes om empiriese data in te samel ten einde die doel van die studie te bereik. Data is ingesamel deur middel van oop-einde-vraelyste aan Grondslagfase onderwysers (graad R- tot 3-onderwysers) (n=12). Semi-gestruktureerde individuele onderhoude met drie (n=3) Grondslagfase departementshoofde het hulle perspektief in verband met die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers bepaal, asook watter werkverwante faktore aanleiding gee tot die aard van Grondslagfase onderwysers se sosiaal-emosionele welstand. Data kon dus getrianguleer word.

Die data uit die voltooide oop-einde-vraelyste van die Grondslagfase onderwysers en die semi-gestruktureerde individuele onderhoude met Grondslagfase departementshoofde word in hoofstuk 4 aangebied en bespreek. Die Grondslagfase departementshoofde en Grondslagfase onderwysers het 'n ongesonde stand van hulle sosiaal-emosionele welstand aangedui. Die onderskeie werkverwante faktore wat hulle sosiaal-emosionele welstand beïnvloed is duidelik. Hierdie bevindinge beaam die literatuurbevindinge (§ 2.4.2, 2.8 en 2.9) en word in § 5.3 en § 5.4 bespreek.

Ten laaste, in hierdie hoofstuk word die navorsing saamgevat en aanbevelings word gemaak.

5.3 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUUR

Volgens die interpretasie van Maslow se teorie van hiërargiese behoeftebevrediging is menslike behoeftes die dryfveer van gedrag en dien dit as stimuli om gedrag te rig (§ 2.3.2). Grondslagfase departementshoofde en onderwysers se ervaringe van hulle werksomgewing het 'n negatiewe invloed op hul sosiaal-emosionele welstand. Grondslagfase onderwysers is toenemend onvervul, hetsy op 'n fisiologiese, veiligheid-, aanvaarding-, selfagting- en selfaktualiseringsvlak. Volgens Alderfer se ERG-teorie moet die fisiese en materiële behoeftes van die individu aangepak word. Die individu se selfwaarde en selfaktualisering bepaal uiteindelik wie, wat en hoe die individu hom/haarself ervaar en uitleef (§ 2.3.3).

Bronfenbrenner se ekosistemiese teorie fokus op menslike ontwikkeling en om dié rede is dit waardevol om in gedagte te hou wanneer individue se optrede, reaksie, interpersoonlike verhoudings, waardes en norme in oënskou geneem word (§ 2.7.1).

Herzberg se twee-faktor-teorie verseker werksbevreëdiging (§ 2.3.4). Higiëne faktore wat na eksterne faktore soos salarisse, interpersoonlike behoeftes en die fisiese werksomgewing verwys, asook motiverende faktore wat interne behoeftes soos uitdagings, betekenisvolheid en kreatiwiteit aanroer, is nodig vir volhoubare werksbevreëdiging. Die waarde van eksterne en interne behoeftes kan nie onderskat word nie.

5.4 BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die literatuur en kwalitatiewe navorsing kan 'n antwoord op die eerste navorsingsdoelstelling voorsien. Die oop-einde-vraelyste met die Grondslagfase onderwysers (graad R tot 3) en die semi-gestruktureerde individuele onderhoude met die Grondslagfase departementshoofde weerspieël duidelik die ongesondheid van sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik. Die oorgrote meerderheid van die Grondslagfase onderwysers het te kenne gegee dat werkverwante spanning weens toenemende eise 'n negatiewe uitwerking op hulle, hul gesondheid en hul gesinslewe het. Tydens die semi-gestruktureerde individuele onderhoude met die Grondslagfase departementshoofde, het dié departementshoofde die ongunstigheid van die onderwysklimaat aangedui. Die temas vanuit die semi-gestruktureerde individuele onderhoude en voltooid oop-einde-vraelyste dui op die verlies aan genoegsame sekuriteit in die professie; die onkundigheid van departementele beamptes wat verhoed dat die kurrikulum sinvol ontsluit word; die leemtes in onderwysersopleiding ten opsigte van pedagogiese en didaktiese vaardighede; die toenemende en afwaartse kurwe van leerders se lees- en skryfvaardighede; en hoe inklusiewe onderrig Grondslagfase onderwysers in hoofstroomonderrig se dagtaak bemoeilik.

Volgens Bronfenbrenner beïnvloed die mikrosisteem (d.w.s. ouers, gesin en skool) die leerder se ontwikkeling. Die hedendaagse gesinstendense is enkelouers, albei ouers wat voldag werk of die primêre versorger van die leerder is nie sy/haar biologiese ouer nie en dit het 'n negatiewe invloed op sosiale interaksie. 'n Leerkultuur of werklike belangstelling in die vordering van leerders by ouers of versorgers is gevolglik besig om te verdwyn. Onbetrokke ouers en enkelouer-gesinne het 'n negatiewe uitwerking op Grondslagfase onderwysers en leerders. Vanuit die literatuur en die kwalitatiewe navorsing kon 'n antwoord op die tweede navorsingsdoelstelling verkry word deur die werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers beïnvloed, te ondersoek. Volgens die oop-einde-vraelyste van die Grondslagfase onderwysers en die semi-gestruktureerde individuele onderhoude met die Grondslagfase departementshoofde, het die volgende faktore duidelik na vore gekom, wat negatief op die sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwysers inwerk en vorm dus die temas uit die empiriese ondersoek (figuur

5-1).



Figuur 5-1: Werkverwante faktore wat negatief op die sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwysers inwerk

5.5 BEPERKINGE VAN HIERDIE STUDIE

Die studie is beperk tot die navorsingsarea, naamlik die Modimolle-distrik. Diversiteit is egter in die empiriese ondersoek bewerkstellig deur middel van die keuse van skole. Hierdie skole verskil ten opsigte van sosio-ekonomiese status, taal en kultuur. Op dié wyse het die navorser die diverse samelewing van Suid-Afrikaanse kontekste verteenwoordig om die geldigheid en betroubaarheid van navorsingsresultate te waarborg ten spyte van die genoemde beperking.

5.6 GEVOLGTREKKINGS

5.6.1 Oop-einde-vraelyste aan Grondslagfase onderwysers

Die oop-einde-vraelyste aan die Grondslagfase onderwysers het getoon dat dié onderwysers van mening is dat hulle sosiaal-emosionele welstand nie gesond is nie. Hierdie Grondslagfase onderwysers het aangedui dat die jaarlikse nasionale assessering (JNA) oormatige aandag geniet en dat dit min of geen diagnostiese waarde het nie, aangesien die inhoud en kurrikulum nie op die spesifieke tydperk van die JNA noodwendig ooreenstem nie. Die JNA vergelyk skole en provinsies met mekaar, wat van geen waarde vir leerderprestasie is nie.

Die meerderheid Grondslagfase onderwysers ervaar spanning by hulle skole (§ 4.3.5). Die oorsake van hierdie werkverwante spanning is swak dissipline; onbetrokke ouers; oormatige werkslading en buitemuurse aktiwiteite; oorvol klasse; voortdurende kurrikulum- en assesseringswysigings; en inklusiewe onderrigbehoefte wat nie in die hoofstroom-onderrig aangeroei kan word nie (§ 4.3.10, 4.3.14 en fig. 4-1, 4-2 & 5-1).

5.6.2 Semi-gestruktureerde individuele onderhoude met Grondslagfase departementshoofde

Die semi-gestruktureerde individuele onderhoude met die Grondslagfase departementshoofde het aangetoon dat die meerderheid weer die onderwys as 'n beroep sou kies. Hierdie deelnemers is positief ingestel teenoor die deurlopende professionele onderwyserontwikkelingsprogramme (DPOO). Die meerderheid het aangedui dat hulle genoeg erkenning in skoolverband kry, maar dat die graad R-onderwysers nie werklik genoegsame erkenning ontvang nie. Graad R-leerders se speelterrein, klasse en dagprogram word nie werklik in ag geneem nie en die personeel van die skool beskou graad R-onderwysers as toesighouers terwyl graad R-leerders speel. Grondslagfase departementshoofde is dit eens dat die onderwyssklimaat tans nie gesond is nie. Onbetrokke ouers belemmer 'n leerkultuur by leerders en maak staat op vordering van een graad tot die volgende. 'n Opmerkbare faktor is die onkundigheid van departementele beamptes om die kurrikulum sinvol te ontsluit. Departementele werkswinkels tydens skooltyd is tydrowend en hoogs frustrerend.

Al die bogenoemde bevindinge word gerugsteun deur Maslow se hiërargie van menslike behoeftes (§ 2.3.2.1) en Bronfenbrenner se ekosistemiese teorie (§ 2.7.1). Die invloed van die huis, die omgewing en die samelewing is duidelik in die faktore wat Grondslagfase onderwysers aandui.

5.7 AANBEVELINGS

5.7.1 Aanbevelings aan ouers en onderwysers

Die navorser maak uit 'n interpretivistiese paradigma die volgende aanbevelings ten opsigte van die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers:

- 'n Doelbewuste bewustheid van 'n leerkultuur moet deur ouers en onderwysers geskep word;
- Ouers en onderwysers moet die erns van dissipline ondersteun en aanmoedig;
- Ouers moet bewus gemaak word van konsekwente dissipline en daarteen waak om opdragte te veel te herhaal; en
- Ouers moet aangemoedig word om betrokke te wees by die leerders se onderrig en leer.

5.7.2 Aanbevelings aan die onderwysdepartement

Die navorser wil uit 'n interpretivistiese oogpunt aanbeveel dat:

- moedertaalonderrig aan alle leerders in die Grondslagfase moontlik gemaak word;
- onderwysersopleiding heroorweeg word en onderwyskolleges heropen word om die pedagogiese en didaktiese inhoudes weer regmatige aandag te gee;
- onderwysstudente opgelei word om leerders met leergestremdhede te onderrig;
- minder klem geplaas word op die jaarlikse nasionale assessering (JNA) wat tans van geen diagnostiese waarde is nie;
- klasgroottes na 25 leerders per onderwyser verklein word;
- departementele poste aan alle graad R-onderwysers voorsien word en hulle dienooreenkomstig besoldig word;
- departementele beamptes bemagtig word sodat hulle die kurrikulum kan ontsluit en 'n beter bydrae tot die implementering van die kurrikulum kan lewer;
- skole met klasse vir LSOB voorsien word en dat gespesialiseerde onderwysers in die klasse aangestel word;
- skole aangemoedig word om intervensieprogramme aan te bied om leerders se swak lees-, skryf- en wiskundevaardighede aan te roer en te verbeter; en
- afgetrede onderwysers naskoolse klasse by skole aanbied om die laasgenoemde leemte by leerders aan te roer en te verbeter.

5.8 BYDRAE VAN DIE STUDIE

Die fokus van die studie was die sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwysers in die Modimolle-distrik en werkverwante faktore wat die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers beïnvloed. Die bevindinge kan bydra tot die bevordering van sosiaal-emosionele welstand in sy geheel. Persoonlike en professionele ontwikkeling kan slegs plaasvind indien Grondslagfase onderwysers se lewenskwaliteit verbeter. Die studie en aanbevelings fokus daarop dat Grondslagfase onderwysers as uitnodigende onderwysers onderrig en leer in die Grondslagfase by alle skole in Suid-Afrika kan moontlik maak. Dit is slegs moontlik indien die vier faktore in die uitnodigende model, naamlik mense, plekke, beleid en program tot die sosiaal-emosionele welstand van die Grondslagfase onderwysers meewerk (§ 2.4.2).

5.9 SLOTWOORD

Hierdie hoofstuk verskaf 'n opsomming van die navorsing in hoofstukvolgorde en aanbevelings is gemaak na aanleiding van die bevindinge uit die literatuur en empiriese navorsing. Triangulasie is moontlik gemaak deur die literatuur sowel as die semi-gestruktureerde individuele onderhoude met Grondslagfase departementshoofde en oop-einde-vraelyste aan Grondslagfase onderwysers te vergelyk.

Grondslagfase onderwysers wat positiewe sosiaal-emosionele welstand beleef is onderwysers wat daarna streef om sekere doelwitte te bereik. Onderwysbestuurders moet deeglik bewus wees van die faktore wat sosiaal-emosionele welstand by Grondslagfase onderwysers beïnvloed. Dit sal hulle in staat stel om na personeel se sosiaal-emosionele welstand om te sien. Personeel sal ook daardeur bemoedig word om blywende gehalte-onderrig te lewer, wat aanleiding sal gee tot verhoogde effektiwiteit en entoesiasme oor die werksomgewing.

Onderwysbestuurders beseft dat dit tot 'n organisasie se voordeel strek as die personeel entoesiasies is oor hulle werk. Gemotiveerde Grondslagfase onderwysers is hoogs toegewyd, werk hard en is 'n bron van inspirasie vir die res van die personeel, leerders en ouers.

Ten slotte, indien die sosiaal-emosionele welstand van Grondslagfase onderwysers en die faktore wat suksesvolle onderrig en leer bevorder, aangepak word, sal die hele onderwysstelsel daarby baat. Dit is en bly 'n komplekse proses omdat die onderwysdepartement en ouers 'n groot aandeel het in die sosiaal-emosionele welstand van onderwysers en dus ook Grondslagfase onderwysers. Hierdie bevindinge is duidelik uit die literatuur en data wat uit die Modimolle-distrik gespruit het.

- Aelterman, A., Engels, N., Van Petergem, K. & Verhaeghe, J.P. 2007. Well-being of teachers. <http://www.researchgate.net/...Aelterman/.../546222480cf2837efdafee3b.pdf> Datum van gebruik: 21 Apr. 2015.
- Anon. 2012. How do you define wellness? <http://chrysalisgirlsandwomen.org/2012/12/how-do-you-define-wellness/wellness-continuum/> Datum van gebruik: 3 Jul. 2013.
- Arnolds, C.A. & Boshoff, C. 2002. Compensation, esteem valence and job performance: an empirical assessment of Alderfer's ERG theory. *International journal of human resource management*, 13:697-719. <http://.tandf.co.uk.journals>. Datum van gebruik: 14 Jul. 2014.
- Baranowski, T., Sallis, J.F. & Talor, W.C. 1995. Biological and socio-cultural deterrents of physical education teachers. http://www.researchgate.net/publication/5460924_Biological_and_socio Datum van gebruik: 23 Apr. 2015.
- Bothma, A.S. 2005. Job insecurity, psychological well-being and the relationship with future literacy. <http://hdl.handle.net/10394/2350>(<http://hdl.handle.net/10394/2350>) Datum van gebruik: 1 Feb. 2014.
- Bronfenbrenner, U. & Morris, P.A. 2009. The bioecological model of human development. <http://www.acrobat.com/exportpdf/en/convert.pdf-to-world.html?trackingid=KLLDZ> Datum van gebruik: 19 May 2014.
- Bruwer, D. 2011. Private school attendance grows 87%. <http://www.news24.com/SouthAfrica/news/private-school-attendance-grows-87-20130117> Datum van gebruik: 28 Jun. 2013.
- Burger, T. 2009. Emotional intelligence and well-being in teachers. Stellenbosch: University of Stellenbosch. (Thesis – M.Com.).
- Burke, R.J. & Greenglass, E. 2007. Workstress, social support, psychological burnout and emotional and physical well-being among teachers. <http://www.tandfonline.com/doi/ref/10.1080/13548509608400018#Vjq533R6M1> Datum van gebruik: 20 Febr. 2014
- Bybel. 1998. Die Bybel nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Carpenter, S. & Suto, M. 2008. Qualitative research for occupational and physical therapists: a

practical guide. Oxford: Blackwell Publishing.

Caulton, J.R. 2012. The development and use of the theory of ERG: a literature review. *Emerging Leadership Journeys*, 5:2-8. editoralj@regent.edu Datum van gebruik: 15 Jul. 2014

Champoux, J.E. 2006. Organizational behaviour: essential tenets for a new millennium. Cincinnati, Ohio: South-Western College Publishing.

Cheminais, S. 2009. Onderwys as emosionele arbeid: 'n verkennende studie. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling – MEd.).

Conradie, N. 2009. Die invloed van regstellende aksie op interpersoonlike verhoudings: persoonlike en professionele leierskapspektief. <http://hdl.handle.net/10210/698>(<http://hdl.handle.net/10210/698>) Datum van gebruik: 21 Okt. 2013.

Cox, P., Geisen, T. & Green, R. 2008. Qualitative research and social change. London: Palgrave MacMillan Publishing.

Creswell, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 3rd ed. Thousand Oaks: SAGE Publisher.

Cross, D.I. & Hong, J.Y. 2012. An ecological examination of teacher's emotions in the school context. *Teacher and teacher education*, 28. www.elsevier.com/locate/tate Datum van gebruik: 10 Jul. 2014.

Darwin, R.J. & Van Staden, C.J.S. 2005. The reception year: learning through play. Johannesburg: Heinemann Publishers.

Davidoff, S. & Lazarus, S. 2009. The learning school an organisational development approach. 2nd ed. Landsdowne: Juta.

Dehaloo, G. 2011. The motivation and job satisfaction of secondary school teachers in Kwazulu-Natal: an education management perspective. Pretoria: Unisa. (Thesis – PhD).

De Villiers, M. 2009. Die ontwikkeling en evaluering van 'n intervensieprogram om stresweerstandigheid te bevorder. Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif – PhD).

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Witt, M.W. 2009. The young child in context. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Departement van Onderwys. **kyk** South Africa. Department of Education.

- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2006. Educational psychology in social context. 3rd ed. Cape Town: Oxford University Press.
- Du Toit, C. 2006. Die identifisering van faktore wat die onderrig en leer van Afrikaans as tweede addisionele taal beïnvloed. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – MEd.).
- Durandt, P.G. 2001. Die invloed van enkele emosies op persoonlike welstand: 'n persoonlike en professionele leierskapspektief.
<http://hdl.handle.net/10210/4348>(<http://hdl.handle.net/10210/4348>Datum van gebruik: 10 Mei 2014.
- Ebrahim, H.B., Verbeek, C. & Mashiya, J.N. 2011. Enabling roles for teachers agency: insights from the advanced certificate for education (foundation phase). *Perspectives in education*, 29(4):58-65.
- Eloff, T. 2014. Werkswinkel vir skoolbestuurspanne. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Flick, U. 2006. An introduction to qualitative research. 3rd ed. London: SAGE Publishers
- Gambrell, L.B., Malloy, J.A. & Mazzone, S.A. 2007. Evidence-based best practices for comprehensive literacy instruction. (In Gambrell, L.B., Morrow, L.M. & Presley, M. eds. Best practices in literacy instruction. 3rd ed. New York: Guilford Press.)
- Geldenhuys, J.L. & Wevers, N.E.J. 2013. Ecological aspects influencing the implementation of inclusive education in mainstream primary schools in the Eastern Cape, South Africa. *South African Journal of Education*, 33(3):4 <http://www.sajournalofeducation.co.za> Datum van gebruik: 10 Jul. 2014.
- Glesne, C. 2011. Becoming qualitative researches: an introduction. 4th ed. Boston: Pearson Publishers.
- Grant, D. 2013. Background to the national quintile system. <http://wced.pgwc.gov/home/home.html> Datum van gebruik: 8 Apr. 2015.
- Hammersley, M. 2013. What is qualitative research? Great Britain: Bloomsbury Plc.
- HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2006. Johannesburg: Perskor-Boekdrukkery.
- HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2006. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.
- Heikkinen, A. 2010. Why are Finland's schools successful?
<http://www.smithsonianmag.com/innovation/why-are-finlands-schools-successful-49859555/>)

Datum van gebruik: 21 Mei 2014.

Herbert, D.G. & Karlsen, S. 2010. Intercultural education and education for global responsibility in teacher education. *The Finnish Journal of Music Education*, 13(1):10-13, Mei.

Howard, C.E. 2012. The influence of new school buildings upon the motivation, morale and job satisfaction of their teaching staff. United Kingdom: University of Birmingham (Thesis – PhD).

Hume, S.E. 2013. The American education system: international student guide to the United States of America. www.internationalstudentguidetotheusa.com/articles/american_education_system.html
Datum van gebruik: 8 Apr. 2015.

Jackson, A.Y. & Mazzei, L.A. 2012. Thinking with theory in qualitative research. London: Routledge Publishers.

Jacobs, L. 2008. Inklusiewe onderwys: 'n bestuursperspektief. (Verhandeling- MEd).

Jancova, J. 2009. Job satisfaction in teachers in Portugal and the Czech Republic. Portugal: Masaryk University. (Thesis – PhD).

Janse van Rensburg, J.M. 2015. Kwintielgradering [mondelinge mededeling]. 15 Aug. 2015, Potchefstroom.

Kakkos, N. & Trivellas, P. 2011. Investigating the link between motivation, work stress and job performance. Paper at 8th International Conference on Enterprise Systems, Accounting and Logistics (8th ICESAL'11). Thassos, Greece, 10-12 July. kakkos@teilar.gr Datum van gebruik: 19 Jul. 2014.

Kavanoz, S.H. 2006. An exploratory study of English language teacher's beliefs, assumptions and knowledge about learner-centeredness. *The Turkish Online Journal of Educational Technology*, 5(2):1-7.

Kumar, N.C. 2013. Fredrick Herzberg's Two Factor Theory of Motivation. <http://www.slideshow.net/charancherry313/frederick-herzberg-27789746> Datum van gebruik: 30 Nov. 2014.

Kvale, S. 2007. Doing interviews. London: SAGE Publications Ltd.

Leedy, D. & Ormrod, J.E. 2010. Practical research: planning and design. 9th ed. New Jersey: Pearson Publishers.

Liamputtong, P. 2010. Qualitative research methods. 3rd ed. Australia: Oxford University Press.

- Lin, X., Schwartz, D.L. & Hatano, G. 2005. Toward teacher's adaptive metacognition. *Educational Psychologist*, 40:245-255.
- Louw-Carstens, M.2014. Familie wil hof toe nadat seun in skooltoilet verdrink. *Beeld*: 4, 24 Jan.
- Marx, E., Wooley, S.F. & Northrop, D. 1998. Health is academic: a guide to coordinate school health programs. New York: Teachers College Press.
- Mathe, J.H., Pavie, X. & O'Keeffe, M. 2012. Valuing people to create value: an innovating approach to leveraging motivation at work. Singapore: World Scientific Publishing Co.Pty.Ltd.
